MyHeritage

Family Tree Builder

Weergawe 8.0



GEBRUIKERSGIDS

Belangrike kennisgewing

© 2010-2016 MyHeritage. Alle regte voorbehou.

Alle intellektuele kundigheidsregte in hierdie publikasie word besit deur MyHeritage en word beskerm deur die Verenigde State kopieregwetgewing, en ander relevante kopieregwetgewing en internasionale ooreenkomsbepalings. MyHeritage behou alle regte wat nie behoorlik goedgekeur is nie. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag hoegenaamd gereproduseer word in enige vorm om enige soortgelyke werkswyse te bewerkstellig sonder die vooraf goedkeuring van MyHeritage.

Geen aanbieding van waarborge in terme van kwaliteitsafwykings soos spesifiek vermeld in hierdie gids word deur Family Tree Builder of hul agent aanvaar nie.

MyHeritage behou die regte om enige wysigings aan hierdie publikasie en/of verbetering aan te bring of wysigings in die produk(te) en/of program(me) soos beskryf in hierdie dokument te implementeer, sonder enige vooraf kennisgewing.

Alle sagteware op verwyderbare media soos beskryf in hierdie publikasie is verskaf in terme van ‘n lisensie ooreenkoms ingesluit in die produk as ’n afsonderlike dokument. Indien jy nie ’n kopie daarvan kan bekom nie, kontak MyHeritage en 'n kopie sal aan jou verskaf word.

MyHeritage is ’n geregistreerde handelsmerk

Alle ander produkte en Maatskappy name vermeld hierin word beskou as die handelsmerke van hul onderskeie eienaars

Inhoudsopgawe

Belangrike kennisgewing 1

Aangaande die Gids 11

Terminologie 13

Kontak Ons 14

Inleiding 16

Inleiding tot Family Tree Builder 17

Wat is Genealogie? 19

Definisie van Genealogie 19

Die ontstaan van Genealogie 19

Verspreiding van jou Stamboom 21

Doen Jou Navorsing 23

Bepaling van jou doelwit 23

Familiegeskiedenis begin Tuis 23

Beste beginpunt: Jyself 23

Volgende stap: Jou eie Familie 24

Om Sukses te behaal 24

Dokumentasie en Foto's 24

Lees na oor Familiegeskiedenis: Sluit aan by 'n Organisasie 25

Kies die regte Gereedskap 25

Deel en geniet 26

Kits toer 28

Family Tree Builder Hoof Venster 29

Stamboom Paneel 31

Mense lys 33
Stamboom Venster 45
Persoonlike Kaart 47
Generasies Beheer 52
Foto's Venster 53
Smart Matches Venster 54
Diagramme Venster 55
Verslae Venster 56
Kaarte Venster 57
Kieslys balk 58
Lêer Kieslys 59
Wysig Kieslys 60
Bekyk Kieslys 61
Persoon Kieslys 64
Familie Kieslys 64
Diagramme Kieslys 65
Verslae kieslys 66
Gunstelinge kieslys 67
Navorsing kieslys 68
Sync (Sinchroniseer) kieslys 69
Familie webtuiste Kieslys 70
Gereedskap kieslys 71
Help kieslys 72
Gereedskap nutsbalk 73
Gebruik Family Tree Builder 77
Stap 1: Laai Family Tree Builder af 78
Stap 2: Loods Family Tree Builder 78
Stap 3: Registreer as Lid van MyHeritage 78

Stap 4: Skep Jou Eerste Projek 78
Stap 5: Beskryf Jou Eerste Familie 79
Stap 6: Wysig Mense in Jou Familie 79
Stap 8: Publiseer en Nooi Besoekers 80
Stap 9: Vind Ooreenstemmende Mense 81
Stap 10: Skep Diagramme en Verslae 81
Skep jou Eerste Projek 82
Identifiseer Jouself in die Stamboom 88
Voeg ‘n Familie by 92
Beskryf ‘n Persoon 95
Brei die Familie uit 117
Dubbel-klik ‘n Leë Familiekaart 118
Regs-klik ‘n Persoon se Kaart 119
Gebruik die Voeg Persoon By Knoppie 120
Beskryf Nuwe Kinders in die Stamboom 121
Voeg ‘n Bestaande Kind by ‘n Familie 123
Voeg ‘n Huweliksmaat by ‘n Persoon 123
Voeg ‘n Ander Huweliksmaat by ‘n Persoon 125
Wysig Inligting 126
Wysig ‘n Persoon 127
Persoon Kieslys Opsies 128
Wysig ‘n Familie 140
Familie Kieslys Opsies 146
GEDCOM en Family Tree Builder 147
Invoer van Datums 154
Datum Veld 155
Vermeldings 158
To-Doen Take 162

Bekyk Take vir ‘n Persoon 166

Premium Lidmaatskap 169

Oorsig 170

Samesmelting van Smart Matches 170

Alles-in-Een Diagramme 171

Volledige Kaart Ondersteuning 171

Tydlyn ..... **Error! Bookmark not defined.**

Tydboek ..... **Error! Bookmark not defined.**

Deursoek MyHeritage Bome 171

Verkry Premium Lidmaatskap 172

Hantering van Foto’s en Ander Media 176

Oorsig 177

Media Tipes 179

Foto’s in Stamboom Venster 180

Bekyk en Wysig Foto’s 182

Mense Fotolys 184

Foto’s Lys 186

Foto Vertoonopsies 187

Foto’s Venster 187

Foto’s Tipe Vertoon 187

Snelvind Opsies 193

Fotohantering Opsies 194

Gevorderde Foto Soektog ..... **Error! Bookmark not defined.**

Voeg nuwe Foto’s by 195

Invoer van Foto’s ..... **Error! Bookmark not defined.**

Wysig ’n Foto 200

Foto Inligting 202
Foto-albums 215
Beeldkyker Venster 219
Foto's Kieslys Nutsbalk 221
Foto's Kieslys 221
Albums Kieslys 222
Virtuele Begraafplaas ..... **Error! Bookmark not defined.**
Smart Matches 224
Oorsig 225
Matches in Stamboom Venster 226
Smart Matches Venster 228
Smart Matches en Sinchronisering 229
Oorsig Oortjie 230
Ooreenkomste Oortjie 234
Vergelyk Oortjie 243
Smart Match Saamsmelt Program 248
Kaarte 264
Oorsig 266
Bestuur Plekke 267
Verenig Plekname 273
Alternatiewe Plek Spelling Voorstelle 277
Gebruik van Kaarte 280
Filtreerarea 281
Navigator 284
Vertoonopsie Knoppies 284
Lys van Plekke Venster 286

Navorsing Gereedskap 293

SuperSearch 294

Oorsig 294

Navorsing Kieslys en Nutsbalk 294

Record Matches 298

Hersiening van 'n Persoon se Record Matches 298

Hersien Record Matches vir die Hele Stamboom 300

Data-inskrywings 303

Diagramme 306

Vertoon 'n Diagram 307

Konfigureer Diagram Voorkoms 315

Diagram Opsies 316

Waaier Diagram Opsies 331

Diagram Style 338

Druk 'n Diagram 340

Druk 'n Diagram na 'n Tuis Drukker 340

Druk 'n Diagram as 'n Plakkaat 341

Verslae 346

Produseer 'n Verslag 347

Boek Verslag 350

Familiegroep Blad 353

Familiegroep Blad Verslag Opsies 354

Verwantskappe Verslag 357

Verwantskappe Verslag Opsies 358

Voorouers Verslag 359

Voorouers Verslag Opsies 360

Afstammeling Verslag 363

Afstammeling Verslag Opsies 364
Tydlyn Verslag 371
Tydlyn Verslag Opsies 372
Afstammelinge Opsomming 375
Afstammelinge Opsomming Verslag Opsies 376
Adresse Verslag 378
Voer Doelgekose Verslag uit 379

Sinchroniseer Jou Stamboom 382

Sinchroniseer met jou Familie Webtuiste 383
Sinchronisering Oorsig 383
Jou Familie Webtuiste 384
Outomatiese Sinchronisering 385
Sinchroniseer ‘n Projek 386
Wysig ’n Stamboom Aanlyn 388
Sinchroniseer Instellings 389
Beskryf die Sinchroniseer Instellings van ‘n Projek 389
Gebruiker Toestemmings 400
Bestuur jou Familie Webtuistes 401
Gebruik die Webtuiste Kieslys 405
Stamboom Sinchroniseerder 408

Tale en Vertaling 411

Ondersteun Verskeie Tale 412
Vertoontaal 413
Datataal 413
Unicode 415
Die Virtuele Sleutelbord 415

Verander die Vertoontaal 416
Hoof en Tweede Datataal 418
Verander die Taal 420
Vertaling in Family Tree Builder 422
Vertaal Alle Projekdata 423
Vertaal die Huidige Venster se Data 425
Vertaal ‘n Spesifieke Dataveld 426

Gevorderde Gereedskap 427

Konfigurasie van Family Tree Builder 429
Konfigurasie Opsies 431
Bestuur Bronne en Bewaarplekke 435
Bestuur Bronne 435
Bestuur Bewaarplekke 439
Invoer/Uitvoer van Family Tree Builder Data 442
Rugsteun ‘n Projek 446
Herstel ‘n Projek 449
Herstel vanaf ‘n Projek Rugsteunlêer 450
Herstel vanaf ‘n Aanlyn Familie Webtuiste 454
Gaan na vir Afgestorwe Mense 457
Vind Duplikate in die Stamboom 458
Privaatheid Instellings 460
Voer ‘n Data Konsekwentheidstoets uit 465

Indeks 470

Aangaande die Gids

Hierdie gebruikersgids is bedoel vir eerste gebruikers sowel as ervare gebruikers van MyHeritage Family Tree Builder. Dit sal jou vertroud maak met die werkswyse, die werkwyse en vloei beskryf en dien as verwysing vir al die opsies wat voorkom in die Kaarte, Kieslys en Gereedskap nutsbalke.

Die gids bevat die volgende hoofstukke:

- **Hoofstuk 1, Inleiding**, stel die eienskappe en voordele wat die gebruik van Family Tree Builder vir jou inhou om jou stamboom op te bou, beskikbaar. Dit beskryf genealogie in die algemeen en verskaf riglyne vir die uitvoering van jou navorsing.
- **Hoofstuk 2, Kits Toer,** verskaf 'n kits toer deur die verskeie opsies vervat in die Family Tree Builder werkswyse.
- **Hoofstuk 3, Om te begin,** stel 'n werkswyse voor van hoe die Family Tree Builder begin moet word en beskryf hoe familie lede bygevoeg kan word.
- **Hoofstuk 4, Premium Lidmaatskap,** stel Family Tree Builder se Premium Lidmaatskap funksies bekend en beskryf hul voordele en hoe om lidmaatskap te verkry.
- **Hoofstuk 5, Hantering van foto's en ander media,** beskryf hoe om foto's by te voeg, te bekyk, dit om te swaai en die outomatiese merk van gesigte in foto's en die gebruik van dokumente sowel as video/audio lêers om jou stamboom te verryk.
- **Hoofstuk 6, Smart Matches,** beskryf die opsie om uit te vind of enige van die persone wat in jou stamboom beskryf is, ook voorkom in ander familie stambome soos gepubliseer deur ander persone wêreldwyd, wat ook gebruik maak van Family Tree Builder.
- **Hoofstuk 7, Kaarte,** beskryf hoe om plek-verwante inligting vir jou projek te bestuur, sowel as hoe om hierdie inligting op 'n interaktiewe kaart te sien.

- **Hoofstuk 8, Navorsing Gereedskap,** beskryf hoe om genealogie inligting vir mense in jou stamboom te soek en by te voeg, op grond van inligting gevind in MyHeritage se kragtige SuperSearch soekenjin.
- **Hoofstuk 9, Diagramme,** beskryf die verskillende tipe diagramme wat deur Family Tree Builder beskikbaar gestel word en hoe om dit op te stel en te formaliseer.
- **Hoofstuk 10, Verslae,** beskryf die verskeidenheid van verslae wat deur Family Tree Builder beskikbaar gestel word.
- **Hoofstuk 11, Sinchronisering van jou stamboom,** beskryf hoe om jou stamboom te sinchroniseer (sync) met na MyHeritage.com deur die gebruik van Family Tree Builder, om dit beskikbaar te stel vir besigtiging via die internet aan enige persoon deur jou genooi deur middel van die webtuiste se soek fasiliteit.
- **Hoofstuk 12, Tale en vertalings,** verskaf die verskillende tale en vertalings funksies wat beskikbaar gestel word deur Family Tree Builder.
- **Hoofstuk 13, Konfigurasie Opsies,** beskryf die addisionele opsies waarmee jou stamboom bedryf en beheer word deur die opstellingsfunksie.

Terminologie

Die volgende beskryf sommige van die terme wat gebruik word in Family Tree Builder

Term	Beskrywing
GEDCOM	'n Saamgestelde naamwoord (akroniem) vir GEnealogical Data COMmunication, is 'n spesifikasie vir uitruiling van genealogiese data tussen verskillende genealogiese sagteware pakkette. Meer inligting is beskikbaar vanaf **GEDCOM en Family Tree Builder**.
Genealogie	Die navorsing van iemand se afkoms. Meer inligting is beskikbaar in **Wat is Genealogie?**
Media of Foto	Die term *foto* en *media* word onderskeidelik gebruik in die gids. Media mag verwys na 'n foto, dokumente lêers of 'n video/audio lêer.
Persoonlike Foto	Family Tree Builder laat jou toe om 'n enkele foto te koppel aan enige persoon ten einde die persoon te identifiseer/ verteenwoordig wanneer nodig, soos benodig in 'n verslag of diagram wat vertoon word as 'n persoon geaktiveer word in die Stamboom Venster, of die persoon gekies word in die Stamboom Venster.
Hoof Persoon	Elke stamboom beskik oor sodanige persoon, waarna verwys word as die Hoof persoon, aan wie kits toegang beskikbaar is. Hierdie persoon is geleë in die middelpunt van die stamboomvenster. 'n Verskeidenheid opsies is beskikbaar om die familieverwantskap van die persoon met alle ander persone te sien.

Kontak Ons

Tegniese Ondersteuning	support@myheritage.com
Verkope	sales@myheritage.com
Bemarking	marketing@myheritage.com
Besigheidsontwikkeling	bd@myheritage.com
Openbare verhoudings	pr@myheritage.com
Affiliasie Program	affiliate@myheritage.com

Hoofstuk 1

Inleiding



MyHeritage
Copyright © 2006-2013 MyHeritage Ltd.

Inleiding

Hoofstuk Oorsig:

Die hoofstuk stel die fasiliteite en voordele in die gebruik van Family Tree Builder om jou stamboom uit te bou aan jou voor, verder beskryf dit genealogie in die algemeen en stel ’n riglyn waarvolgens jy jou navorsing kan doen. Dit behels die volgende afdelings:

- **Voorstelling van Family Tree Builder** verduidelik die voordele om Family Tree Builder te gebruik om jou stamboom uit te bou sowel as die sinchronisering daarvan met jou aanlyn familie webtuiste.
- **Wat is Genealogie?** Beskryf die definisies en oorsprong van Genealogie.
- **Verspreiding van Jou Stamboom** beskryf die aanwending van Family Tree Builder en Myheritage.com vir die uitbou en sinchronisering van jou stamboom met jou aanlyn familie webtuiste.
- **Uitvoer van Jou Navorsing** stel riglyne beskikbaar ten opsigte van die invordering van inligting om jou stamboom uit te bou.

Inleiding tot Family Tree Builder

Die daarstelling van ’n stamboom is aanvanklik slegs gedoen deur middel van pen en papier en dit was geweldig moeilik om dit in stand te hou. Family Tree Builder laat jou toe om jou stamboom daar te stel op ’n maklike en aantreklike manier. Met handgeskrewe familie stambome, is dit ’n ingewikkelde en moeisame taak om nuwe familie vertakkinge by te voeg. Deur gebruik te maak van Family Tree Builder en jou rekenaar, ondersteun dit jou om navorsing te doen wat onmiddellik verskeie diagramme en verslae kan produseer. Die laasgenoemde kan ook baie maklik versprei en besigtig word op die internet deur ’n eenvoudige en informatiewe werkswyse.

Die vaslegging van jou geskiedenis vir toekomstige generasies kan vergelyk word met die skryf van ’n speurverhaal, waarin jy die outeur en die held is. Jy poog om die misterie van die verlede te ontrafel, soms met die aanvanklike karige inligting tot jou beskikking. So ontrafel jy die legkaartbladsye van die verlede en word die geheime van jou familiegeskiedenis ontdek.

Met versameling van inligting, die ontwerp en die uitbou van jou stamboom is nie net die bymekaar maak van name en onpersoonlike feite nie. Ons beveel aan dat jy poog om die stamboom ’n lewende ervaring te maak deur so veel as moontlik, persoonlike onderhoude met familie lede te voer, gebruik te maak van video/audio-lêers wat jy mag bekom. Die samevoeging en vaslegging van al jou inligting, skep op hul beurt verdere vrae en moedig ook familielede aan om te deel aan die uitruiling van voorheen onbekende feite. Hierdie aspek is die rede waarom miljoene mense die genealogie aantreklik en bekoorlik vind.

Verder, laat Family Tree Builder jou toe om jou stamboom te sinchroniseer met ’n aanlyn familie webtuiste by myHeritage.com.

’n MyHeritage familie webtuiste stel ’n ideale plek daar waar jy jou stamboom kan uitstal. Hier volg sommige van die voordele om ’n familie webtuiste te besit:

- **Gratis:** Die familie webtuiste word gratis verskaf deur van MyHeritage gebruik te maak. Daar is ’n premium betaalbare plan vir groot familie stambome of fotoversamelings beskikbaar, dit is egter opsioneel.
- **Deel:** Deel jou stamboom met jou familie en vriende in ’n aantreklike, interaktiewe 3-D uitbeelding wat jy en jou persoonlike familielede baie nader aan mekaar sal laat beweeg.

- **Funksionaliteit:** Family Tree Builder stel jou familie webtuiste beskikbaar met ’n verskeidenheid fasiliteite en funksies wat voorheen nie beskikbaar was nie of slegs met behulp van duur genealogie toepassings en opsies verkry kon word.
- **Privaatheid:** Jou data is slegs beskikbaar vir jou en die persone deur jou genooi om dit te besigtig. Inligting met betrekking van gestorwe voorouers kan beskikbaar gemaak word aan gaste op die internet, sodat ander familie lede jou kan vind, maar dit is ook opsioneel.
- **Berging Fasiliteit:** Jou data word outomaties vasgelê en gestoor, elke keer dat dit deur jou gesinchroniseer word met die internet, en dit kan ook enige tyd herstel word, na enige vroeër weergawe. Dit beskerm jou stamboom en foto’s van enige natuurlike katastrofe of rekenaar wanfunksie.

Wat is Genealogie?

Definisie van Genealogie

ge·ne·al·o·gy (jē-nē-ŏl'ə-jē)
noun. pl. **ge·ne·al·o·gies**

1 Herkoms of afkoms

2 Die studie of ondersoek instel, na voorouers en familiegeskiedenis

3 'n Verslag of diagram van afkoms van 'n persoon, familie of groep van 'n voorsaat of voorouers; 'n stamboom

Die ontstaan van Genealogie

Genealogie of die studie en opsporing van 'n persoon se oorsprong en herkoms, het wêreldwyd met rasse skrede in populariteit toegeneem oor die afgelope paar jaar. In erkenning hiervan het die Verenigde State Kongres, amptelik die maand van Oktober aangekondig as "National Family History Month" deur die Senaat, wat sodanige resolusie in 2001 bekragtig het.

"*Kundiges bevestig dat in die Verenigde State, genealogie nou die tweede populêrste tydverdryf/stokperdjie is na tuinbou*"[1] so verklaar VS Senator Orrin Hatch, wat die mede-ondersteuner was saam met 83 ander ondersteuners.

"*Dit is natuurlik dat ons wil uitvind van ons voorouers en waar is 'n beter manier om families nader aan mekaar te bring as deur die ontdekking van die storie van ons eie familie?*"

[1] Bron: United States Senate Committee on the Judiciary, June 26, 2003.
http://judiciary.senate.gov/member_statement.cfm?id=834&wit_id=51

Hierdie resolusie bevestig dat miljoene mense aktief navorsing doen oor inligting van hul voorouers en daardeur ook ander mense motiveer om hul eie navorsing te begin doen.

Vir baie is genealogie, opvoedkundig en baie persoonlik van aard. Dit bring mense nader aan hul herkoms en ook aan mekaar; dit versterk bande in die familie, sowel as tussen families, dit oorbrug ook gapings tussen geslagte, kulture en tradisies,

Waarom het genealogie, dan so geweldig uitgebrei oor die afgelope klompie jare? Dit is tot ’n groot mate te danke aan die blootstelling aan die Internet, ’n bewys van die onskatbare, waardevolle hulpmiddel wat dit vir die genealogie is. Die internet laat jou toe om argiewe na te vors, biblioteke en databasisse vanuit jou eie huis te besoek, dit vergemaklik kommunikasie met persone reg oor die wêreld en vergemaklik die uitruil van inligting. Soos meer en meer mense aanlyn gaan en die toename in die hoeveelheid databasisse wat beskikbaar raak, veroorsaak dit dat genealogie in populariteit toeneem. Dit is dus geen wonder dat die internet die tuiste is van duisende persoonlike genealogie webtuistes, die “soek-enjins” van Google in terme van **genealogie** beloop oor die 33 miljoen “hits”[2].

[2] Bron: Google, June 18, 2007. There are also several million additional hits for translations of genealogy into other languages, such as 'genealogie' (11,900,000 hits)

Verspreiding van jou Stamboom

Enige lid van MyHeritage kan ’n stamboom daarstel. Hierdie stamboom word gebou op jou rekenaar, totdat jy besluit om dit te sinchroniseer met ’n familie webtuiste. Na sinchronisering, is die webtuiste beskikbaar aan al jou familie, vriende en enige ander persoon wat jy uitnooi na die webtuiste. Sinchronisering van jou stamboom is genoem *publisering* in Family Tree Builder voor weergawe 7. Vanaf weergawe 7, word enige veranderinge wat op jou aanlyn webtuiste gemaak word ook terug met jou rekenaar gesinchroniseer. Daarom, die term *sinchroniseer*.

Jy het die keuse om verskeie projekte te beskryf. Elke projek bevat een stamboom en elke stamboom beskryf verskeie persone. Jy kan die hele stamboom met slegs een familie webtuistes sinchroniseer.

Jy kan ’n stamboom daar stel wat privaat en seker is, of jy kan dit openbaar maak en met die hele wêreld deel. Dit word heeltemal aan jou oorgelaat om hieroor te besluit. Foto’s wat na die familie webtuiste oorgedra is, kan aangewend word in ons gesigsherkenning tegnologie vir genealogie. Deur die beskikbaarstelling van miljoene gesigsprofiele tussen die gebruikers, help dit jou om foto’s van jou voorouers op te spoor in ander gebruikers se foto-albums, om onbekende persone op te spoor en familie lede te vind, gebaseer op gesigsprofiele en eienskappe.

LET WEL	’n Webtuiste kan meer as een stamboom bevat.

Die volgende illustreer die vloei en sinchronisering met jou familie webtuiste ten einde dit beskikbaar te maak aan die persone van jou keuse:



1. Bou jou stamboom op jou rekenaar met behulp van Family Tree Builder. Die proses sluit verskeie take in, soos beskryf in die gids, soos invoering van inligting van mense, definiëring van die verwantskappe, byvoeging van foto's, merk van gesigte, die ontwerp van die profiele van verslae en diagramme, en so meer.
2. Sinchroniseer die stamboom met jou familie webtuiste op MyHeritage.com
3. Nooi familielede om na jou familie webtuiste te kyk.

   Jy en uitgenooide familielede kan nou die familie webtuiste op die internet besoek asook deur teblette en slimfone te gebruik. Let daarop dat uitgenooide familielede inligting kan verander slegs as jy dit toelaat.

Doen Jou Navorsing

Die volgende advies mag behulpsaam wees in die proses om jou voorouers op te spoor en die familie geskiedenis na te vors.

Bepaling van jou doelwit

Alvorens jy begin om jou familiegeskiedenis na te vors, is dit ’n goeie idée om eers te fokus op wat jy wil bereik. Is jy van plan om die vaderlike (manlike) lyn met die gepaardgaande behouding van familienaam na te vors, of die moederlike (vroulike) lyn, of moontlik ’n familie legende te bevestig. Jy mag vind dat die keuse hiervan soms vir jou gemaak word, veral as die navorsing moeilik skyn te wees. Indien jy egter besluit om meer as een lyn op ’n slag aan te pak, verseker dan dat jou navorsing georganiseerd is en liasseer die resultate apart om verwarring te voorkom.

Familiegeskiedenis begin Tuis

Die goeie reël in familiegeskiedenis navorsing is, om te poog om van agter af terug te werk, vanaf dit wat jy reeds weet. Soos dit is, begin familiegeskiedenis tuis en jy mag verbaas wees oor hoeveel jy alreeds weet of hoeveel van jou inligting tot jou beskikking is binne die uitgebreide bestaande familie. Dit is nie nodig om met groot hoeveelhede inligting te begin nie maar dit is belangrik om elke stukkie inligting vas te pen sodat die inligting beskikbaar is, veral as gesoek word na verdere inligting van verwante persone

Beste beginpunt: Jyself

Begin deur eers jou eie inligting tot op datum, geboorteplek, huweliksdatums, eggenote, kinders en dan die inligting van jou ouers, grootouers en so meer te versamel soos wat dit moontlik is.

Volgende stap: Jou eie Familie

Inligting van familie kan die beskikbare kennis van die familie verbreed, maar geduld en takt in jou benadering sal verseker benodig word. Familiebetrekkinge kan met die verloop van tyd bedorwe raak maar moet nogtans gerekordeer word vir latere verifiëring. Verseker dat jy met alle verwante persone en familie onderhoude voer, veral met die oueres aangesien hulle oor inligting van jou voorouers mag beskik wat nie in enige databasis beskikbaar is nie. Teken alles sorgvuldig aan vir toekomstige verwysing. Om met jou familie kontak te maak is in die meeste van gevalle baie bevredigend en ’n verrykende ervaring.

Om Sukses te behaal

Die mate van sukses wat jy gaan behaal in terme van die navorsing aangaande jou familiegeskiedenis word bepaal deur ’n hele aantal faktore, waarvan baie selfs nie binne jou beheer sal wees nie. Jou sukses sal afhang van die mate waarop gegewens behoue gebly het, hoe algemeen jou van is, jou familie se sosiale status en die vlakke van geletterdheid en die korrektheid van gedokumenteerde inligting. Met dit gemeld, sukses sal ook verder afhang van jou eie toegewydheid, ’n oop gemoed en die feit dat alles nie vanself kom nie, wees metodies, benader probleme vanuit verskeie invalshoeke, en gaan alle inligting wat jy bekom behoorlik na. Met die spreekwoordelike sielkundige baksteenmuur wat nou en dan sy opwagting sal maak, sal jy vind dat die genealogiese ondersoeke op sigself baie opwindend is met die hoogtepunte by elke nuwe ontdekking.

Dokumentasie en Foto’s

In meeste gevalle besit families ou dokumente en foto’s wat die familie geskiedkundige kan gebruik. Voorbeelde van dokumente wat jy mag vind wat ’n groot bydrae in jou navorsing sal wees, is, onder ander: geboorte-, huweliks-, en sterfte sertifikate, familie Bybels, skool en universiteitssertifikate en toekennings, militêre diensrekords, besigheidsdokumente, immigrasie en reis-dokumentasie, dagboeke, adresboeke, verjaardagboeke, briewe, posbladsye, koerantuitknipsels en memoires, in kort gestel, enige item waarop jy jou hande kan lê.

Werk deur ou familiefoto's en kyk hoeveel mense jy kan identifiseer. Wys die foto's aan ouer lede van die familie om hulle te help met die geheue. Poog om hulle te kry om jou te help identifiseer aan soveel gesigte as moontlik sodat die inligting bewaar kan bly.

Enige inligting wat bekom word vanuit die familie, mag dien ter ondersteuning van die fondasie om jou familiegeskiedenis op te bou.

Lees na oor Familiegeskiedenis: Sluit aan by 'n Organisasie

Biblioteke en boekwinkels, hou reekse boeke aan oor Familiegeskiedenis. Jy mag dit selfs oorweeg om by 'n familiegeskiedenis assosiasie of klub aan te sluit. 'n Nominale jaarlikse fooi kan jou in staat stel om al die voordele van lidmaatskap te geniet in terme van tydskrifte, navorsingsfasiliteite, goed toegeruste biblioteke, navorsingsdienste en maklik beskikbare advies, dan kan jy ook mense ontmoet wat dieselfde dink as jy. Dit is goed om by 'n assosiasie aan te sluit in die omgewing waar jy die navorsing doen. Jy kan ook via die internet toegang kry tot 'n aktiewe genealogiese gemeenskap. Jy kan jou vrae hierheen stuur, antwoorde lees, verneem hoe ander sukses behaal en hoe hulle faal, asook om addisionele bronne te bekom.

Kies die regte Gereedskap

Die stamboom vorm die kern van enige familienavorsing en deur dit saam te stel word 'n opwindende reis ontsluit wat soms ook ontwikkel in 'n baie interessante speurverhaal. Wanneer 'n mens die stamboom in stand hou en inligting op gewone papier bewaar, kan dit baie gou hande uitruk, so maak liefs gebruik van genealogiese sagteware om jou in lyn te hou met die verskillende individue in jou familie en die verwantskappe tussen hulle. Family Tree Builder is hiervoor 'n baie goeie keuse. Dit is gratis, ondersteun verskeie tale, bied 'n baie eenvoudige werkswyse vir toegang om data te hersien, verder laat dit jou toe om jou hele fotoversameling te organiseer in familie verband.

SuperSearch is MyHeritage se toegewyde soek-enjin, wat die beste plek verskaf om jou navorsing te begin. Dit is ook geïntegreer in Family Tree Builder, wat dit maklik maak om die resultate oor jou familie te vind.

Deel en geniet

Wanneer jy die stamboom aanmekaar gesit het, jy interessante ou foto's en familie legendes versamel het, ook die stories en staaltjies, moenie die skatkis slegs vir jouself hou nie! Sinchroniseer dit met jou aanlyn familie webtuiste op MyHeritage.com sodat jou familie en vriende dit ook kan geniet. Hulle sal dan ook bydraes kan maak met jou navorsing en jou ook kan bystaan met inligting wat nog kortkom. Lang verlore neefs en niggies kan ook op die wyse opgespoor en verenig word. Gebruik MyHeritage.com om 'n familie webtuiste te skep, deel jou stamboom en jou familie se historiese juwele, wat foto's, dokumente, stories, historiese rekords en baie meer kan insluit. Nooi jou familielede om lede van die familie webtuiste te word en stel sommige dele van die webtuiste beskikbaar aan gaste by jou webtuiste. Weereens deel en geniet!

Hoofstuk 2

Kits Toer



MyHeritage
Copyright © 2006-2013 MyHeritage Ltd.


Kits toer

Omvang van die Hoofstuk:

Hierdie hoofstuk bied ’n vinnige toer deur die verskillende fasiliteite in die Family Tree Builder werkswyses, dit behels die volgende:

- **Family Tree Builder Hoof Venster** beskryf die areas van die hoof bladsye en hul funksies.
- **Stamboom Tabel** beskryf hoe Family Tree Builder die mense in die stamboom vertoon en die gereedskap wat gebruik word om dit te vertoon.
- **Stamboom venster** beskryf hoe die stamboom besigtig word en om persone in die stamboom te bestuur. Dit is die hoof venster van Family Tree Builder.
- **Foto’s Venster** beskryf hoe om foto’s te besigtig, navrae te doen en om foto’s by te voeg in die Stamboom.
- **Smart Matches** beskryf die metode om jou stamboom lede met Smart Matches te vergelyk.
- **Diagramme Venster:** beskryf die metode om die lede van jou stamboom in verskeie diagramme te vertoon.
- **Verslae Venster** beskryf die metode om verskeie verslae in terme van jou familielede van die stamboom te skep.
- **Kaarte Venster** beskryf hoe om jou hele familie, enige gedeelte daarvan of slegs een individu op ’n interaktiewe wêreldkaart te plaas.
- **Kieslys Balk** beskryf die funksies op die kieslys balk.
- **Nutsbalk** beskryf die funksies op die nutsbalk.

Family Tree Builder Hoof Venster



Die Family Tree Builder se hoof venster is saamgestel uit die volgende:

- **Funksie nutsbalk:** bied toegang tot verskeie Family Tree Builder funksies (sien Funksie Nutsbalk)
- **Gereedskap Nutsbalk:** bied vinnige toegang tot die Family Tree Builder funksies wat die meeste gebruik word (sien Gereedskap Nutsbalk).
- **Stamboom Paneel:** vertoon die lys van al die persone wat al reeds in jou boom in Family Tree Builder beskryf is en bied maklike toegang tot hulle. Die paneel kan vertoon of weggesteek word.

- **Werksarea:** die inligting en funksionaliteit van die Werksarea verander na gelang van die gekose venster:
  -  Stamboom venster (sien Stamboom venster)
  -  Foto's venster (sien Foto Venster)
  -  Ooreenkomste venster (sien Matches Venster)
  -  Diagramme venster (sien Diagram Venster)
  -  Verslae venster(sien Verslae Venster)
  -  Kaart Venster (sein Kaart Venster)

- **Status nutsbalk:** vertoon die aantal persone, families en foto's wat bygevoeg is tot die Stamboom.

Die Family Tree Builder hoof venster vertoon die gebruiker se e-posadres in die venster se titel balk. Hierdie e-posadres is die een wat gebruik is om by MyHeritage te registreer.

Stamboom Paneel

Die Stamboom Paneel vertoon al die persone wat deur jou in die Family Tree Builder aangebring en beskryf is, dit vergemaklik vinnige toegang tot enige persoon en voer al die belangrike Family Tree Builder funksies in terme van sodanige persoon uit.

Jy beskik oor ’n keuse om die Stamboom Paneel te verklein. Om dit te doen klik op die ikoon in die boonste regterkantse hoek:



LET WEL

In die Ooreenkomste venster en Kaarte venster word die Stamboom paneel outomaties verklein.


Om dit te vertoon word net op die geklik

Deur te dubbel-klik op enige persoon in die Stamboom Paneel, word daardie persoon se inligting vertoon, of deur te regs-klik op enige persoon word ’n funksie lys vertoon (sien Regs-klik Kieslys in die Mense Lys).

Snelvind

Die **Snelvind knoppie** verskyn aan die bokant van die paneel en laat jou toe om ’n persoon vinnige te vind deur die intik van sy/haar voornaam of van. Soos wat jy die letters in die **Voornaam** of **Van** tik, sal al die persone met sodanige name aan die bokant van die lys verskyn.


Deur met die muis oor die name van ’n persoon te beweeg sonder om te klik sal daardie persoon se inligting en foto verskyn, indien sodanige inligting ingevoer is. ’n voorbeeld hiervan word onder geïllustreer:



Mense lys

In die Mense lys wat vertoon word, beskryf elke lyn ’n enkele persoon

Deur te dubbel klik op ’n persoon in die lys word die relevante inligting van die persoon vertoon volgens die verkose venster. Byvoorbeeld, wanneer jy in die Stamboom venster is sal jy sien dat die dat die Stamboom venster aan die regterkant vertoon word (sien Stamboom venster)



ID	Voornaam	Van
1	John Fitzg...	Kennedy
2	Jacquelin...	Bouvier
3	Caroline B...	Schlossbe
4	John Fitzg...	Kennedy
5	Joseph Pa...	Kennedy
6	Rose	Kennedy [..
7	John Fran...	Fitzgerald
8	Patrick Jo...	Kennedy
9	Mary Augu...	Kennedy [..
10	Joseph Pa...	Kennedy
11	Rosemary	Kennedy
12	Kathleen (...	Cavendish
13	William Jo...	Cavendish
14	Eunice Ke...	Shriver [Ke
15	Robert Sar...	Shriver
16	Maria Owi...	Schwarze..

Die volgende beskryf die kolomme in die lys, dit verskaf elke keer ’n verskillende deel van die inligting van die persoon.

LET WEL

Gebruik die horisontale rolstaaf om deur die kolomme te beweeg.

Gebruik die vertikale rolstaaf om op en af deur die lys te beweeg.

- **Ikoon:** Die ikoon in elke ry toon die geslag van daardie persoon aan, manlike of vroulik of die persoon nog leef of reeds oorlede is (die oorlede persone word aangedui deur ’n grys kleur) en of daar ’n foto is van die persoon.



Manlik



Vroulik



Lewende mense (gekleurde ikoon)



Afgestorwe mense (grys ikoon)



Met Persoonlike Foto (met fotoraam agter hul kop)



Sonder Persoonlike Foto (geen fotoraam)

- **ID:** ’n Unieke ID nommer word outomaties aan elke persoon toegewys sodra die persoon tot die Family Tree Builder bygevoeg word, in die numeriese volgorde soos jy dit byvoeg. Jy kan kies om hierdie ID te vertoon of weg te steek deur van die Opsies venster te gebruik te maak.
- **Voornaam/Van:** Wanneer ’n persoon opgesoek word, is dit die maklikste om te begin deur hul naam in die Snelvind area aan die bokant van die lys van persone in te tik.
- **Geboortedatum/Sterfte Datum:** Hierdie datums verskyn slegs vir persone vir wie dit bygewerk is.
- **Verwantskap:** Dit spesifiseer die lyn verwantskap tussen die persoon en die Hoof persoon. Die syfer 2 wys dat die persoon direkte familie, soos byvoorbeeld Pa, Ma, eggenoot, seun of dogter is. ’n Syfer 3 dui daarop dat die persoon ’n meer verwyderde verwantskap het, met ander woorde ’n tweede vlak weg van die Hoof persoon, byvoorbeeld ’n Oupa, Ouma of ’n Kleinkind. Die syfer verhoog hoe groter die Stamboom groei en hoe verder die verwantskap verwyder is.

- **Laaste verandering:** Spesifiseer die mees onlangse datum waarop die inligting van die persoon aangepas of verwerk is.

Vind persone in die Mense lys

'n Aantal opsies is beskikbaar waarop persone in die Mense lys gevind kan word:


- **Snelvind**
- **Sortering van die lys**
- **Soek na persone**
- **Filtrering van die lys**
- **Gebruik die Vind en Vervang Funksie**

Snelvind

Vir besonderhede oor hoe om die Snelvind area te gebruik, sien Snelvind

Sortering van die lys


Die volgorde van persone se inligting soos dit in die Family Tree Builder ingevoer is, is outomaties van krag. Om die lys te herstel, klik slegs op die kolom waarin die lys gevorm behoort te word. Die voorbeeld hieronder, wys dat as jy op die **Van** klik, dan sal die lys in die vanne volgorde gesorteer word.



Soek na persone

Hoe om mense in die Mense lys te soek:

1 Klik op die **Soek** ikoon om die volgende venster te vertoon:



2 Voeg die volle of slegs ’n gedeelte van die **Voornaam** en/of **Van** van die persoon wat in die resultate van die soektog ingesluit moet word, in. Jy kan kies watter opsie om vir die **Voornaam** en **Van** te gebruik, asook die twee opsies wat soek vir name wat klink soos die naam wat jy ingevul het.

3 As jy mense wil soek op grond van ’n spesifieke feit, vul die tipe feit in en kies dan die voorwaarde en die omvang van die voorwaarde in, insluitend die datum, plek, beskrywing en oorsaak van dood.

4 Jy kan die geslag kies van die mense wat in die soektog resultate ingesluit word.

5 Klik die **Stoor** knoppie om die soek fasiliteit vir toekomstige soektogte vas te lê


6 Klik op die **Soek** knoppie om die lys te filtreer.

LET WEL

Jy mag op die **Bestuur Gestoorde Soektogte** knoppie klik wat in die bladsy vertoon word om 'n ander bladsy te laat vertoon waarin jy ander versoeke kan rig, soos byvoorbeeld hernoem, vee uit of om 'n ander soek funksie te kies.


Gevorderde soektog

Indien jy sou verkies om meer spesifiek na besonderhede te soek, klik op die **Gevorderd** Knoppie en voeg die inligting in op dieselfde wyse:



Filtrering van die lys

'n Aftrek kieslys verskyn aan die bokant van die Mense Lys. Dit stel jou in staat om die onderwerp te spesifiseer waarna jy wil kyk in terme van alle persone in die lys deur **Alle Mense** te kies, of deur die implimentering van 'n **Gestoorde soektog**, dit sal die lys filtreer volgens die inligting wat jy gespesifiseer het. Die voorbeeld vertoon die lys van persone wat aan die vereiste voldoen het vir wie die oorsaak van dood ingevul is:




Gebruik die Vind en Vervang Funksie

Die **Vind** en **Vervang** funksie stel jou in staat om te soek vir 'n teksstring in jou databasis en dit te vervang met ander teks. Hierdie funksie is nuttig wanneer jy agterkom dat 'n naam, wat verskeie individue raak, verkeerd gespel is. Deur hierdie funksie te gebruik, kan jy die verkeerde naam soek en dan al die mense met daardie verkeerde spelling verander.

Jy kan hierdie funksie gebruik vir teks soos name van mense en plekke.

Om teks te vind en te vervang:


1 In die **Wysig** kieslys, kies die **Vind en Vervang** opsie. Die volgende venster word vertoon:



2 In die **Vind** veld, vul die teks in wat jy wil vind.

3 In die **Vervang veld**, vul die nuwe teks in.


4 In die **Vind in** veld, klik die **Kies** knoppie om die volgende venster oop te maak waarin jy die omvang van die soek operasie kan spesifiseer:




Hierdie venster lys die tipes inligting waarna gesoek sal word. Byvoorbeeld, jy kan voorname, vanne, plekke, notas, verwysings ensovoorts kies. Alle tipes inligting word by verstek gekies. Merk eenvoudig die merkkassie(s) wat in jou soektog ingesluit moet word en klik **OK**.

5 Kies een van die volgende opsies in die **Vind opsies** aftreklys:

- **Tref ooreenkoms volgens totale teks:** Wanneer jy hierdie opsie kies, moet alle teks in die teksstring waarna gesoek word ooreenkom met daardie spesifieke teks in die **Vind** veld.



- **Tref ooreenkoms met enige word in teks:** Wanneer jy hierdie opsie kies, moet die teks in die **Vind** veld ooreenkom met enige word van die teksstring waarvoor gesoek word. Gebruik hierdie opsie as die teks waarvoor gesoek word verskeie woorde bevat, soos in die voorbeeld hieronder gewys:



- **Tref ooreenkoms volgens enige deel van teks:** Wanneer jy hierdie opsie kies, moet die teks in die **Vind** veld ooreenkom met enige deel van die teksstring waarvoor gesoek word.

6 [Opsioneel] Merk die **Neem hoofletters in ag** merkkassie vir ’n kas-sensitiewe soektog.

7 Klik die 

knoppie. Die resultate van die soektog word in ’n tabel onderaan die venster vertoon.


Resultaat	Huidige waarde	Vervang met
Naam	John Fitzgerald Kennedy	Jhonny Fitzgerald Kennedy
Vermelding	THE ASSASSINATION of John Fitzgerald K...	THE ASSASSINATION of Jhonny Fitzgerald ...
Naam	John Fitzgerald Kennedy	Jhonny Fitzgerald Kennedy
Bynaam	John-John	Jhonny-Jhonny
Naam	John Francis Fitzgerald	Jhonny Francis Fitzgerald
Naam	William John Robert Cavendish	William Jhonny Robert Cavendish
Naam	John Bouvier Kennedy Schlossberg	Jhonny Bouvier Kennedy Schlossberg
Naam	John Vernou Bouvier	Jhonny Vernou Bouvier
Naam	John Vernou Bouvier	Jhonny Vernou Bouvier

Die Resultaat lys vertoon die tipe resultaat, soos Naam, Bynaam ensovoorts, die huidige waarde en die nuwe waarde. Merk die merkkassie van elke ry waarvan jy die waarde wil vervang. Alle resultaat rye is by verstek gemerk.

8 Klik die **Vervang** knoppie. ’n Bevestiging boodskap word vertoon na voltooiing van die vervang operasie, wat aandui hoeveel items vervang is.

Regs-klik persoon in die Mense Lys

Wanneer jy sou Regs-klik op die persoon in die Mense Lys word ’n lys van opsies vertoon soos hieronder aangedui:



- **Vertoon in Stamboom:** Vertoon die gekose familie in die Stamboom Venster. Die keuse van hierdie opsie is dieselfde as om die persoon in die lys te dubbel-klik.
- **Bestuur Foto’s:** Vertoon die Foto Venster, vir al die foto’s van ’n spesifieke persoon.
- **Diagramme:** Stel jou in staat om ’n verskeidenheid grafiese diagramme vir ’n spesifieke persoon te skep. Sien Diagramme.
- **Verslae:** Laat jou toe om verskeie verslae te skep. Sien Verslae.
- **Profielblad: Vertoon die volledige profiel bladsy van die familie webtuiste vir die** gekose person
- **Vors na op SuperSearch:** Verskaf aan jou volle toegang tot SuperSearch gelealogie navorsing, wat jy kan gebruik om families en/of spesifieke mense in jou stamboom na te vors. Sien SuperSearch.


- **Verwantskap met Hoof persoon:** Die venster dui die verwantskap tussen die gekose persoon en die Hoof persoon in die boom aan.
- **Verwantskap met:** Vertoon ’n venster waarin jy ’n persoon kan kies, en vertoon die verwantskap tussen die persoon en ’n gekose persoon in die Mense lys aan.

Stamboom Venster

In die venster word die persone in jou stamboom vertoon en kan jy dit sien of verwerk:

LET WEL	Gebruik/Vertoon hierdie bladsy elke keer wanneer jy die hele familie wil sien.

Die Stamboom Venster word outomaties vertoon wanneer jy Family Tree Builder aktiveer, Jy kan ook die Stamboom venster vertoon deur op die knoppie in die funksiebalk te klik, soos hieronder aangedui:



In die Stamboom venster beskik die stamboom venster oor die volgende:

- **Persoonlike Kaart:** Verskaf ’n grafiese aanbieding wat ’n persoonlike foto en die kritiese inligting in die stamboom aandui en verskaf toegang tot al die inligting en funksies verskaf deur Family Tree Builder vir die spesifieke persoon.

LET WEL	Inligting van ’n getroude persoon word direk onder die man en die eggenoote bladsye vertoon.

- **Generasies Venster:** Laat jou toe om te bepaal hoeveel generasies vertoon word in die Stamboom Venster. Skuif die glyer om die hoeveelheid generasies wat jy wil sien te vertoon. Die formaat wat jy normaalweg sal sien is drie, maar daar is ’n opsie wat jou tot sewe generasies sal toelaat.
- **Soek Knoppie:** Laat jou toe om te soek na ’n persoon en vertoon hulle in die werksarea.
- **Foto’s Knoppie:** Vertoon die Foto’s venster, wat die relevante foto’s sal vertoon.
- **Style Knoppie:** Vertoon die Opsies venster, waar jy verskeie aspekte in terme van die voorkoms en werking van Family Tree Builder kan bepaal.

Persoonlike Kaart

Familie stambome word in Familie Tree Builder opgestel en gewysig deur middel van ’n informatiewe gebruikerswerkwyse wat eenvoudig is om te gebruik. Ons filosofie is om dinge baie visueel en gemaklik te hou, om jou toe te laat om jou stamboom en die uitbreiding daarvan daar te stel soos wat dit met pen en papier die geval sou gewees het.

Die persoon se kaart laat jou toe om vinnig, ingeligte toegang tot ’n persoon se inligting te hê. Alle funksies relevant tot die byvoeging van addisionele of veranderde inligting of die verandering van sy/haar inligting kan hier verkry word. Jy kan ook met ’n oogopslag individuele inligting soos geboortedatum, plek van geboorte, eggenote, kinders en so meer, sien.

In die Stamboom venster, word elke persoon deur middel van so ’n kaart voorgehou.



Persoonlike Kaart

Jy kan na enige persoon beweeg en daardie persoon jou fokus maak deur sy naam op sy kaart te klik, of deur sy naam in die lys van mense aan die linkerkant te dubbel-klik.

Family Tree Builder laat jou toe om ’n enkele foto of Persoonlike Foto aan elke persoon toe te wys ten einde hulle voor te stel waar moontlik, soos in ’n verslag of in ’n duimnaelskets wat vertoon word as daardie persoon in die Stamboom Venster gewys word. Gewoonlik moet hierdie foto ’n foto van die persoon se gesig wees.


LET WEL

Die man en eggenoot word vertoon in die middel van die Stamboom Venster met groter Kaarte wat addisionele inligting verskaf, met oortjies waarop geklik kan word om meer inligting te vertoon.


Oortjies wat oor die inligting beskik word toegewys en vertoon as ’n klein groen indikator soos byvoorbeeld:




Die afstammelinge en voorouers in die Venster het kleiner kaarte en vertoon minder inligting.




Die **Hoof** oortjie  hieronder gewys, vertoon genealogiese inligting.




Deur te klik op die **Inligting** oortjie  word addisionele inligting vertoon:



Deur op die **Kontak** oortjie te klik, word kontakinligting vertoon:



Deur op die **Notas** oortjie te klik, word notas wat bygevoeg is op die persoonlike kaart vertoon:



Om inligting van die persoon te verander, dubbel-klik sy kaart of klik op die **Wysig** knoppie in die kaart en kies dan die **Wysig Details** opsie in die kieslys. Beide opsies maak die Wysig venster oop om hul huidige inligting te vertoon en jou in staat stel om hul besonderhede te verander.

Om foto's, dokumente of video/audio lêers van hierdie persoon op te dateer, klik op die **Foto** knoppie in hul kaart wat die venster daarvoor sal oopmaak en die foto's sal vertoon wat tans met die persoon geassosieer word. Dit sal jou toelaat om foto's by te voeg en die inligting van bestaande foto's te verander.


Elke persoon se kaart bevat twee skakels: ’n **Profiel** skakel en ’n **Navorsing** skakel. Klik die **Profiel** skakel om die volledige profiel bladsy vanaf die familie webtuiste vir daardie persoon te vertoon, soos hieronder gewys:




Klik die **Navorsing** skakel om **SuperSearch** oop te maak ten einde die gekose persoon na te vors.

Generasies Beheer

Drie generasies word outomaties in die Stamboom Venster vertoon, soos hieronder gewys word:



In die venster hierbo, word John en Jacqueline vertoon wat man en eggenoot is, bokant word hul ouers en onderkant hul kinders vertoon.


Die opsie om drie generasies (die outomatiese en eenvoudige manier), vyf of sewe generasies te sien word gestel deur die 

glyer te gebruik.

Foto's Venster

Die Foto's Venster bied 'n verskeidenheid van opsies om foto's te bekyk, inligting by te voeg oor die foto's en assosiëring van persone met die foto's en hul feite. Vir gedetailleerde inligting van die Foto's Venster sien ook Bekyk en Bestuur Foto's.

Jy kan op die  knoppie in die funksiebalk klik om die Foto's Venster te vertoon:




In die Foto's Venster bevat die Werksarea die volgende:

- **Mense lys:** Lys al die persone in jou projek en verskaf maklike toegang tot hul foto's.
- **Foto's oortjie:** Verskaf foto's volgens jou versoek. Dit mag al die foto's in jou projek vertoon, al die foto's wat met 'n spesifieke persoon geassosieer is of enige ander gefiltreerde lys van foto's wat jy spesifiseer deur aan te dui in wat of in wie jy belangstel. Jy kan ook beheer uit oefen oor hoe die foto's vertoon moet word in hierdie paneel. Jy mag ook foto's byvoeg, wysig, gesigte merk, daarna kyk en foto's verwyder.

Smart Matches Venster

In die Smart Matches venster, kan jy jou familielede met ander in ander Stambome vergelyk. Vir meer inligting in verband met Smart Matches Venster gereedskap, sien ook Smart Matches Venster.

Jy kan klik op die knoppie in die Funksiebalk om die Smart Matches Venster te vertoon:




In die Smart Matches Venster, bevat die Werksarea drie oortjies naamlik:

- **Oorsig oortjie:** Vertoon 'n lys van mense in jou stamboom wat ooreenkomste het of 'n lys van stambome waarin daardie ooreenkomste gevind is.
- **Ooreenkomste oortjie:** Vertoon die persone wat met 'n spesifieke persoon in jou stamboom ooreenkom.
- **Vergelyk oortjie:** Vertoon grafies 'n persoon in jou stamboom in 'n sy-aan-sy vergelyking met die ander persoon in 'n ander stamboom.

Diagramme Venster

In die Diagramme Venster, word die lede van jou stamboom in verskeie Diagram formate vertoon. Vir gedetaileerde inligting wat vertoon kan word in diagramme, sien Vertoon 'n Diagram.

Nadat jy op die  knoppie op die nutsbalk geklik het, moet jy die spesifieke diagram kies wat jy wil vertoon (voorouer, afstammeling ensovoorts) en sy oriëntasie (horisontaal of vertikaal). Jy kan ook die **Diagram Wysneus** opsie kies om jou te help deur die proses om 'n diagram te skep:




In die Diagramme Venster, stel die Werksarea jou in staat om die styl en konfigurasie van die diagram te verander, in en uit te zoem en die diagram te stoor en te druk.

Verslae Venster

In die Verslae Venster, word jy toegelaat om verskeie verslae vir lede van jou stamboom te skep. Vir meer inligting oor skep van verslae (sien ook Skep ’n Verslag)


Nadat jy op die  knoppie in die funksiebalk geklik het, moet jy die spesifieke verslag wat jy verlang kies:




In die Verslae venster, laat die Werksarea jou toe om ’n spesifieke verslagopsies te wysig, in en uit te zoem en om die verslag te druk of te stoor.

Kaarte Venster

In die Kaarte Venster kan jy jou hele stamboom, enige gedeelte daarvan of slegs een individu op ’n interaktiewe wêreldkaart aandui. Die Kaarte funksie gebruik Google kaarte, waarin jy kan verskuif, in/uit zoem ensovoorts vir maklike hantering. Vir meer besonderhede oor die gebruik van die Kaarte funksie, sien Gebruik Kaarte.



Kieslys balk



Die volgende beskryf die opsies in die Kieslys balk:

LET WEL


Die kieslys wat vertoon word en die opsies wat beskikbaar is in elke funksie mag verander volgens die venster waarin jy is, soos: Stamboom venster, Foto's venster, Smart Matches venster of Smart Research venster. Opsies wat nie beskikbaar is nie, sal in grys vertoon word.

Die volgende is 'n volledige lys.

- **Lêer kieslys**
- **Wysig kieslys**
- **Bekyk kieslys**
- **Persoon kieslys**
- **Familie kieslys**
- **Diagramme kieslys**
- **Verslae kieslys**
- **Gunstelinge kieslys**
- **Navorsing kieslys**
- **Sync (Sinchroniseer) kieslys**
- **Familie Webtuiste kieslys**
- **Gereedskap kieslys**
- **Help kieslys**

Lêer Kieslys

Die volgende beskryf elke opsie in die **Lêer** funksie:



- **Nuwe Projek:** Laat jou toe om 'n nuwe projek daar te stel.
- **Open Projek:** Vertoon 'n venster vanwaar jy 'n gekose projek kan oopmaak. Slegs een projek kan op 'n slag oopgemaak word. Jy kan die huidige projek stoor indien een reeds oop is. Klik die **Volgende** knoppie om die nuwe projek te laai. 'n Venster met statistieke word dan vertoon, met 'n opsomming van hoeveel mense, families, foto's ensovoorts in die projek wat tans oop is verskyn.
- **Stoor Projek As:** Dit stoor die huidige projek met 'n naam deur jou in die relevante spasie gespesifiseer. Gebruik die opsie wanneer jy sou verkies om die huidige projek te stoor.
- **Maak Projek Toe:** Dit sluit die huidige projek.
- **Rugsteun Projek:** Dit maak die wysneus oop wat jou deur die stappe sal neem om die projek plaaslik of op die Familie webtuiste by MyHeritage te stoor en te rugsteun (sien Rugsteun 'n Projek).

- **Herstel Projek:** Herstel 'n projek wat voorheen op jou rekenaar gerugsteun is (soos hierbo beskryf) of wat op jou aanlyn familie webtuiste by MyHeritage.com gestoor is en maak dit in Family Tree Builder oop (sien Herstel 'n Projek).
- **Bestuur Projekte:** Maak 'n venster oop waarin jy projekte kan hernoem, beskryf, verwyder, die lêer/omslag kan aanpas, bybring of kan uitvoer as 'n Family Tree Builder projek.
- **Voer GEDCOM in/uit :** Maak 'n wysneus oop wat jou sal lei deur die proses om 'n projek in te voer of uit te voer na GEDCOM en vir meer inligting sien (GEDCOM en Family Tree Builder).
- **Snelbegin Wysneus:** Maak die wysneus oop wat jou sal lei deur die proses om 'n nuwe genealogie projek te skep, 'n projek in te voer of 'n bestaande projek oop te maak.
- **Druk/Druk voorskou/Druk Opstelling:** Laat jou toe om 'n projek te druk, om 'n voorbeeld van die drukwerk vooraf te sien of die drukker op te stel.
- **Maak toe:** maak die projek toe en sluit die Family Tree Builder toepassing.

Wysig Kieslys

Die volgende beskryf elk van die opsies in die Wysig Kieslys:




- **Knip/Kopieer/Plak:** laat toe dat jy inligting kan knip, kan kopieer of kan plak.
- **Soek:** laat jou toe om te soek na 'n spesifieke persoon.
- **Vind en Vervang:** Vind teks en vervang dit met ander teks (sien Gebruik die Vind en Vervang Funksie).

- **Voer uit na Excel:** Laat jou toe om CSV lêers van verskeie lyste daar te stel. Die lêer mag gewysig word in Excel(sien Voer in van / Voer uit na Family Tree Builder Data).
- **Voer in vanaf Excel:** Laat jou toe om CSV lêers terug te bring na FTB (sien Voer in van / Voer uit na Family Tree Builder Data).

Bekyk Kieslys

Die volgende beskryf elkeen van die opsies in die **Bekyk** kieslys:



- **Swikskakel Gereedskapstaaf:** Vertoon of steek die Gereedskapstaaf in die Stamboom Venster weg.
- **Swikskakel Status-staaf:** Vertoon of steek die Status-staaf in die Stamboom Venster weg.
- **Keer terug:** Gaan terug na die vorige venster wat in Family Tree Builder vertoon is.
- **Gaan Voort:** Gaan na die venster wat in Family Tree Builder vertoon is voordat jy die **Keer Terug** skakel geaktiveer het.

- **Gaan na Hoof Persoon:** Vertoon die Hoof persoon as die sentrale persoon in die Stamboom Venster.

- **Verklein Keuse venster:** Verklein die Mense lys wat tans vertoon word om plek te verskaf vir die vertoning van stamboom funksies, Media funksies of Tabelle. Die Mense Lys word beskryf in **Mense Lys.** Jy kan klik op die **›** knoppie om die mense lys weer te vergroot.



- **Herstel keuse venster:** Dit herstel die Mense lys weer tot volle grootte. Die Mense Lys word bespreek in Mense Lys Paneel.
- **Volskerm:** Vertoon die hele Stamboom Venster op die hele skerm. Om te eindig, klik die  knoppie of klik die **Esc** sleutel.
- **Stamboom:** Vertoon die Stamboom Venster.
- **Foto's en ander Media:** Vertoon die Foto's Venster.
- **Smart Match ooreenkomste:** Vertoon die Smart Matches Venster, waar jy die persoon kan sien soos hy lyk in die stamboom van 'n ander lid van MyHeritage (sien Smart Matches).
- **Kaarte:** Vertoon die Kaarte Venster waar jy jou hele stamboom, 'n gedeelte daarvan of 'n individu op 'n interaktiewe wêreldkaart kan aandui (sien Bestuur Kaarte).
- **Bronne:** Vertoon 'n venster waarin jy die bronne in die verwysings kan bestuur (sien Bestuur Bronne).
- **Bewaarplekke:** Vertoon 'n venster waarin jy bewaarplekke wat in verwysings gebruik is kan bestuur (sien Bestuur Bewaarplekke).
- **Plekke:** Vertoon 'n indeks van plekke met al die plekke wat in die projek gebruik is (sien Bestuur Plekke).
- **Te-Doen Take:** Vertoon die Bestuur Te-Doen Take venster waarin jy take in jou projek kan bestuur (sien Te-Doen Take).

Persoon Kieslys


Die volgende beskryf die opsies in die Persoon kieslys:



Hierdie opsies is dieselfde as daardie beskryf in Persoon Kieslys Opsies.

Familie Kieslys


Die volgende beskryf die opsies in die **Familie** kieslys:



Hierdie opsies is dieselfde as daardie beskryf in Familie Kieslys Opsies.

Diagramme Kieslys

Die **Diagramme** kieslys bied ’n verskeidenheid aantreklike en gedetailleerde bladsye verteenwoordigend van jou stamboom. Die volgende beskryf elke opsie in die **Diagramme** funksielys (sien Diagramme):



- **Diagram Wysneus:** Maak ’n wysneus oop vir die keuse van die tipe en styl waarin die diagram vertoon moet word.
- **Voorouer Diagram:** Vertoon die gekose persoon, sy of haar eggenoot/e sowel as die ouers, grootouers ensovoorts.
- **Afstammeling Diagram:** Vertoon die gekose persoon, sy of haar eggenoot/e, die kinders, die kleinkinders ensovoorts.
- **Waaier Diagram:** Vertoon die gekose persoon en sy of haar afstammeling en voorouers in ’n diagram gevorm soos ’n waaier.
- **Nabye familie diagram:** Vertoon die gekose persoon en nabye familie van die persoon.
- **Uurglas Diagram:** Vertoon die gekose persoon, sy voorouers en afstammelinge.
- **Strikdas Diagram:** Vertoon die gekose persoon en sy of haar huweliksmaat in die middel, hulle voorouers aan beide kante en hulle kinders onderaan.
- **Alles-in-een Diagram:** Vertoon ’n diagram van alle mense in die familie.

- **Diagram Opsies:** Laat jou toe om te bepaal hoe die inhoud en die voorkoms van ’n diagram van jou stamboom daaruit moet sien.
- **Diagram Style:** Laat jou toe om die algemene voorkoms van ’n diagram en die feite wat daarin voorkom te bepaal.
- **Drukwerk bestellings:** Vertoon alle vorige bestellings vir gedrukte plakkate of diagramme.

Verslae kieslys

Die volgende beskryf elk van die opsies in die **Verslae** kieslys (vir meer inligting sien Verslae):




- **Boek Verslag:** Vertoon ’n eenvoudige wysneus om jou deur die proses van die daarstelling van verslae vir ’n spesifieke persoon te neem.
- **Familiegroep blad:** Skep ’n verslag wat die inligting van ’n gekose persoon en hul direkte familie vertoon.
- **Verwantskappe:** Skep ’n verslag wat al die verwantskappe van ’n gekose persoon vertoon tot al die ander persone wat in jou projek geregistreer is.
- **Voorouers:** Beskryf hoe om ’n verslag te skep wat feite en inligting van ’n gekose persoon en die van elke generasie voorouers van die persoon soos: ouers, grootouers ensovoorts, aandui.

- **Afstammelinge:** Beskryf hoe om ’n verslag te skep wat feite en inligting van ’n gekose persoon en van elke generasie afstammelinge soos: kinders, kleinkinders ensovoorts, aandui.
- **Tydlyn:** Beskryf hoe om ’n lys te skep wat die belangrike gebeurtenisse van ’n familie van ’n gekose persoon in chronologiese orde soos: geboorte, huwelik en afsterwe, aan te dui.
- **Afstammelinge Opsomming:** Beskryf hoe om ’n hiëratiese stamboom te vertoon van al die afstammelinge van ’n gekose persoon.
- **Adresse:** Beskryf hoe om ’n alfabetiese lys (in die orde van elke persoon se naam) van al die adresse van al die persone in die stamboom te skep.
- **Voer doelgekose verslag uit:** Skep ‘n Excel verslag wat slegs daardie mense bevat wie se inligting jy wil sien.
- **Verslag Opsies:** Vertoon die verslae Opsies Venster.
- **Open Verslae omslag:** Vertoon die lys van lêers in elke omslag waarin verslae gestoor word.

Gunstelinge kieslys

Die volgende beskryf elk van die opsies in die **Gunstelinge kieslys:**



- **Verwyder Persoon van Gunstelinge:** Laat jou toe om ’n persoon vanaf die gunstelinge te verwyder.
- **Organiseer Gunstelinge:** Laat jou toe om die volgorde waarin persone moet verskyn te bepaal.
- **Mense se Name:** Lys die gunsteling mense wat jy bygevoeg het sodat indien jy hulle kies, daardie persoon die middelpunt van die vertoonvenster van die stamboom, sal in neem.

Navorsing kieslys


Die volgende beskryf elk van die opsies in die **Navorsing kieslys**.



- **Gaan na MyHeritage SuperSearch:** Verskaf aan jou volledige toegang tot die MyHeritage.com SuperSearch genealogie navorsing gereedskap. Hierdie kragtige soek-enjin laat jou toe om jou familie na te vors in miljarde historiese rekords.
- **Vors [Persoon] na op SuperSearch:** Loods die MyHeritage.com SuperSearch genealogiese navorsing enjin en begin outomaties om die gekose persoon na te vors.
- **Sien Rekord Ooreenkomste vir [Persoon]:** Maak die MyHeritage.com webtuiste oop, vertoon ooreenkomste met historiese rekords vir die gekose persoon. Sien Record Matches.
- **Verfris Rekord Ooreenkomste:** Verfris die rekord ooreenkomste tellings in Family Tree Builder onmiddellik.

Sync (Sinchroniseer) kieslys


Die volgende beskryf die opsies in die **Sinchroniseer kieslys** (vir meer inligting sien Sinchronisering van stamboom):



- **Sync Nou:** Begin om veranderinge in die stamboom tussen Family Tree Builder en die aanlyn familie webtuiste met hierdie projek te sinchroniseer.
- **Sync Instellings:** Vertoon die Syns Instellings venster, wat jou in staat stel om die sync instellings in te stel (sien Sync Instellings).
- **Gebruiker Toestemmings**: Vertoon 'n venster waar jy die gebruiker toestemmings kan verander en beheer wie jou stamboom vanaf die familie webtuiste kan aflaai en wie dit aanlyn kan wysig.
- **My Webtuistes:** Vertoon 'n venster met die lys van webtuistes wat deur jou op MyHeritage geskep is, en stel jou in staat om familielede te nooi om die webtuistes te besoek (sien Bestuur jou Familie webtuistes).

Familie webtuiste Kieslys

Die volgende beskryf die opsies in die **Familie webtuiste** kieslys (vir besonderhede sien Gebruik die Familie Webtuiste Kieslys):



- **Familie Statistieke:** Vertoon verskeie statistieke oor die familie.
- **Tydlyn:** Skep en vertoon die tydlyn van gebeure vir ’n persoon in die stamboom.
- **Tydboek:** Skep en vertoon ’n chronologiese, digitale album van familiefoto’s, lewensgebeure en biografieë vir ’n persoon en sy of haar direkte familielede.
- **Opkomende gebeure:** Vertoon alle opkomende familiegebeure, soos verjaardae en huweliksherdenkings, in ’n lys of maandelikse venster.
- **Familie Speletjie:** Speel ’n unieke familie kaart speletjie, gegrond op persoonlike prentkaarte van naby familielede en voorvaders in die stamboom.
- **Profielblad:** Vertoon die volledige profielbladsy vanaf die familie webtuiste vir die gekose persoon.
- **Rekord Ooreenkomste:** Vertoon al die historiese rekords wat ooreenstem met die stamboom in een sentrale paneelbord (sien Record Matches).
- **Besoek Webtuiste:** Maak die familie webtuiste se tuisblad oop.

Gereedskap kieslys

Die volgende beskryf elk van die opsies beskikbaar in die **Gereedskap kieslys**:



- **Opgradeer na Premium:** Indien jy nog nie 'n Premium lid is nie, stel dit jou in staat om op te gradeer na Family Tree Builder Premium lidmaatskap (sien Premium Lidmaatskap).
- **Tale:** Stel jou in staat om die taal van jou keuse in Family Tree Builder te gebruik (sien Ondersteuning in Veelvuldige Tale).
- **Vertaling Wysneus:** Vertoon die Family Tree Builder vertaling wysneus, wat jou in staat sal stel om die proses van vertaling van alle of sommige data in jou huidige projek te doen (sien Vertaling in Family Tree Builder).
- **Outeur Inligting:** Vertoon 'n venster waarin jy inligting kan byvoeg of insleutel, aangaande die outeur, van die stamboom. Hierdie inligting sal aangewend word wanneer jy hierdie stamboom uitvoer in GEDCOM formaat.
- **Gevorderde Privaatheid Instellings:** Beskryf privaatheid instellings vir hierdie projek (sien Privaatheid Instellings).
- **Gaan na vir Afgestorwe Mense:** Stel jou in staat om jou projek na te gaan vir mense wat reeds oorlede is, maar wie nie so gemerk is in jou projek (sien Gaan na vir Oorlede Mense).
- **Vind Duplikate:** Vind potensiële duplikate in jou stamboom (sien Vind Duplikate in die Stamboom).
- **Stamboom Konsekwentheid Toetser:** Kontroleer vir konsekwentheid kwessies in jou data (sien Doen Data Konsekwentheid Toetse).

- **Opsies:** Beskryf addisionele opsies vir die opstelling van die werking van jou stamboom (sien Formulering Family Tree Builder).

Help kieslys

Die volgende opsies is beskryf in die **Help** kieslys:




- **Gebruikersgids:** Maak die dokument oop. Die dokument word periodiek opdateer op MyHeritage.com en dit sal aan jou gebied word wanneer 'n nuwer weergawe beskikbaar gestel word.
- **Gereelde Vrae:** Maak die Family Tree Builder Gereelde Vrae afdeling op die MyHeritage.com webtuiste oop.
- **Kyk vir Opdaterings:** Kontroleer of 'n nuwer weergawe van Family Tree Builder beskikbaar is om afgelaai te word.

LEET WEL	By verstek, kontroleer FTB outomaties vir opdaterings, dus is dit nie nodig om self vir opdaterings te kyk nie. Gebruik die opdateer opsie slegs as die outomatiese aanpas/aanvul/bywerk instelling afgeskakel was, of as jy nie wil wag vir die volgende geskeduleerde toets nie.

- **Omtrent Family Tree Builder:** Vertoon die inligting oor die huidige weergawe van Family Tree Builder.

Gereedskap nutsbalk

Die volgende beskryf die **Gereedskap nutsbalk** wat aan die bokant van die Family Tree Builder Venster verskyn, dit verskaf vinnige toegang tot verskeie opsies:



Ikoon	Naam	Beskrywing
	**Nuut**	Stel jou in staat om ’n nuwe projek te begin (sien Stap 4: Skep jou Eerste Projek). Hierdie opsie word slegs vertoon indien geen projek tans in Family Tree Builder oop is nie.
	**Open**	Vertoon ’n venster waar jy ’n projek kan kies om oop te maak. Slegs een projek kan op ’n slag oopgemaak word, dit sal ook aan jou die geleentheid bied om ’n huidige projek te stoor indien daar wel een oop is.
	**Terug**	Gaan terug na die vorige venster in Family Tree Builder.
	**Vorentoe**	Gaan na die venster wat oop was in Family Tree Builder voordat jy die Terug knoppie geklik het .
	**Tuis**	Vertoon die Hoof persoon van die stamboom as die fokus van die Stamboom venster bedoelende die man of vrou wat die middelpunt van Stamboom venster is. Om ’n Hoof persoon aan te stel, sien Stel aan as Hoof persoon.
	**Boom**	Vertoon die Stamboom venster. Sien Stamboom Venster.
	**Foto’s**	Vertoon die Foto‘s venster. Sien Foto’s Venster.
	**Ooreenkomste**	Vertoon die Smart Matches venster. Sien Smart Matches venster.
	**Diagramme**	Stel jou in staat om verskeie grafiese diagramme van jou stamboom te vertoon. Sien Diagramme Venster.

Ikoon	Naam	Beskrywing
	**Verslae**	Stel jou in staat om verskeie verslae te skep wat jou stamboom beskryf. Sien Verslae venster.
	**Kaarte**	Vertoon jou familie op die kaart. Sien Kaarte Venster en Gebruik Kaarte.
	**Sync**	Sinchroniseer jou stamboom na en vanaf jou familie webtuiste op MyHeritage.com. Sien Sinchroniseer Jou Stamboom.
	**Webtuiste**	Sien verskeie bladsye van jou familie webtuiste. Klik hierdie knoppie om 'n aftreklys oop te maak wat dieselfde opsies bevat as die Familie Webtuiste Kieslys.
	**Navorsing**	Vors jou familie na op MyHeritage.com. Klik hierdie knoppie om 'n aftreklys oop te maak wat dieselfde opsies bevat as die Navorsing Kieslys.
	**Premium**	Stel jou in staat om op te gradeer na Family Tree Premium lidmaatskap. Sien Premium Lidmaatskap.
	**Taal**	Stel jou in staat om die taal van jou keuse te kies waarin jy Family Tree Builder wil bedryf. Sien Tale en Vertaling.
	**Help**	Maak hierdie Gebruikersgids oop. Indien die gebruikersgids opdaterings het, sal die klik van hierdie knoppie aanbied om 'n nuwe weergawe af te laai.

Hoofstuk 3

Kom aan die gang



MyHeritage
Copyright © 2006-2013 MyHeritage Ltd.

Kom aan die gang

Omtrent Hierdie Hoofstuk:

Hierdie hoofstuk stel ‘n werkwyse voor om met Family Tree Builder te begin en begin deur te verduidelik hoe om mense by jou stamboom te voeg. Dit bevat die volgende afdelings:

- **Gebruik Family Tree Builder** verduidelik die basiese werkwyse vir die bou van ‘n stamboom deur Family Tree Builder te gebruik.
- **Skep Jou Eerste Projek** verduidelik hoe om ‘n projek te skep.
- **Voeg Familie by** verduidelik hoe om ‘n familie te beskryf.
- **Beskryf ‘n Persoon** verduidelik hoe om ‘n persoon te beskryf.
- **Uitbreiding van die Familie** verduidelik hoe om die stamboom uit te brei deur familielede te beskryf soos hulle verwant is aan mense wat jy reeds beskryf het.
- **Wysig inligting** verduidelik hoe om families en mense te wysig nadat hulle beskryf is.
- **GEDCOM en Family Tree Builder** verduidelik hoe om jou data vanaf ‘n GEDCOM lêer in te voer.
- **Vul datums in** verduidelik die verskillende opsie beskikbaar om datums of reekse datums in Family Tree Builder in te vul.
- **Verwysings** verduidelik hoe om die bronne en bewaarplekke wat jy vir jou navorsing gebruik het te identifiseer.
- **Te-Doen Take** verduidelik hoe om die verskillende take wat jy in jou projek wil hanteer te bestuur.

Gebruik Family Tree Builder

Die volgende is ‘n eenvoudige werkwyse wat jy kan gebruik om ‘n stamboom te bou deur Family Tree Builder te gebruik:

Stap 1 Laai Family Tree Builder af

⬇

Stap 2 Loods Family Tree Builder

⬇

Stap 3 Registreer as Lid van MyHeritage

⬇

Stap 4 Skep Jou Eerste Projek

⬇

Stap 5 Beskryf Jou Eerste Familie

⬇

Stap 6 Wysig Mense in Jou Familie

⬇

Stap 7 Voeg Mense by Jou Familie

⬇

Stap 8 Publiseer en Nooi Besoekers

⬇

Stap 9 Vind Ooreenstemmende Mense

⬇

Stap 10 Skep Diagramme en Verslae

Stap 1: Laai Family Tree Builder af

Family Tree Builder is gratis beskikbaar vanaf MyHeritage.com. Gaan eenvoudig na die webtuiste en volg die instruksies wat verduidelik hoe om dit op jou rekenaar te installeer.

Nadat dit geïnstalleer is, sal die volgende ikoon op die rekenaarskerm verskyn:



Stap 2: Loods Family Tree Builder

Jy kan MyHeritage Family Tree Builder loods deur sy ikoon op die rekenaarskerm te dubbel-klik, of dit begin deur **Begin**, en dan **Alle Programme** te kies:



Stap 3: Registreer as Lid van MyHeritage

Ten einde die Family Tree Builder toepassing te kan gebruik, moet jy ‘n geregistreerde lid MyHeritage wees. Registrasie is eenvoudig, vinnig en gratis.

As jy nog nie geregistreer het as lid van MyHeritage nie, doen dan nou so. As jy alreeds ‘n geregistreerde lid is, meld aan met jou gebruikersnaam en wagwoord.


Stap 4: Skep Jou Eerste Projek

Elke projek in Family Tree Builder verteenwoordig ‘n stamboom. Jy kan so veel projekte hê as wat jy wil. Tipies, verteenwoordig elke projek ‘n stamboom wat bestaan uit baie verwante gesinne.

Die proses om ‘n stamboom te skep, sal outomaties vir jou die opsie bied om ‘n webtuiste op MyHeritage.com te skep. Jy kan ‘n webtuiste skep, selfs al het jy nog nie jou stamboom ingevul nie. Dit sal jou eie persoonlike webtuiste wees, waar jou stamboom gepubliseer en voortdurend gesinchroniseer word. Jy kan dan familielede uitnooi en inligting oor jou familie deel.

Stap 5: Beskryf Jou Eerste Familie

Nadat jy ‘n projek beskryf het, word jy die opsie gebied om jou eerste gesin te skep: ‘n man, ‘n vrou en hul kinders. Klik eenvoudig die **Voeg Familie by** knoppie. Hierdie opsie word vertoon nadat jy jou nuwe projek geskep het. Vir instruksies om jou eerste familie te beskryf sien Voeg Familie by.




Stap 6: Wysig Mense in Jou Familie

Dubbel-klik die kaart van enige persoon in hierdie skerm om ‘n venster te vertoon waarin jy hulle kan beskryf deur hulle besonderhede by te voeg: name , feite, notas verwysings en baie meer.

Stap 7: Voeg Mense by Jou Familie

Om nog mense by jou familie te voeg, klik die leë **Voeg Vader By**, **Voeg Moeder By**, **Voeg Eggenoot By**, **Voeg Seun By**, **Voeg Dogter By** kaarte.



Om ‘n kind vir ‘n paartjie wat reeds ‘n kind het by te voeg, klik die **Voeg Seun By** of **Voeg Dogter By** skakels in die familiekaart.

Om ‘n eggenoot by iemand te voeg wat reeds ‘n lewensmaat het, regs-klik hierdie persoon en kies die **Huweliksmaats** kieslys. Kies dan die **Voeg Huweliksmaat By** opsie in die sub-kieslys.

Stap 8: Publiseer en Nooi Besoekers

Publiseer jou stamboom op jou familie webtuiste op MyHeritage.com en nooi mense uit om dit te kom sien! Enige latere veranderinge aan die stamboom sal met die familie webtuiste gesinchroniseer word.

Stap 9: Vind Ooreenstemmende Mense

Family Tree Builder stel jou in staat om ooreenkomste te vind vir mense in jou stamboom. Hulle word vergelyk met mense in alle ander stambome wat deur ander lede op MyHeritage.com geskep is. Dit stel jou in staat om die inligting te sien wat oor dieselfde persoon ingevul is ten einde jou stamboom te verryk en/of ‘n skakel te skep na daardie persoon in die ander stamboom.

Stap 10: Skep Diagramme en Verslae

Family Tree Builder stel jou in staat om ‘n ryke verskeidenheid van diagramme en verslae wat jou stamboom verteenwoordig te skep. Sien Diagramme en Verslae.

Skep jou Eerste Projek

Elke projek in Family Tree Builder verteenwoordig ‘n stamboom. Jy kan so veel projekte hê as wat jy wil. Tipies, beskryf elke projek ‘n stamboom wat verskeie verwante gesinne bevat.

Jy mag ook besluit om verskillende weergawes van ‘n stamboom te rugsteun in verskillende projekte ingeval jy wil terugkeer na inligting wat jy reeds verander het. Jy kan dit doen deur verskillende weergawes van jou stamboom in verskillende projekte te stoor. Verder, word al jou projekte gerugsteun op MyHeritage bedieners nadat jy hulle met jou aanlyn familie webtuiste gesinchroniseer het.

Wanneer jy jou eerste projek skep, word jy die opsie gebied om outomatiese sinchronisering aan te skakel, wat aanlyn rugsteun vir jou projekte bied. Dit beskerm jou stamboom en foto’s teen enige ramp of rekenaar skade. Jy kan ook sinchronisering vir ‘n spesifieke projek aanskakel.


Wanneer jy ‘n nuwe projek skep, word jy gevra om sy naam en taal te spesifiseer. Jy kan ook ‘n sekondêre taal spesifiseer as jou stamboom name in twee tale bevat.

Die oorspronklike projek wat geskep word is leeg. Jy kan die projek met inligting oor jou stamboom vul soos verduidelik in hierdie gids of jy kan data invoer wat in ‘n GEDCOM of ander formaat gestoor is. Jy kan ook ‘n projek invoer wat geskep is in Family Tree Builder, Family Tree Legends, Family Tree Maker, Personal Ancestral File, Legacy of The Master Genealogist. Hierdie **Invoer** funksie word verduidelik in GEDCOM en Family Tree Builder.

Nadat jy ‘n projek vanaf ‘n GEDCOM lêer ingevoer het, word jy gevra wie jy is in die stamboom. Sien Identifiseer Jou in die Stamboom vir meer besonderhede.

Om ‘n nuwe projek te skep:

1 Vanaf die **Lêer** kieslys, kies **Nuwe Projek** of klik die  ikoon op die nutsbalk. Die volgende venster verskyn:




2 Vul die naam van jou projek in die **Projeknaam** veld. Dit moet in Engelse letters ingevul word, maar dit mag ook spasies en basiese karakters insluit. Die projeknaam moet ‘n wettige lêernaam wees.

3 Klik Volgende. Die volgende venster verskyn:



4 Om die projek te sinchroniseer, merk **Sinchroniseer projek met familie webtuiste op MyHeritage.com**. Indien jy meer as een familie webtuiste het, kan jy uit die aftrekkieslys kies met watter een om te sinchroniseer.

5 Klik die **Volgende** knoppie om die volgende venster te vertoon:



6 Kies die **Hoof Taal,** wat die taal bepaal wat in die Family Tree Builder gebruikerskoppelvlak vertoon sal word en die taal van die data wat jy sal invul.

Indien jy data in ‘n addisionele taal wil invul, kies hierdie taal in die **Tweede Taal** veld.

LET WEL	Family Tree Builder verskaf ’n tweetalige modus, wat jou in staat stel om data in twee tale in te vul en te bekyk.

7 Klik die **Volgende** knoppie om die volgende venster te vertoon:




Hierdie venster dui aan dat jou projek suksesvol geskep is.

LET WEL

Jou projek is nie op MyHeritage.com gestoor en beskikbaar om deur enigeen deur die internet gesien te word voordat jy dit gesinchroniseer het met jou familie webtuiste nie.

8 Klik die **Klaar** knoppie om die volgende venster te vertoon:



Jy kan nou jou eerste familie byvoeg deur die 

knoppie te klik.

Identifiseer Jouself in die Stamboom

Wanneer jy ‘n projek wat jy geskep het of een vanaf ‘n GEDCOM lêer ingevoer het oopmaak, probeer Family Tree Builder om jou outomaties in die stamboom op te spoor, op grond van jou e-posadres wat jy verskaf het toe jy op MyHeritage geregistreer het. As jy nie op grond van hierdie e-posadres in die projek opgespoor kan word nie, word jy gevra om jouself in die stamboom te identifiseer wie jy is. Om jouself in die stamboom te identifiseer bied verskeie voordele, soos volg:

- Die stamboom dui al die ander mense wat aan jou verwant is aan, en dui hulle verwantskap tussen julle in verwante mense se kaarte en in ander plekke deur die toepassing, soos hieronder gewys:




- Wanneer jy sinchroniseer met ‘n webtuiste, identifiseer die gesinchroniseerde stamboom jou en spesifiseer die feit hier ook. Dus, die stamboom wys verwantskappe uit jou perspektief, soos hulle verwant is aan jou.

Om jouself in die stamboom te identifiseer:

1 Indien Family Tree Builder jou nie in die stamboom kan opspoor op grond van jou e-posadres nie, word die volgende venster vertoon:



2 Klik die **Kies** knoppie om die volgende venster oop te maak:



3 Kies jou naam uit die lys en klik dan **Kies**. Die volgende venster word weer vertoon.



4 Spesifiseer die Hoof Persoon vir die projek deur die toepaslike radio knoppie te kies. Sien Stel as Hoof Persoon vir meer inligting.

5 Klik **OK** om die instellings te stoor.

Voeg ‘n Familie by

Stambome word in Family Tree Builder geskep en gewysig deur ‘n intuïtiewe grafiese gebruikerskoppelvlak te gebruik wat eenvoudig is om te gebruik. Dit is hoog visueel, wat die proses byna moeiteloos maak. Dit stel jou in staat om ‘n stamboom te skep en te vertak net soos jy sou deur pen en papier te gebruik.

LET WEL

Family Tree Builder is geïnstalleer met ’n voorbeeld projek van die Kennedy familie om as ’n voorbeeld vir jou te dien.

WENK


Jy kan ook familie byvoeg deur die **Voeg onverwante Familie by** opsie in die Familie kieslys te kies.

Vir solank as jou projek leeg is, sal Family Tree Builder jou nooi om die eerste familie te bou waaruit afstammelinge en voorouers grafies beskryf kan word, soos hieronder gewys:

‘n Verskeidenheid van maniere is beskikbaar om jou te help om te begin om jou eerste familie te bou en om inligting in te vul en te verryk wat lede van daardie familie beskryf. Die volgende verduidelik een eenvoudige opsie om dit te doen.

Klik die **Voeg Familie By** 

knoppie om te begin. Die volgende venster word vertoon:



Beskryf die Man en Vrou

Vul die besonderhede van die man en die vrou van hierdie familie in.


Deur die nooiensvan (dit beteken haar van voor haar huwelik) van ‘n vrou in te vul stel Family Tree Builder in staat om verbintenisse in jou stamboom te verryk.

Om ‘n datum in te vul, tik dit in die veld of klik die **Datum** ikoon  wat aan die regterkant van elke datum veld verskyn. Family Tree Builder verskaf ‘n ryke verskeidenheid van opsies om datums of reekse datums in te vul.

Na voltooiing van hierdie venster en **OK** te klik word jy gevra om kinders by die familie te voeg, soos hieronder gewys:



Klik die **Voeg Seun By** of die **Voeg Dogter By** knoppie om die volgende venster te vertoon:




Vul die besonderhede wat hierdie kind beskryf in. Jy kan dan die **Meer detail** knoppie klik om 'n verskeidenheid van besonderhede van hierdie kind in te vul, of jy kan **OK** klik om terug te gaan na die Voeg Kinders By venster soos op die vorige venster gewys. Jy kan dan nog kinders op dieselfde manier soos hierbo beskryf is byvoeg totdat jy **OK** klik. Nadat jy **OK** geklik het, sal die Stamboom venster weer vertoon word wat die man, vrou en kinders wys.

LET WEL

Family Tree Builder bespeur outomaties wanneer jy probeer om 'n persoon by te voeg wat dieselfde is as 'n ander persoon wat reeds in die stamboom is. Wanneer dit gebeur, word 'n waarskuwing vertoon.

Beskryf ‘n Persoon

‘n Eenvoudige manier om te begin om ‘n persoon in jou stamboom te beskryf is om sy kaart of ‘n leë **Voeg Vader By, Voeg Moeder By, Voeg Eggenoot By, Voeg Seun By**, of **Voeg Dogter By** kassie te dubbel-klik.



Dubbel-klik hier om hierdie vader te beskryf


Dubbel-klik hier om hierdie persoon te beskryf

Dubbel-klik hier om hierdie familie te beskryf

Dubbel-klik hier om ’n seun of ‘n dogter te beskryf

Of jy ‘n moeder, vader, eggenoot of kind by ‘n bestaande persoon byvoeg, of ‘n persoon wat aan niemand verwant is, word die **Voeg Persoon By** wysneus vertoon.

Die maklikste manier om die besonderhede van ’n persoon in Family Tree Builder te wysig is om sy kaart in die Stamboom venster te dubbel-klik. Die volgende venster word vertoon, wat jou in staat stel om ‘n verskeidenheid van inligting vir hierdie persoon in te vul:




Hierdie venster bevat die volgende oortjies om hierdie persoon te beskryf:


- **Hoof Oortjie**
- **Inligting Oortjie**
- **Kontak Oortjie**
- **Vermeldings Oortjie**
- **Notas Oortjie**
- **Feite Oortjie**
- **Meer Oortjie**

Hoof Oortjie – Beskryf ‘n Persoon

Die **Hoof** oortjie stel jou in staat om basiese inligting van ‘n persoon te gee, soos sy naam, geslag en inligting oor sy geboorte en dood. Indien die persoon oorlede is, merk die **Oorlede** kassie om inligting oor sy dood en begrafnis by te voeg.




Klik die **Name** knoppie om ‘n venster te vertoon waarin jy addisionele name vir hierdie persoon en/of verskeie voorvoegsels en agtervoegsels by sy naam kan byvoeg, soos hieronder gewys:



Die naam wat jy in die **Hoof** oortjie ingevul het, verskyn in die venster hierbo. In hierdie geval, kan jy addisionele inligting oor daardie naam in hierdie venster byvoeg. Indien jy ‘n ander naam wil byvoeg, klik dan die **Voeg Addisionele Naam By** knoppie.


Die bokant van die venster wys hoeveel name vir hierdie persoon toegeken is. Jy kan die linker of regter pyl, hieronder vertoon, klik om te blaai tussen verskillende vensters met naam inligting.



Om vermelding inligting oor hierdie naam by te voeg, klik die **Naam Vermeldings** knoppie (sien Vermeldings).

Om 'n nota oor hierdie naam by te voeg, klik die **Naam Notas** knoppie (sien Notas Oortjie – Beskryf 'n Persoon).

Jy kan die **Foto's** knoppie klik om foto's van hierdie persoon te sien of by te voeg deur die Bestuur Foto's venster te gebruik:



Hierdie venster stel jou in staat om foto's van hierdie persoon te bekyk en by te voeg. Die venster opereer in twee modusse wat bepaal word deur die knoppies in boonste linkerhoek, in die Kies area. Die Kies opsies is:

- Blaai deur geassosieerde foto's
- Assosieer Foto's

Blaai deur Geassosieerde Foto's

Hierdie venster verskyn soos hierbo gewys wanneer die **Blaai deur geassosieerde foto's** opsie in die Kies area in die boonste linkerhoek gekies is. Dit is die standaard opsie wanneer 'n persoon reeds foto's het. Anders, word die **Assosieer Foto's** opsies gekies.


Hierdie opsie stel jou in staat om maklik deur al die foto's wat met hierdie persoon geassosieer is te blaai.

Jy kan 'n foto dubbel-klik om dit in meer besonderhede in die Beeldkyker te vertoon.

Die kykopsies wat hier verskaf word is dieselfde as daardie verduidelik in die Kykopsies hieronder.

Assosieer Foto's

Die venster verskyn soos hierbo gewys wanneer die **Assosieer Foto's** opsie in die boonste linkerhoek in die Kies area gekies word. Dit stel jou in staat om 'n foto met hierdie persoon te assosieer.



Om ‘n foto met hierdie persoon te assosieer:

1. Blaai na die lys van foto’s in die area aan die regterkant. In die veld bokant die foto’s, kan jy alle foto’s wys of slegs foto’s van hierdie persoon wat nog nie met hierdie persoon geassosieer is nie.
2. Klik ‘n foto in die area aan die regterkant.
3. Klik die **Assosieer** knoppie om hierdie foto na die linkerkant genoem **Geassosieerde Foto’s** te beweeg. Al die foto’s in hierdie area is met hierdie persoon geassosieer. Dit beteken dat hulle vertoon word wanneer jy hierdie persoon bekyk.

Kykopsies

Hierdie venster verskaf verskeie opsies om foto’s wat nog nie geassosieer is nie te bekyk, wat dit vir jou maklik maak om te kies en te assosieer met hierdie persoon.

Formaat

Jy kan die **Tabel** knoppie in die Formaat area kies om foto’s in die vorm van ‘n tabel, of die **Foto-miniature** knoppie om die foto’s slegs as duimnaelsketse te vertoon.

Jy kan die grootte van die duimnaelsketse verstel deur die glyer in die boonste regterhoek van die venster te gebruik. Beweeg dit na die **XXL** (Ekstra-Ekstra Groot) aan die regterkant om die duimnaelsketse groter te maak en beweeg dit na die S (Klein) aan die linkerkant om die duimnaelsketse kleiner te maak.


Bekyk

In die Bekyk area, kan jy die **Foto’s** kassie klik om te spesifiseer dat net foto’s vertoon moet word, of die **Dokumente** kassie om te spesifiseer dat net dokumente vertoon moet word of die Video/Audio kassie om te spesifiseer dat net video en audio lêers vertoon moet word.

Nuwe

Jy kan nuwe foto's, dokumente en video en audio lêers by hierdie persoon byvoeg en by jou stamboom.


Om een of meer media by te voeg, klik die **Nuwe** knoppie om 'n foto by te voeg, of op die pyl aan die regterkant van die **Nuwe** knoppie om 'n aftrek kieslys te vertoon. Dit stel jou in staat om te kies watter tipe media jy vir hierdie persoon wil byvoeg.



Sien Hantering van Foto's en Ander Media.

Inligting Oortjie – Beskryf ‘n Persoon

Die **Inligting** oortjie stel jou in staat om inligting oor die beroep, opleiding en identifikasie van hierdie persoon in te vul.



Jy kan inligting in enige van die areas in die venster invul en dan die ... knoppie druk om ‘n venster te vertoon waarin jy meer besonderhede oor hierdie inligting kan byvoeg, soos die datum, plek, feit vermelding, feit notas en feit foto’s, soos hieronder gewys:



- **Vermeldings van Feit:** Vir ‘n beskrywing van wat ‘n vermelding is en instruksies oor hoe om ‘n vermelding in te vul, sien Vermeldings.
- **Notas vir Feit:** Sien Notas Oortjie – Beskryf ‘n Persoon vir ‘n beskrywing van wat ‘n nota is en instruksies oor hoe om ‘n nota in te vul.
- **Foto’s vir Feit**: Sien Foto’s vir Feit.

Merk die **Huidige Opleiding** (of **Huidige Beroep**) merkkassie om te spesifiseer dat dit die huidige opleiding of beroep (jongste inligting) vir hierdie persoon is.


Merk die **Hierdie feit is privaat (moet nie met familie webtuiste sinchroniseer nie)** merkkassie vir inligting wat ingevul is as jy nie wil hê dat hierdie inligting met ‘n familie webtuiste gesinchroniseer moet word nie. Sien Privaatheid Instellings vir meer inligting.

Foto’s vir Feit

Klik die **Foto’s vir Feit** knoppie om foto’s wat met hierdie feit geassosieer is te sien en foto’s by te voeg. Byvoorbeeld, vir die immigrasie van ‘n persoon, kan jy ‘n foto van die skip vir die seevaart byvoeg, vir ‘n opleiding feit kan jy ‘n foto van die skool byvoeg, vir ‘n begrafnis feit kan jy ‘n foto van die grafsteen byvoeg, ensovoorts.

Kontak Oortjie – Beskryf ‘n Persoon

Die **Kontak** oortjie stel jou in staat om kontak en verblyfbesonderhede vir hierdie persoon in te vul, soos hieronder gewys:



In die **Datum** veld, kan jy die tydperk waarin die persoon by daardie adres gewoon het byvoeg.

Merk die **Huidige Adres** merkkassie as dit hierdie persoon se huidige adres is.

Een of meer addisionele adres mag ingevul word deur die **Voeg Addisionele Adres By** knoppie te klik.


Die aantal adresse wat bygevoeg is word bo-aan die venster aangedui, soos hieronder gewys:



WENK

Family Tree Builder verskaf 'n verslag wat al die adresse in jou stamboom lys.


Klik die **Meer kontak inligting** knoppie om addisionele telefoonnommers, e-posadresse en webtuiste kontakte by te voeg en te.



Vermeldings Oortjie – Beskryf ‘n Persoon

Vermeldings stel jou in staat om die bron van jou navorsing op te spoor en te identifiseer.


Die **Vermeldings** oortjie stel jou in staat om vermeldingsinligting in te vul, soos hieronder gewys:



Sien Vermeldings vir meer inligting omtrent vermeldings en hoe om hulle te gebruik.

Notas Oortjie – Beskryf ‘n Persoon

Die **Notas** oortjie stel jou in staat om enige inligting wat hierdie persoon Beskryf in vrye teks in te tik, soos hieronder gewys:



Verwys na Notas Oortjie – Beskryf Notas vir meer inligting omtrent notas en hoe om hulle te gebruik.


WENK

Voordat jy ’n nota invul, kyk of Family Tree Builder ’n feit tipe voorsien wat pas by hierdie soort inligting wat jy wil invul. Die rede is dat Family Tree Builder hierdie feite outomaties vertoon in baie van sy vensters, diagramme en verslae.

Feite Oortjie – Beskryf ’n Persoon

Die **Feite** oortjie stel jou in staat om feite omtrent hierdie persoon in te vul. Elke tipe feit verskaf ’n lys van velde vir jou om in te vul. Family Tree Builder vertoon hierdie feite outomaties in baie van sy vensters, diagramme en verslae.






Die mees algemene feite omtrent ’n persoon, soos sy geboorte, sterfte, beroep, opleiding ensovoorts, kan ook in die **Hoof** en **Inligting** oortjies gewysig word. Tog, verskyn hulle ook in die **Feite** oortjie, wat ’n gekonsolideerde lys van alle feite omtrent hierdie persoon vertoon.



Die bokant van die venster wys ‘n lys van alle feite omtrent hierdie persoon. Elke keer as jy op ‘n ry klik, word meer besonderhede omtrent hierdie feit aan die onderkant van die venster vertoon. Jy kan ook ‘n feit dubbel-klik om die besonderhede in ‘n aparte venster te vertoon.

Die middel van die venster verskaf al die besonderhede omtrent die gekose feit en stel jou in staat om dit te wysig.

Die onderkant van die venster verskaf die volgende knoppies:

Knoppie	Beskrywing
	Vertoon en voeg vermeldings vir hierdie feit by.
	Vertoon en voeg notas omtrent hierdie feit by. Vir meer besonderhede omtrent notas, sien Notas Oortjie – Beskryf ‘n Persoon.
	Vertoon en voeg foto’s vir hierdie feit by.
	Vertoon ‘n venster waarin jy ‘n nuwe feit omtrent hierdie persoon kan beskryf.
	Vertoon ‘n venster waarin jy die feite omtrent hierdie persoon kan wysig.
	Verwyder die gekose feit.
	Herrangskik die feite in chronologiese volgorde.

Om ‘n nuwe feit te beskryf:

1 Klik die **Nuwe Feit** knoppie om die volgende venster te vertoon:



2 Kies ‘n kategorie van feite uit die lys aan die linkerkant om ‘n lys van feite van daardie tipe aan die regterkant te vertoon.


3 Kies ‘n feit uit die lys aan die regterkant of tik die naam van ‘n nuwe tipe feit in die veld onderaan die venster en klik **OK**. Die nuwe ry word dan geskep in die feite tabel, gereed vir jou om meer inligting omtrent hierdie feit in te vul, byvoorbeeld datum, plek en beskrywing.

LET WEL

Indien die feit wat jy wil byvoeg nie een van die standaard feite is wat deur Family Tree Builder verskaf word nie, tik jy die naam van hierdie feit in die **Of tik ‘n aangepaste tipe in** veld onderaan die venster.


Meer Oortjie – Beskryf ‘n persoon

Die **Meer** oortjie stel jou in staat om inligting omtrent die fisieke kenmerke, status en privaatheid van ‘n persoon in te vul, soos hieronder gewys:




Klik die 

knoppie om besonderhede omtrent die fisieke kenmerke van hierdie persoon te bekyk en in te vul. Sien Voeg ‘n Fisieke Beskrywing vir ‘n Persoon by.

Klik die 

knoppie om die genetiese DNS inligting van hierdie persoon te bekyk en by te voeg. Sien Voeg DNS Merkers vir ‘n Persoon by.

Klik die 

knoppie om take vir hierdie persoon te bekyk en by te voeg. Sien Te-Doen Take.

Om aan te dui dat alle navorsing vir die persoon voltooi is, merk die **Navorsing is voltooi vir hierdie persoon** merkkassie. Wanneer jy hierdie merkkassie kies, vertoon die persoon se kaart ‘n groen regmerk aanduiding. Klik hierdie ikoon om ‘n hulpmiddel wenk te vertoon wat aandui dat alle navorsing vir hierdie persoon voltooi is. Klik die **Klik om navorsingstatus te sien** skakel om die Take venster vir hierdie persoon oop te maak.




Merk die merkkassie in die Privatisering area as jy nie wil hê die inligting omtrent hierdie persoon moet nie met ‘n familie webtuiste gesinchroniseer word nie. Sien Privaatheid Instellings vir meer besonderhede.

Voeg ’n Fisieke Beskrywing vir ‘n Persoon by

Om fisieke inligting vir ‘n persoon by te voeg:

1 Klik die 

knoppie om die volgende venster te vertoon:



2 Vul die fisieke besonderhede vir die persoon by en klik **OK**.

Voeg DNS Merkers vir ‘n Persoon by


Verskeie maatskappye verskaf toerusting wat gebruik kan word om DNS toetse uit te voer. Die inligting wat uit sulke toetse verkry is, kan vir die persoon in Family Tree Builder gestoor word.

LET WEL	DNS-verwante inligting word kripties in die Family Tree Builder databasis gestoor. Sulke inligting woord nooit op ‘n familie webtuiste gepubliseer nie, ook word dit nie ingesluit in ‘n GEDCOM lêer wat uitgevoer word nie.

Om DNS inligting vir ‘n persoon by te voeg:


1 Klik die 

knoppie om die volgende venster te vertoon:



2 Kies die DNS toetsmaatskappy wie se toets toerusting gebruik is om DNS-verwante inligting te versamel, en klik dan **OK**.

Die volgende venster word vertoon:



3 Kies die toepaslike toetsmaatskappy en toets in die **Kies 'n toets** aftreklys.

4 Vul die DNS resultate in die relevante kassies in. Let daarop dat velde in die venster verskil, afhangend van die spesifieke DNS maatskappy en toets wat jy in stap 3 gekies het.

5 Vul die **Haplogroep** in ('n belangrike tak op die menslike stamboom) op grond van hierdie toets, indien beskikbaar.

6 Vul **SNPs** (single nuclide polymorphism) in op grond van hierdie toets, indien beskikbaar.

7 Nadat al die toetsresultate ingevul is, klik **OK**.


Brei die Familie uit


Nadat jy inligting omtrent jou eerste familie beskryf het, kan jy begin om inligting van ander mense in die familie te beskryf. Om die stamboom uit te brei, voeg mense by die groep wat jy pas geskep het. Jy kan uitbrei in enige rigting deur ouers, grootouers, broers, susters, kinders, kleinkinders ensovoorts by te voeg. ‘n Verskeidenheid opsies word voorsien om lede by jou stamboom te voeg, insluitend die volgende:

- **Dubbel-klik ‘n Leë Familiekaart**
- **Regs-klik ‘n Persoon se Kaart**
- **Gebruik die Voeg ‘n Persoon by Knoppie**
- **Beskryf Nuwe Kinders in die Stamboom**
- **Voeg ‘n Bestaande Kind by ‘n Familie**
- **Voeg ‘n Eggenoot by ‘n Persoon**
- **Voeg ‘n Ander Eggenoot by ‘n Persoon**

Dubbel-klik ‘n Leë Familiekaart

Wanneer jy ‘n nuwe gesin beskryf, word ‘n kaart outomaties vir ‘n man, vrou en ‘n kind geskep. Jy kan ‘n lid by hierdie familie byvoeg deur ‘n leë kaart wat die betrokke verwantskap met die persoon wat vertoon word verteenwoordig, te dubbel-klik, soos hieronder gewys:



Byvoorbeeld, jy kan die 

skakel klik om ‘n venster te vertoon wat jou deur die proses neem om ‘n kind vir hierdie ouers te beskryf. Meer besonderhede in verband met die beskrywing van ‘n kind word in Beskryf Nuwe Kinders in die Stamboom verskaf.

Dieselfde geld vir die byvoeging van ‘n moeder of vader vir die man of vrou wat in hierdie venster vertoon word, en vir die byvoeging van ‘n huweliksmaat vir ‘n persoon wat nie ‘n huweliksmaat in die stamboom het nie.

WENK

Om ‘n broer of ‘n suster by die man of die vrou by te voeg, dubbel-klik eenvoudig een van hul ouers. Daardie man of vrou word dan ‘n kind van daardie ouers en jy kan addisionele kinders by daardie ouers voeg, en hulle is, natuurlik, hul broers en susters.

Regs-klik ‘n Persoon se Kaart


Jy kan ‘n persoon se kaart regs-klik om verskeie opsies te vertoon wat jou in staat stel om ouers, broers en susters, huweliksmaats en ander familielede by hierdie persoon te voeg.

Deur een van die opsies wat met die woord **Koppel** begin te gebruik, kan jy ‘n persoon wat reeds in jou stamboom bestaan verbind as ‘n familielid op ‘n ander plek in die stamboom. Byvoorbeeld, gebruik die **Koppel** opsie wanneer ‘n nefie en niggie trou, wanneer iemand deur ‘n oom of ‘n tannie aangeneem is of wanneer twee broers met twee susters trou.



Gebruik die Voeg Persoon By Knoppie

Klik die klein pyltjie aan die regterkant van die **Voeg Persoon By** knoppie om ‘n aftreklys te vertoon wat jou in staat stel om verskeie verhouding met die mense wat tans in die stamboom vertoon word, by te voeg, soos hieronder gewys:



LET WEL


Family Tree Builder bespeur outomaties wanneer jy probeer om ‘n persoon by te voeg wat dieselfde is as ‘n ander persoon wat reeds in die stamboom is. Wanneer dit gebeur, word ‘n waarskuwing vertoon.

Beskryf Nuwe Kinders in die Stamboom

Die visuele aspekte van die hoof Family Tree Builder venster maak dit maklik om kinders en ouers te beskryf. Hierdie afdeling verduidelik hoe om ‘n kind in die familie te beskryf. Jy kan ouers op dieselfde manier byvoeg.

WENK

Om ‘n broer of ‘n suster by te voeg, beskryf hulle as die kinders van dieselfde ouer.



Voeg ‘n seun of ‘n dogter by


Familie besonderhede verskyn altyd onder die man en vrou se kaarte. Dit vertoon besonderhede van hul huwelik en dui die aantal kinders wat hulle het aan. Dit verskaf ook ‘n **Voeg Seun By/Voeg Dogter By** opsie.

WENK

Jy kan ook kinders in die Wysig Familie venster byvoeg.

Om ‘n kind by te voeg:


1 Klik die **Voeg Seun By** of **Voeg Dogter By** knoppies, of dubbel-klik die wit kassie onderaan die boom wat die teks **Voeg Seun By/Voeg Dogter By** bevat, om die volgende venster te vertoon.



2 Vul die velde van hierdie venster in soos jy wil. Jy kan die **Meer Detail** knoppie klik om ‘n venster oop te maak waarin jy ‘n ryke verskeidenheid van inligting wat hierdie persoon beskryf, kan invul.

Voeg ‘n Bestaande Kind by ‘n Familie

Indien jy reeds ‘n persoon in Family Tree Builder beskryf het wat die kind van die ouers is, dan is dit redelik maklik om daardie persoon vanaf die Alle Mense lys te sleep en te los tot in die stamboom van sy of haar ouers, soos hieronder gewys:



Om ‘n bestaande kind by te voeg:


1. Kies die kind se naam uit die Alle Mense lys aan die linkerkant.
2. Sleep die kind tot in die wit **Voeg Seun By/Voeg Dogter By** kassie onderaan die venster.

Daar is verskeie maniere om ’n bestaande kind by ’n familie te voeg:


- Regs-klik ’n familie se kaart (of klik die **Wysig** knoppie). Die **Wysig familie** kieslys sal oopmaak. Uit die **Kinders** kieslys, kies **Koppel Bestaande Kind** en kies dan die kind uit die lys van mense in die.
- Dubbel-klik Familie op die nutsbalk. Die Wysig Familie venster maak oop. Gaan na die **Kinders** oortjie, klik die **Koppel Bestaande Kind** knoppie en kies dan die kind uit die lys mense in die boom.

Voeg ‘n Huweliksmaat by ‘n Persoon

Jy kan ‘n huweliksmaat by ‘n persoon in die boom byvoeg deur die **Voeg Eggenoot By** kaart langs hierdie persoon te klik.



Vul die velde van hierdie venster in soos jy wil. Jy kan die **Meer Detail** knoppie klik om ‘n venster oop te maak waarin jy ‘n ryke verskeidenheid van inligting wat hierdie persoon beskryf en die verhouding tussen die huweliksmaats kan invul.



Voeg ‘n Ander Huweliksmaat by ‘n Persoon

Baiekeer, het ‘n persoon reeds ‘n huweliksmaat in die stamboom en wil jy ‘n ander huweliksmaat vir ‘n ander huwelik van daardie persoon byvoeg.

Om dit te bereik, klik die **Wysig** knoppie onderaan die persoon se kaart, kies die **Huweliksmaats** opsie en dan die **Voeg Huweliksmaat By** opsie. ‘n Venster soortgelyk aan die een hierbo om die eerste huweliksmaat by te voeg verskyn, waarin jy die besonderhede van die addisionele huweliksmaat kan byvoeg.

Wysig Inligting


Family Tree Builder is baie buigsaam en stel jou in staat om enige inligting wat jy ingevul het op enige tydstip te wysig. In hierdie afdeling, kan jy uitvind oor:

- **Wysig ‘n Persoon**
- **Persoon Kieslys Opsies**
- **Wysig ‘n Familie**
- **Familie Kieslys Opsies**
- **Wysig ‘n Foto**

Wysig ‘n Persoon

Jy kan die gedetailleerde inligting invulbladsy van ‘n spesifieke persoon op verskeie maniere bereik:

- Klik die **Meer Detail** knoppie in die **Voeg Persoon By** wysneus.
- Dubbel-klik die persoon se kaart in die Stamboom Venster.
- Klik die **Wysig** knoppie op die persoon se kaart.
- Regs-klik die persoon se kaart en klik **Wysig Details**.




Dubbel-klik ’n Persoon se Kaart om sy inligting te wysig

‘n Venster maak oop waarin jy inligting en foto’s van hierdie persoon kan invul of wysig

Persoon Kieslys Opsies

Die volgende verduidelik die opsies wat vir jou beskikbaar is wanneer jy die **Wysig** knoppie onderaan die kaart klik of ‘n persoon se kaart regs-klik, soos hieronder gewys:



As jy die persoon se kaart in die Stamboom Venster regs-klik, stel die kieslys jou in staat om die status van daardie persoon te verander.


In een oogopslag, verskaf hierdie kieslys inligting oor hoeveel ouers, kinders, huweliksmaats en foto’s vir hierdie persoon beskryf is. Byvoorbeeld, John het 8 broers en susters, een huweliksmaat, vier kinders en 99 foto’s, soos hierbo gewys.

Wysig Details

Hierdie opsie open die Wysig Details venster, wat jou in staat stel om inligting oor ‘n persoon te wysig of by te voeg.

Persoon

Die volgende opsies is beskikbaar om die status van die huidige gekose persoon ter verander:




Gaan na Persoon

Hierdie opsie vertoon die huidige persoon as die fokus van die Stamboom Venster, wat beteken dat hierdie persoon se kaart nou in die middel van die Stamboom Venster verskyn.

Hierdie opsie is onaktief indien die huidige persoon reeds in fokus is.

Voeg by Gunstelinge


Hierdie opsie voeg die gekose persoon in die **Gunstelinge** kieslys. Die **Gunstelinge** kieslys verskaf ‘n vinnige manier om ‘n persoon in die middel van jou stamboom te plaas. ‘n Voorbeeld van die **Gunstelinge** kieslys word hieronder gewys. Hierdie een bevat twee gunsteling mense:



Stel as Hoof Persoon

Hierdie opsie beskryf die huidige gekose persoon as die Hoof Persoon. Elke stamboom het een Hoof Persoon om wie die stamboom gesentreer is. Die Hoof Persoon is invloedryk om verskeie redes, soos volg:

- Deur die **Huis**  knoppie te klik bring hierdie persoon in fokus, wat beteken dat dit hierdie persoon in die middel van die Stamboom Venster vertoon.
- Wanneer jy inligting oor ‘n persoon vertoon, soos wanneer jy oor daardie persoon in die Alle Mense lys huiwer, word die verwantskap tussen daardie persoon en die Hoof Persoon vertoon soos hieronder gewys:



- Wanneer jy ‘n persoon regs-klik en die **Verwantskap** opsie kies, dan word hierdie persoon se verwantskap met die Hoof Persoon vertoon.

Jy kan die Hoof Persoon op enige tydstip verander deur die **Stel as Hoof Persoon** opsie te kies.

Take

Voeg take wat met hierdie persoon verband hou by en wysig dit. Klik hierdie opsie om take wat met hierdie persoon verband hou by te voeg of dit te verwyder.

Wys in Lys

Beklemtoon die gekose persoon in die Mense Lys.

Verwyder Persoon

Dit verwyder die gekose persoon. Jy kan ‘n persoon op enige tydstip verwyder. As die verwydering van hierdie persoon verwantskappe in die stamboom sal verbreek, word ‘n waarskuwing vertoon.


Profielblad

Vertoon die volledige profielblad vir die gekose persoon. Sien bladsy 70.

Ouers

Die **Ouers** kieslys wys hoeveel stelle ouers hierdie persoon het, hul name en die kategorie van ouers wat hulle is, soos natuurlik of aangeneem. Kies eenvoudig een van die **Ouers** in die kieslys om hul kaart in die Stamboom Venster te vertoon

Die volgende opsies is beskikbaar om ouers te beskryf:



Voeg Ouers By

‘n Addisionele stel ouers kan enige tyd by ’n persoon gevoeg word. Byvoorbeeld, beide aangenome ouers en biologiese ouers kan bygevoeg word.

Die Voeg Ouers By venster word vertoon waarin jy kan beskryf hoe om ’n nuwe stel ouers by te voeg.

Koppel Ouers

Hierdie opsie stel jou in staat om ‘n persoon te koppel aan ‘n stel ouers wat reeds in Family Tree Builder beskryf is. ‘n Venster word vertoon waarin jy ouers kan kies. Jy kan huiwer oor ‘n ry om foto’s van daardie mense te sien.

Ontkoppel Ouers

Hierdie opsie stel jou in staat om ouers van hul kinders te ontkoppel. Die ouers sal steeds beskryf wees as ouers in Family Tree Builder, maar nie as die spesifiek ouers van die gekose persoon nie.

Vervang Ouers

Hierdie opsie stel jou in staat om die huidige ouer met verskillende ouers te vervang.

Bestuur Ouers

Hierdie opsie maak ‘n venster oop wat ’n lys vertoon van die huidige ouers van ’n persoon, waar jy ouers kan byvoeg, koppel, vervang en ontkoppel. Jy kan ook die tipe ouers wat hulle is beskryf, soos biologies of aangeneem.


Lys van Ouers

Hierdie opsie gee ‘n lys van al die ouers wat vir hierdie persoon beskryf is en dui aan hulle tipe, byvoorbeeld aangeneem of biologies.

Broers en Susters

Wanneer jy ‘n Persoon se Kaart in die Stamboom Venster regs-klik, vertoon die kieslys die aantal broers en susters van hierdie persoon en hul name. Kies eenvoudig een van die broers of susters uit die kieslys om hul kaart in die Stamboom Venster te vertoon.

Die volgende opsies is beskikbaar om broers en susters te beskryf:



Voeg Nuwe Broer By/Voeg Nuwe Suster By

Hierdie opsie stel jou in staat om ‘n broer/suster by ‘n gekose persoon te voeg. ‘n Venster word vertoon waarin jy ‘n broer/suster kan beskryf op dieselfde manier wat jy enige persoon in die Family Tree Builder beskryf.


Koppel Bestaande Broer of Suster

Hierdie opsie stel jou in staat om ‘n persoon wat reeds by die boom gevoeg is as ‘n broer of suster te koppel aan ‘n gekose persoon. ‘n Venster word vertoon waarin jy die persoon kan kies.

Huweliksmaats

Wanneer jy ‘n persoon se kaart in die Stamboom Venster regs-klik, vertoon die kieslys die aantal huweliksmaats wat vir hierdie persoon beskryf is en hulle name. Kies eenvoudig een van die huweliksmaats uit die kieslys om hul kaart in die Stamboom Venster te vertoon.

Die volgende opsies is beskikbaar om huweliksmaats te beskryf:



Voeg Huweliksmaat By

Hierdie opsie stel jou in staat om ‘n addisionele huweliksmaat by die gekose persoon te voeg. ‘n Venster word vertoon waarin jy ‘n huweliksmaat kan beskryf op dieselfde manier wat jy enige persoon in Family Tree Builder beskryf.

Koppel Huweliksmaat

Hierdie opsie stel jou in staat om ‘n huweliksverwantskap te skep tussen twee persone wat reeds in jou stamboom bestaan. Byvoorbeeld, wanneer ‘n niggie en nefie wat reeds by die stamboom gevoeg is sou trou, kan jy die een koppel as ‘n huweliksmaat van die ander. ‘n Lys van mense in die stamboom word vertoon waaruit jy die huweliksmaat kan kies om te koppel.

Ontkoppel van Huweliksmaat


Hierdie opsie stel jou in staat om ‘n huweliksmaat van ‘n persoon te ontkoppel. Die persoon sal nog steeds in die stamboom beskryf wees, maar hy of sy sal nie langer as die huweliksmaat van hierdie spesifieke persoon beskryf wees nie.

WENK

Moet nie hierdie opsie gebruik indien twee mense geskei is nie. Merk hulle eerder as geskei. Gebruik hierdie opsie slegs as twee mense verkeerdelik as huweliksmaats van mekaar gemerk is.

Bestuur Huweliksmaats

Gebruik hierdie opsie indien ‘n persoon meer as een huweliksmaat het. Dit stel jou in staat om meer inligting oor hulle verwantskap te beskryf. Die volgorde van die huweliksmaats is veral belangrik. Die eerste huweliksmaat in die lys is die huweliksmaat wat langs die persoon in die stamboom venster by verstek vertoon word. ‘n Ander veld van belang is die huwelikstatus, wat spesifiseer of ‘n huweliksmaat getroud, geskei of vervreemd ensovoorts is. Die volgende venster word vertoon:




Die bokant van die venster lys die huweliksmaats en ‘n kort opsomming van hul inligting.

Die middel van die venster verskaf al die besonderhede van die gekose huweliksmaat en stel jou in staat om dit te wysig.


Die onderkant van die venster verskaf die volgende knoppie:



Vertoon ‘n venster waarin jy ‘n nuwe persoon as ‘n huweliksmaat kan beskryf.



Vertoon ‘n lys van familielede waaruit jy die huweliksmaat om te koppel kan kies




Ontkoppel die gekose huweliksmaat.

 Beweeg die gekose huweliksmaat op of af in die lys

 Klik hierdie knoppie om die huweliksmaats in chronologiese volgorde te rangskik.

Foto’s


Wanneer jy ’n persoon se Kaart in die Stamboom Venster regs-klik, word die **Foto’s** kieslys vertoon wat die aantal foto’s vir hierdie persoon wys.



Vir meer besonderhede oor die **Foto’s** kieslys opsies, sien Bestuur Foto’s en Ander Media.

Navorsing

Wanneer jy 'n Persoon se Kaart in die Stamboom Venster regs-klik, verskaf die **Navorsing** kieslys toegang tot verskeie navorsing opsies vir daardie.




Vir meer besonderhede oor die **Navorsing** kieslys opsies, sien Navorsing Kieslys.

Verwantskap

Hierdie opsie stel jou in staat om die gekose persoon as Hoof Persoon te beskryf. Dit laat jou ook toe om om inligting oor hierdie verwantskap van hierdie persoon met ander mense in die stamboom te sien.

Die volgende opsies is beskikbaar in hierdie kieslys:



Stel [Gekose Persoon] as Hoof Persoon

Hierdie opsie beskryf die gekose persoon as die Hoof Persoon. Elke stamboom het een Hoof Persoon wie spesiale behandeling in Family Tree Builder ontvang.

Verwantskap met Hoof Persoon


Hierdie opsie vertoon die verwantskap van die gekose persoon met die Hoof Persoon.

Verwantskap met...

Hierdie opsie stel jou in staat om die verwantskap van die gekose persoon met enigeen in die stamboom te beskryf. ‘n Venster word vertoon wat al die mense in die stamboom lys. Kies die ander persoon om die verwantskap tussen die twee mense te sien.


Diagramme

Hierdie opsie stel jou in staat om diagramme te vertoon van die gekose persoon. Sien Diagramme.




Verslae

Hierdie opsie stel jou in staat om verslae oor ‘n gekose persoon te skep. Sien Verslae.



Wysig ‘n Familie

Die maklik-om-te-gebruik koppelvlak verskaf deur Family Tree Builder stel jou in staat om die klein kassie, geleë tussen die man en vrou van ‘n gesin, te dubbel-klik ten einde enige inligting omtrent hierdie gesin te wysig.



Dubbel-klik hier om die familie se inligting te wysig
‘n *Venster maak oop waarin jy inligting en foto’s van hierdie familie kan invul of wysig*

Die Wysig Familie venster bestaan uit verskillende oortjies, waarvan elkeen jou in staat stel om verskillende soorte inligting omtrent die familie as ‘n eenheid in te vul. Die oortjies is:

- **Hoof Oortjie**
- **Kinders Oortjie**
- **Vermeldings Oortjie**
- **Notas Oortjie**
- **Feite Oortjie**

Hoof Oortjie


Die **Hoof** oortjie stel jou in staat om die man en vrou wat die middelpunt van hierdie familie verteenwoordig te beskryf en om besonderhede van hul huwelik in te vul. Om die nooiensvan (wat beteken haar van voor haar huwelik) in te vul stel Family Tree Builder in staat om verhoudings in jou familie te verryk.

Om ‘n datum in te vul, tik dit in die veld of klik die **Datum** ikoon  wat aan die regterkant van elke datumveld verskyn. Family Tree Builder verskaf ‘n ryke verskeidenheid van opsies om datums en reekse datums in te vul.

Klik die **Foto’s** knoppie om foto’s van hierdie familie te sien en by te voeg.

Kinders Oortjie



Die **Kinders** oortjie stel jou in staat om kinders van hierdie primêre man en vrou te beskryf. Die bokant van die venster vertoon ‘n lys van die kinders wat reeds beskryf is en verskaf ‘n kort opsomming van hul inligting.



Die middel van die venster verskaf al die besonderhede omtrent die gekose kind en stel jou in staat om hom/haar te wysig. Die **Verwantskap** veld mag van besondere belang wees in die geval van aangenome of pleegkinders.


Indien jy slegs die aantal kinders in die gesin weet, maar nie enigiets van die kinders weet nie, is daar twee maniere om voort te gaan. Jy kan of hierdie kinders byvoeg sonder inligting oor hulle, of alternatiewelik, kan jy die **Bekende hoeveelheid kinders** merkkassie merk en die aantal kinders in die gesin invul.

Die onderkant van die venster verskaf die volgende knoppies:

Knoppie	Beskrywing
	Vertoon ‘n venster waarin jy ‘n nuwe persoon kan beskryf wie ‘n kind van hierdie ouers sal wees.
	Vertoon ‘n lys van familielede aan wie jy ‘n gekose kind kan koppel.
	Ontkoppel die gekose kind.
	Kies die ry van ‘n kind en klik die Op of Af knoppie om die kind op of af in die lys te beweeg.
	Klik hierdie knoppie om die kinders in chronologiese volgorde te rangskik.

Vermeldings Oortjie – Beskryf Vermeldings


Vermeldings stel jou in staat om jou bronne en bewaarplekke wat jy vir jou navorsing gebruik het op te spoor en te identifiseer. Die **Vermeldings** oortjie stel jou in staat om vermelding inligting in te vul, soos hieronder gewys:




Vir ‘n verduideliking van vermeldings en hulle gebruik, sien Vermeldings.

Notas Oortjie – Beskryf Notas

Die **Notas** funksie in Family Tree Builder stel jou in staat om vrye teks in te vul wat oor hierdie familie vertoon word. Jy kan die teks tik of dit in die Notas venster kopieer en plak vanaf enige bron, soos hieronder gewys word:



Die bokant van die venster dui aan hoeveel notas aan hierdie familie toegeken is. Jy kan die linker of regter pyl klik, soos hieronder gewys, om te blaai tussen verskillende vensters van notas inligting.



Die nutsbalk in die Notas venster stel jou in staat om die formaat van die teks van die werklike nota te verander.

Om die notas te verwyder, klik die **Vee Nota Skoon** knoppie.


Om ‘n ander nota by te voeg, klik die **Voeg addisionele Nota By** knoppie.

Om ‘n vermelding vir hierdie nota by te voeg, klik die **Nota Vermeldings** knoppie (sien Vermeldings).

Indien jy wil hê dat die nota privaat moet wees en nie met jou familie webtuiste gesinchroniseer moet word nie, merk die **Hierdie nota is privaat (moenie met familie webtuiste sinchroniseer nie)** merkkassie.

Feite Oortjie – Beskryf Feite

Die **Feite** oortjie stel jou in staat om verskeie feite omtrent hierdie familie in te vul. 'n Verskeidenheid kategorieë van feite word verskaf, en elke feit het 'n verskillende veld, wat jou in staat stel om inligting wat relevant is vir die gekose feit in te vul, soos hieronder gewys:



Die prosedure om 'n feit oor 'n familie in te vul is dieselfde as om 'n feit oor 'n persoon in te vul, soos verduidelik in Feite Oortjie – Beskryf 'n Persoon.

Familie Kieslys Opsies

Die volgende familie-verwante kieslys opsies is beskikbaar:

- **Wysig Details:** Sien Wysig ‘n Familie.
- **Familie:** Sien Wysig ‘n Familie.
- **Kinders:** Sien Kinders Oortjie.
- **Foto’s:** Sien Bestuur Foto’s en Ander Media.
- **Navorsing:** Sien SuperSearch.
- **Voeg Onverwante Familie By:** Sien Voeg ‘n Huweliksmaat by ‘n Persoon.

GEDCOM en Family Tree Builder

GEDCOM, ‘n akroniem vir GEnealogical Data COMmunication, is ‘n spesifikasie om genealogiese data tussen verskillende genealogiese sagteware uit te ruil.

MyHeritage verskaf ‘n ryke verskeidenheid van visuele koppelvlak funksies, media manipulering funksies, inligting redigering en vertoonopsies wat ‘n beduidende verbetering oor die GEDCOM se spesifikasie verteenwoordig.

Jy kan jou nuwe genealogie projek in Family Tree Builder op die volgende maniere begin:

- Skep ‘n nuwe projek.
- Voer ‘n projek vanaf ‘n bestaande GEDCOM lêer in. Tipies, sal dit ‘n GEDCOM lêer wees wat jy vanaf ander genealogie sagteware uitgevoer het.
- Voer die projek vanaf ‘n ander genealogie program in, soos Family Tree Legends, Family Tree Maker, Personal Ancestral File, Legacy of The Master Genealogist. Wanneer jy invoer vanaf een van hierdie toepassings, word die belangrike data outomaties omskep na GEDCOM formaat vir gebruik in Family Tree Builder.

LET WELE

In Family Tree Builder, is die hoof stoor eenheid vir jou ‘n Projek. ‘n Projek is gelykstaande aan ‘n enkele GEDCOM lêer, plus alle verwante foto’s, dokumente en lêers.

WENK

Alternatiewelik, kan jy die **Snel-Begin Wysneus** opsie in die **Lêer** kieslys gebruik om ‘n GEDCOM projek in te voer, uit te voer of te laai.

Invoer van ‘n Bestaande GEDCOM Lêer


Dit is moontlik om te begin werk aan jou genealogie projek met Family Tree Builder deur jou data in te voer. Jy kan ‘n GEDCOM lêer vanaf ‘n ander genealogie program invoer om ‘n nuwe projek te begin, of die inhoud daarvan in ‘n huidige projek saam te smelt.

Voer jou data in na Family Tree Builder:

1 Vanaf die **Lêer** kieslys, klik **Voer in GEDCOM lêer**. Die volgende venster word vertoon:



2 Blaai deur en kies die lêer wat jy wil invoer en klik **Volgende**. Of, klik die **Skandeer** knoppie om outomaties jou rekenaar te skandeer om genealogie lêers op te spoor, waaruit jy die spesifieke lêer kan kies wat jy wil invoer. Nadat jy die lêer gekies het om in te voer, sal die volgende venster vertoon word:




3 Klik **Volgende**. Die volgende venster word vertoon:



4 Tik die projek se naam in die Projeknaam kassie en klik **Volgende**.

LET WEL	Dit word aanbeveel dat jy die GEDCOM konfigurasie parameters onveranderd laat.


Wanneer ‘n GEDCOM lêer ingevoer word, word die volgende venster vertoon:



Wanneer ’n lêer vanaf ’n ander genealogie program in ’n nie-GEDCOM formaat ingevoer word (byvoorbeeld, ‘n Family Tree Legends *.FTL lêer of ’n Personal Ancestral File *.PAF lêer), word die lêer eers omgeskakel na GEDCOM formaat voordat dit ingevoer word na Family Tree Builder. Aan die einde van die omskakelingsproses word die volgende venster vertoon:



5 Vir ‘n GEDCOM lêer invoer, klik **Klaar**.



6 Vir ’n nie-GEDCOM lêer invoer, klik **Volgende** en dan **Klaar**. Jou FTB projek is nou geskep.

Die GEDCOM invoerfunksie is met duisende stambome getoets. Dit is gedoen omdat baie genealogie produkte nie presies voldoen aan die GEDCOM formaat nie, of aan teenstrydighede ly wat binne die formaat self bestaan. Ons doen ons uiterste bes om jou data so betroubaar moontlik te herwin, en ons glo ons het die mees akkurate GEDCOM invoertoepassing beskikbaar ontwikkel. Nogtans, daar word altyd nuwe kwessies gevind met hierdie vermoë, dus indien jy enige foute of tekortkominge wat met die invoerprosedure voorkom opmerk, stuur vir ons die besonderhede sodat ons die invoerproses verder kan verbeter.

Indien enige kwessies ontdek word gedurende die invoer van ‘n GEDCOM, kan jy die **Bekyk Kwessies** knoppie klik om hulle te sien.

WENK

Ons ondersteun die invoer van medialêers en dokumente in ‘n GEDCOM lêer, insluitende foto’s. Nogtans, verwys sommige genealogie produkte na hulle deur van nie-GEDCOM sagteware gebruik te maak. Indien jou foto’s nie korrek ingevoer word nie, stuur ons asseblief jou GEDCOM lêer om dit reg te maak.

WENK

Gevorderde gebruikers kan ‘n verslag aan die einde van die invoer sien, wat wys watter onverwagte oortjies in jou lêer gevind is en hoe hulle hanteer is.

WENK

Ons ondersteun ‘n GEDCOM invoer vanaf Dorotree, self van tweetalige stambome (byvoorbeeld Engels en Hebreeus).

WENK

Die vermoë om ‘n GEDCOM lêer saam te smelt met ‘n huidige projek word slegs gedeeltelik gedoen. Tans word die samesmelting nie ten volle gedoen nie. Daar is steeds geen toepassing om jou bestaande stamboom en ‘n ingevoerde GEDCOM langs mekaar te vergelyk nie, waar jy gevra word watter spesifieke rekords jy wil invoer en watter verwerp moet word nie. Hierdie toepassing word beplan vir toekomstige vrystellings.


Invoer van Datums

Family Tree Builder verskaf 'n ryke verskeidenheid van opsies om datums en reekse datum in te vul. Baie funksies verskaf outomaties voordele wanneer jy datums invul, soos die vermoë om 'n lys van mense gerangskik volgens hul geboortedatums te sien of om die gebeure in 'n persoon se lewe chronologies te lys.

Om 'n datum in te vul, tik dit in die veld deur enige formaat wat jy verkies (vrye teks) te gebruik of klik die **Datum** ikoon  wat verskyn aan die regterkant van elke datum veld.



Die volgende venster word vertoon:




Indien jy 'n presiese datum wil invul, maak eenvoudig jou keuse uit die **Maand** en **Dag** velde en tik die jaar in die **Jaar** veld.

Jy kan ook die visuele kalender in die regter bokant van die venster gebruik om die datum van jou keuse te klik. Die datum wat jy kies sal ook in die **Maand, Dag** en **Jaar** velde verskyn.

Datum Veld

Die datum wat jy spesifiseer kan taamlik buigbaar wees. Dit kan die presiese datum wees soos hierbo beskryf is, of ‘n benadering. Indien jy nie seker is van die presiese datum nie, kies uit die **Voor, Na, Omtrent, Geskat** of **Berekend** opsies om aan te dui ongeveer wanneer die gebeurtenis plaasgevind het.




Die **Geskat** opsie is ‘n aanduiding dat jy nie seker is wanneer die gebeurtenis plaasgevind het nie.


Die **Berekend** opsie is ‘n aanduiding dat jy die datum bereken het. Byvoorbeeld deur te sê dat jou ouma 70 jaar oud was toe sy in 1985 dood is mag jy daarom sê dat sy voor 1916 gebore is.

Die **Periode** opsie: **Periode (begin tot einde), Periode (begin)** en **Periode (einde)** word tipies gebruik om ‘n gebeurtenis te spesifiseer wat oor ‘n tydperk plaasgevind het soos universiteitstudies.

Die opsie om ‘n datum in hierdie venster in te vul verander in ooreenstemming met die keuse wat in die veld maak, soos hieronder gewys:



Enkele Datum




Datum binne Tydsbestek




Periode (Begin tot Einde)




Periode (Begin)



Periode (Einde)



Datum in Vrye Teks



Jy kan die **Na Sononder** merkkassie merk om aan te dui wanneer hierdie gebeurtenis plaasgevind het. Hierdie opsie is relevant wanneer datums ingevul word deur die Hebreeuse Kalender te gebruik.

Hebreeuse en Franse Revolusie Kalenders

Hierdie venster stel jou ook in staat om die **Hebreeuse Kalender** of die **Franse Revolusie Kalender** knoppie onderaan die venster te klik om die vereiste kalender te vertoon. Jy kan jou keuses in hierdie kalender maak op dieselfde manier as in die **Standaard Kalender**.

Indien jy wil, kan jy hierdie datum in die ooreenstemmende datum in die standaard kalender omskakel deur die **Skakel om** knoppie te klik.

Vermeldings


Vermelding stel jou in staat om jou bronne en bewaarplekke wat jy met jou navorsing gebruik het te identifiseer.

Stambome is ryker wanneer hulle baie vermeldings bevat wat die verwysing na die inligting in die stamboom met ‘n spesifieke bron dokument in ‘n bewaarplek, soos ‘n biblioteek, verbind. ‘n Bron kan ‘n verskeidenheid van entiteite wees soos ‘n boek, nuusberig, wettige dokument, grafsteenfoto, onderhoud transkripsie, brief of webtuiste. Die vermelding is ‘n verwysing na ‘n wat die relevante inligting in die stamboom verifieer.

Family Tree Builder ondersteun die volle GEDCOM spesifikasie wat verband hou met bronne, notas en vermeldings. Hierdie elemente word rekursief ondersteun, sodat jy ‘n nota by ‘n persoon kan byvoeg, daardie nota assosieer met ‘n vermelding wat dit verbind met ‘n bron, ‘n ander nota byvoeg by daardie spesifieke vermelding ensovoorts. Jy kan ook notas aan spesifieke gebeurtenisse in ‘n persoon se lewe toeken, of aan een van sy/haar name in plaas daarvan om dit toe te ken aan ‘n persoon as ‘n geheel

Om ‘n Vermelding te Beskryf:

1 Wanneer jy die **Vermelding** knoppie in enige van die Family Tree Builder vensters klik, word die Vermelding venster vertoon, soos hieronder gewys. Dit is ook een van die oortjies wat beskikbaar is wanneer jy ‘n persoon of familie beskryf. Die naam van hierdie knoppie mag tussen vensters verskil en genoem word **Vermelding Notas** of **Nota vir Vermelding** ensovoorts.



2 Kies die bron vir hierdie vermelding of verwysing uit die Bron aftreklys.

LET WEL

Indien die bron wat jy soek nog nie in hierdie projek beskryf is nie, klik die **Nuwe Bron** knoppie om dit te beskryf. Jy kan ook die **Wysig Bron** knoppie gebruik om dit te wysig (sien Bestuur Bronne en Bewaarplekke).

3 Jy kan die venster van die vermelding in die bron byvoeg of die URL indien die bron ‘n webtuiste is.


4 Kies die vlak van betroubaarheid in die **Betroubaarheid** aftreklys, voeg ‘n datum by die vermelding en voeg die spesifieke vermelding teks by.

5 Klik **Vermelding Notas** om notas vir hierdie vermelding by te voeg. Sien Notas Oortjie – Beskryf Notas vir besonderhede om notas by te voeg.

6 Wanneer jy die vermelding klaar beskryf het, klik **OK** om die Vermeldings venster toe te maak.

Om ‘n Bron by te voeg:


1 Klik die **Nuwe Bron** knoppie om ‘n nuwe bron in jou projek te skep.




2 Vul die inligting wat die bron beskryf in hierdie venster in.

3 Klik **Bron Foto’s** om foto’s vir hierdie bron by te voeg.

4 Klik **Bron Notas** om notas vir hierdie bron by te voeg.

5 Jy kan ook die bewaarplek (soos die naam van die biblioteek of databasis) waarin die bron geleë is beskryf, indien vereis. Indien die bewaarplek reeds bestaan, kan jy dit kies in die **Bewaarplek** veld. Jy kan die 

knoppie klik om die volgende venster te vertoon waarin jy 'n nuwe bewaarplek kan beskryf.



6 Voeg notas by hierdie bewaarplek deur die **Bewaarplek Notas** knoppie te klik.

7 Jy kan 'n lys van al die bronne en bewaarplekke in jou projek sien deur te gaan na die Bekyk kieslys en dan die **Bronne** en **Bewaarplekke** opsie onderskeidelik, te klik.


To-Doen Take

Family Tree Builder se **Take** funksie stel jou in staat om die verskeie take wat jy in jou projek wil uitvoer te bestuur. In hierdie konteks, is take soos notas aan jouself of ‘n te-doen lys. Take word nie met die familie webtuiste gesinchroniseer nie en is slegs beskikbaar in Family Tree Builder. Jy kan take in Family Tree Builder byvoeg, wysig en verwyder.

Wanneer jy ‘n taak wat met ‘n spesifieke persoon verband hou beskryf, vertoon daardie persoon se kaart die ikoon om aan te dui dat ‘n taak met daardie persoon geassosieer is (sien Bekyk Take vir ‘n Persoon).


Om ‘n taak te beskryf:

1 In die **Bekyk** kieslys, klik **Te-Doen Take** om die Bestuur Te-Doen Take venster oop te maak.



2 In die **Take vir** aftreklys, kan jy filtreer om slegs take wat met ‘n spesifieke persoon geassosieer is te sien of om alle take te sien.

3 Klik die **Nuwe Taak** knoppie om ‘n nuwe taak te skep. Die Voeg Nuwe Taak By venster word vertoon:



4 In die **Titel** veld, vul ‘n naam in vir die taak.

5 [Opsioneel] In die Beskrywing veld, vul ‘n beskrywing vir die taak in.

6 In die **Prioriteit** aftreklys, kies een van die volgende opsies om die prioriteit van die taak te stel:

- Laag
- Normaal
- Hoog

Die **Prioriteit** beïnvloed die volgorde van die take in die lys. Jy kan take in die lys van take volgens prioriteit rangskik.

7 [Opsioneel] In die **Plek** veld, vul die fisiese plek in waar die taak verrig sal word, byvoorbeeld ‘n biblioteek of begraafplaas.


8 In die **Status aftreklys**, kies een van die volgende opsies om die huidig status van die taak aan te dui:

- Nie begin nie
- Besig
- Voltooi
- Uitgestel
- Gekanselleer

LET WEL


Take met ‘n Gekanselleerde status word laaste in die lys vertoon en is grys gekleur.

9 [Opsioneel] Klik die **Voeg by** knoppie om die volgende venster, waarin jy take met ‘n spesifieke persoon assosieer, oop te maak.




Kies die toepaslike persoon uit die lys en klik dan die **Kies** knoppie.

Die gekose persoon word in die vensterruit onderaan die venster vertoon.



10 Klik die **OK** knoppie om die taak te stoor. Die taak verskyn in die lys van take in die Bestuur Te-Doen Take venster.



Klik ‘n kolomopskrif om die tabel se inhoud volgens daardie kolom, in dalende volgorde te rangskik.

11 Klik die **Klaar** knoppie om hierdie venster te verlaat.

WENK

Klik **Staak Sinchronisering** om die sinchroniseer proses te staak.

Jy kan ook die volgende addisionele aksies op take verrig deur die knoppie aan die regterkant van hierdie venster te gebruik:


- **Wysig Taak:** Kies ‘n taak in die venster en klik die **Wysig Taak** knoppie om daardie taak te wysig.
- **Verwyder Taak:** Kies ‘n taak in die venster en klik die **Wis Taak Uit** knoppie om die taak te verwyder.
- **Stoor na Lêer**: Stoor ‘n lys van take in ‘n Excel lêer.

Bekyk Take vir ‘n Persoon

Wanneer jy ‘n persoon byvoeg as ‘n verwysing vir ‘n taak, vertoon daardie persoon se kaart die ikoon wat aandui dat ‘n taak met daardie persoon geassosieer is.

Om take wat met ‘n spesifieke persoon geassosieer is te bekyk:

- Klik die ikoon in die persoon se kaart om die volgende venster oop te maak:



LET WEL

Jy kan ook ’n lys van take sien wat met ’n gegewe persoon geassosieer is deur toegang tot daardie persoon se kaart te kry en die **Meer** oortjie te klik.

Let daarop dat hierdie venster baie soortgelyk is aan die Bestuur Te-Doen Take venster (gewys op bladsy 135), behalwe dat dit slegs daardie take insluit wat met die gegewe persoon wie se inligting jy bekyk geassosieer is, aangesien die gekose persoon uit die **Take Vir** kieslys gekies is.

Hoofstuk 4

Premium Lidmaatskap



MyHeritage
Copyright © 2006-2013 MyHeritage Ltd.

Premium Lidmaatskap

Omtrent Hierdie Hoofstuk:

Hierdie hoofstuk stel Family Tree Builder se Premium Lidmaatskap funksies bekend en beskryf hulle voordele en hoe om ‘n Premium lidmaatskap te verkry. Dit bevat die volgende afdelings:

- **Oorsig** beskryf Family Tree Builder se Premium Lidmaatskap funksies.
- **Verkry Premium Lidmaatskap** beskryf hoe om Premium Lidmaatskap te verkry.

Oorsig

Family Tree Builder is gratis beskikbaar by MyHeritage.com. Gaan eenvoudig na die webtuiste en volg die instruksies wat beskryf hoe om dit op jou rekenaar te installeer.

Daarbenewens word opsionele Premium inskrywingsplanne voorsien vir baie groot stambome of fotoversamelings. Hierdie Premium lidmaatskap verskaf ook toegang tot pragtige bykomende funksies, soos beskryf in hierdie afdeling.

Die MyHeritage.com webtuiste stel jou in staat om op te gradeer na ‘n Premium lidmaatskap en beskryf al die voordele wat dit voorsien:

- **Basiese** lidmaatskap is gratis.
- **Premium** lidmaatskap verskaf die opsie om baie meer mense tot jou stamboom en baie meer foto’s tot jou versameling by te voeg, bykomend tot addisionele funksies.
- **Premium Plus** lidmaatskap verskaf die opsie om ‘n onbeperkte aantal mense tot jou stamboom en ‘n onbeperkte aantal foto’s tot jou versameling by te voeg, bykomend tot addisionele funksies.

Die volgende beskryf die bykomende funksies wat jy kry met ‘n Premium lidmaatskap op Family Tree Builder.

Samesmelting van Smart Matches

Smart Matches help miljoene gebruikers op MyHeritage.com om nuwe familielede te ontdek deur verbintenisse tussen stambome te vind. Nou met die nuwe Smart Match Merge funksie kan jy maklik inligting van ‘n ooreenkomstige stamboom met jou eie stamboom kombineer.

‘n Intelligente wysneus lei jou deur die samesmelting van name, datums, plekke, notas, foto’s en enige ander feite van ‘n ooreenstemmende persoon.

En, daar is nog. Jy kan bykomende inligting oor ouers, gades, broers, susters en kinders van hierdie persoon ook saamsmelt!

Ten einde Smart Match Merge te gebruik, moet jy opgradeer na ’n Premium rekening op MyHeritage.com.

Alles-in-Een Diagramme

Die Alles-in-Een Diagram is ‘n fantastiese funksie om die groter prentjie in jou stamboom te sien. Hierdie is ‘n diagram wat ALLE familielede van enige gegewe persoon bevat. Jy kan dit druk as ‘n plakkaat van die hele stamboom of dit e-pos aan jou familie.

Ten einde Alles-in-Een Diagramme te skep, moet jy opgradeer na ‘n Premium rekening op MyHeritage.com.

Volledige Kaart Ondersteuning

Kaarte is ‘n goeie funksie om jou familiegeskiedenis te bekyk op ‘n interaktiewe wêreldkaart. Deur kaarte te gebruik, kan jy jou familie se oorsprong ontdek en ‘n beter kennis van jou familie verkry.

Die gratis weergawe van Family Tree Builder toon slegs sekere van die plekke wat in jou stamboom genoem word op die kaart aan. Om al die plekke in jou stamboom op die kaart te sien, moet jy opgradeer na ‘n Premium rekening.

Deursoek MyHeritage Bome

‘n Premium Plus lidmaatskap stel jou in staat om MyHeritage se SuperSearch aanlyn navorsing enjin te gebruik om alle MyHeritage stambome wat deur ander MyHeritage gebruikers geskep is te deursoek. Basiese gebruikers en hulle met ‘’n Premium lidmaatskap moet ‘n Data Inskrywing koop om SuperSearch te gebruik.


Verkry Premium Lidmaatskap

Verskeie opsies word in die Family Tree Builder koppelvlak voorsien om toegang te kry tot die opsie om op te gradeer na Premium lidmaatskap, soos volg:

- Klik die  ikoon op die nutsbalk in die boonste linkerkant van die Family Tree Builder venster.
- Klik die **Opgradeer my na Premium** knoppie in die volgende venster wat vertoon word wanneer jy Family Tree Builder begin of wanneer jy probeer om toegang tot 'n premium funksie te verkry:



Die volgende venster word dan vertoon indien jy reeds meer as een familie webtuiste op MyHeritage.com het.



Hierdie venster stel jou in staat om die webtuiste te kies wat jy na ‘n Premium lidmaatskap wil opgradeer.


LET WEL

Jy moet slegs een maal in jou lewe betaal vir ’n Premium lidmaatskap ten einde al die Premium funksies van Family Tree Builder te kry. Die Premium lidmaatskap gee jou ook opgegradeerde Premium familie webtuiste. Die familie webtuiste inskrywing word outomaties elke jaar hernu, maar jy kan dit enige tyd via die My Aankope bladsy, toeganklik vanaf jou rekening aftrek kieslys op jou familie webtuiste, kanselleer. Selfs al kanselleer jy die Premium inskrywing vir jou familie webtuiste, sal Family Tree Builder se Premium funksies steeds vir jou beskikbaar wees.

Indien jy geen webtuiste het nie, kan jy die naam van jou nuwe webtuiste invul.

Kies die plan waarna jy wil opgradeer (Premium of Premium Plus) en die aantal jaar. Nadat betaling gemaak is, sal jou Family Tree Builder program die Premium funksies ontsluit.

'n Webbladsy word dan vertoon, wat jou in staat stel om jou Family Tree Builder te betaal en op te gradeer.



Hoofstuk 5

Hantering van Foto's en Ander Media



MyHeritage

Copyright © 2006-2013 MyHeritage Ltd.

Hantering van Foto's en Ander Media

Omtrent Hierdie Hoofstuk:

Hierdie hoofstuk beskryf hoe om aantekeninge te voorsien en gesigte in foto's outomaties te merk en hoe om dokumente en video/audio lêers te gebruik om jou stamboom te verryk. Dit bevat die volgende afdelings:

- **Oorsig** beskryf Family Tree Builder se kragtige foto hantering gereedskap.
- **Media Tipes** beskryf hoe om 'n verskeidenheid van tipes inligting in te voer en hoe om verskeie tipes media met hierdie inligting te assosieer.
- **Foto's in Stamboom Venster** beskryf hoe om foto's in die Stamboom Venster te wysig.
- **Bekyk en Wysig Foto's** beskryf verskeie opsies om foto's te bekyk, foto's met mense en feite te assosieer, en inligting omtrent foto's by te voeg.
- **Foto Mense Lys** lys die mense wat jy in Family Tree Builder beskryf het.
- **Foto's Lys** vertoon alle of sommige foto's in Family Tree Builder, volgens jou spesifikasies.
- **Voeg Nuwe Foto's by** stel jou in staat om nuwe foto's, dokumente en video en audio lêers by jou stamboom te voeg.
- **Wysig 'n Foto** stel jou in staat om baat te vind by die wonderlike fotofunksie verskaf deur Family Tree Builder.
- **Foto-albums** gee 'n lys van foto-albums wat jy in Family Tree Builder beskryf het.
- **Beeldkyker Venster** vertoon 'n groot beeld van die foto, sy naam, plek en datum wanneer dit geneem is en verskaf 'n lys van mense wat daarin gemerk is.
- **Foto Kieslys Balk** beskryf die kieslys opsies wat in die Media Venster verskyn.

Oorsig

Kragtige fotohantering is een van die sterkste en nuttigste funksies van Family Tree Builder. Hierdie spesiale funksie, geskep deur MyHeritage, verteenwoordig ‘n beduidende verbetering van GEDCOM se spesifikasies vir foto’s (vir nog inligting sien GEDCOM en Family Tree Builder).

Foto’s is van onskatbare waarde vir genealogie navorsing en help om ‘n stamboom lewendig te maak. Deur ou foto’s te skandeer, hulle by jou projek op Family Tree Builder te voeg en behoorlik van aantekeninge te voorsien, sal jy die skatte van jou familiegeskiedenis bewaar. Dit stel jou gesin, familie en vriende in staat om hierdie foto’s te geniet, op meer maniere as wat jy gedink het moontlik is.

Die byvoeging van ou foto’s sal heel waarskynlik ook tot nut wees vir jou navorsing, omdat hulle dikwels die geheue kan verfris oor ouer familielede en lei tot die ontdekking van inligting wat nêrens anders gevind kan word nie.

LET WEL


Die term *foto* en *media* kan uitruilbaar in hierdie hoofstuk gebruik word. Media kan verwys na ’n foto, dokument of video/audio lêer.

Die Family Tree Builder fotohantering gereedskap stel jou in staat om:

- ‘n Foto slegs een maal in te voer en dan te assosieer met verskeie relevante entiteite in Family Tree Builder sodat hulle saam vertoon kan word, soos elemente in die stamboom, ‘n persoon, ‘n gesin, ‘n familie, persoonlike feite, familiefeite, ‘n bron en meer.
- Snuffel foto’s volgens die vlak van belangstelling, insluitend nutswenke, wat ‘n foto en ‘n opsomming van relevante inligting vertoon. Vir elke persoon, word ‘n Persoonlike foto vertoon indien een gespesifiseer is. Andersins, word ‘n anonieme silhoeët vertoon. Ons vind dat dit baie meer intuïtief is om in ‘n stamboom te navigeer wanneer foto’s vir elke individu vertoon word, veral as jy baie bekend met daardie stamboom is. Hierdie intuïtiewe navigasie is een van die nuttigste funksies van Family Tree Builder.
- Voer groot getalle digitale foto’s gelyktydig in jou Stamboom projek in.

- Merk foto's. Merk waar mense se gesigte in foto's voorkom ten einde te wys wie is wie. Dit is veral nuttige vir groepfoto's, wat meer as een persoon bevat. Dit is baie beter as 'n woordelikse beskrywing, soos "Ouma is die 14de persoon vanaf regs, in die sesde ry van onder.

- Wys enige gemerkte gesig as 'n Persoonlike Foto van 'n persoon aan, wat beteken dat dit die portretfoto word wat daardie persoon wat in die Stamboom Venster en verskeie verslae verskyn, verteenwoordig. Dit maak dit onnodig om 'n aparte persoonlike portretfoto te skep of gebruik.



  Dit is 'n verbetering op ander genealogiese produkte, wat slegs 'n spesifieke persoon se foto as primêre foto kan spesifiseer en dit in verkleinde grootte vertoon. In hierdie produkte, sluit foto's gewoonlik meer as net die gesig in, soos 'n vollengte foto, wat wanneer dit verklein word, dit 'n onidentifiseerbare miniatuur word. Dit is nie die geval met Family Tree Builder nie.

- Sien beide kante van 'n geskandeerde foto as 'n enkele entiteit. Ou foto's het dikwels belangrike inskrywings en inligting op die agterkant. Family Tree Builder stel jou in staat om 'n skandering van die agterkant met die voorkant van elke foto te assosieer, in plaas daarvan om dit as twee aparte foto's te behandel.

- Doen kragtige fotosoektogte. Byvoorbeeld, soek alle foto's wat van 'n familielid geneem is, of in 'n seker plek (of 'n soortgelyke plek, deur Soundex te gebruik), op 'n sekere datum, of alle foto's van 'n persoon en hul nakomelinge.

Media Tipes


Family Tree Builder stel jou in staat om ’n verskeidenheid van soorte inligting, soos regdeur hierdie handleiding beskryf is, in te voer en om verskeie tipes media met hierdie inligting te assosieer: foto’s, dokumente (soos ‘n Word lêer of ‘n PDF van ‘n geskandeerde geboortesertifikaat) en multimedia (video/audio). Sommige voorbeelde van hoe media lêers in die Foto Venster mag voorkom word hieronder vertoon:



Dokument




Foto



Video/Audio

Foto's in Stamboom Venster

Jy kan 'n persoonlike foto vir elke mens in die stamboom stel, wat daardie persoon verteenwoordig op baie plekke.



'n Anonieme silhoeët word vertoon vir mense wat nie 'n persoonlike foto het nie.



Om 'n persoonlike foto by te voeg, klik hierdie persoon se silhoeët in die Stamboom Venster. 'n Venster maak oop wat jou deur die proses neem om 'n nuwe foto by te voeg en dit te stel as die persoonlike foto vir hierdie persoon.

Indien ’n persoon reeds ’n persoonlike foto het, kan jy dit in die Stamboom Venster dubbel-klik om die foto se kenmerke te wysig. Om ’n persoonlike foto te vervang, regs-klik die foto in die Stamboom Venster en kies **Vervang Persoonlike Foto** uit die kieslys.




Kies **Wysig Detail van Persoonlike Foto** om die inligting oor die huidige persoonlike foto te verander. Kies **Vee Persoonlike Foto Uit** om hierdie persoon se persoonlike foto te verwyder.

Bekyk en Wysig Foto's

Die Foto's Venster verskaf 'n verskeidenheid opsies om foto's te bekyk, foto's met mense en feite te assosieer en inligting oor foto's by te voeg.

Om Foto's te Bekyk en te Wysig:

- Klik die  knoppie op die nutsbalk. Die Foto's Venster word vertoon, soos hieronder gewys:




Hierdie venster bevat die volgende areas:

- **Mense Fotolys** lys al die mense wat jy reeds in Family Tree Builder beskryf het en sorg vir maklike toegang tot hulle foto's.
- **Fotolys** lys foto's volgens jou versoek. Dit mag al die foto's beskryf in die Family Tree Builder vertoon, alle foto's wat met 'n persoon geassosieer is of enige ander gefiltreerde lys van foto's wat jy spesifiseer deur aan te dui in wie of wat jy geïnteresseerd is.
- **Foto's Vertoonopsies** stel jou in staat om te beheer hoe foto's in hierdie venster vertoon word.

- **Snelvind Opsie** verskaf vinnige toegang tot ‘n foto volgens ‘n persoon se naam.
- **Foto’s Wysigopsie** stel jou in staat om foto’s by te voeg, inligting te wysig, gesigte te merk en om foto’s te bekyk of te verwyder.
- **Gevorderde Fotosoektog** verskaf gevorderde opsies om na foto’s vir jou projek te soek.

Mense Fotolys

Die Mense Fotolys in die Foto Venster lys al die mense wat jy in Family Tree Builder beskryf het. Dit tree op dieselfde manier op as die Mense Lys wat in die Stamboom Venster verskyn.



Om alle foto's geassosieer met 'n spesifieke persoon te vertoon:

- Dubbel-klik die persoon se naam in die Mense Lys om alle foto's wat met daardie persoon geassosieer is te vertoon. Instruksies om 'n foto met 'n persoon te assosieer word verskaf in die Assosiasie Oortjie.

LET WEL	As jy in die Foto's Venster is en jy regs-klik 'n persoon in die Mense Lys, sal die kieslys wat oopmaak addisionele opsies vertoon, behalwe daardie wat beskikbaar is wanneer jy in die Stamboom Venster is. Sien **Error! Reference source not found.**

Die volgende wys die opsies wat beskikbaar is deur ‘n persoon in die Mense Lys te regs-klik:

- **Vertoon in Stamboom:** Vertoon die persoonlike kaart vir die gekose persoon.
- **Bestuur Foto’s:** Maak die **Foto’s** oortjie in die Foto’s Venster oop vir die gekose persoon.
- **Assosieer met Foto:** Assosieer hierdie persoon met die gekose foto(‘s).
- **Assosieer Feit met Foto:** Maak die Nuwe Feit Venster oop, waar jy ‘n feit van die persoon kan kies en dit assosieer met die gekose foto(‘s).
- **Diagramme:** Stel jou in staat om ’n diagram vir die gekose persoon te skep. Sien Diagramme.
- **Verslae:** Stel jou in staat om ‘n verslag vir die gekose persoon te skep. Sien Verslae.
- **Profielblad:** Vertoon die volledige profielblad vir die gekose persoon. Sien bladsy 70.
- **Vors [Persoon se Naam] na op SuperSearch:** Maak ’n eksterne webleser oop en vertoon die rekord ooreenkomste resultatelys vir die gekose individu.
- **Verwantskap met [Hoof Persoon]:** Vertoon ’n venster wat die verwantskap tussen die gekose persoon en die Hoof Persoon beskryf.
- **Verwantskap met:** Vertoon ’n venster waarin jy ’n ander persoon kan kies om die verwantskap tussen hierdie persoon en die gekose persoon te sien.

Foto's Lys

Die Foto's Lys word in die Foto's Venster vertoon wanneer die **Foto's** knoppie gekies word. Dit vertoon enige van die volgende:

- Alle foto's beskryf in Family Tree Builder.
- Slegs die huidige persoon of familie se relevante foto's.
- Slegs foto's wat ooreenkom met die opsies wat jy gespesifiseer het, soos in die **Bekyk** veld.

WENK

Dubbel-klik 'n persoon in die Mense Lys om al hul foto's te vertoon.

Foto's word aanvanklik in 'n tabel gelys in die volgorde waarin hulle in die projek gevoeg is, beginnende by die eerste foto:





Foto Vertoonopsies

Die volgende beskryf die opsies wat jou in staat stel om te beheer hoe en watter foto's in die Foto's venster vertoon word:

Foto's Venster

Die **Bekyk** veld stel jou in staat om enige van die waardes in die aftrek kieslys te kies om te spesifiseer watter foto's vertoon word.



Die volgende tipes opsies is beskikbaar:


- **Alle:** Vertoon al die foto's in jou stamboom.
- **[Volle Name]:** Vertoon alle foto's van die genoemde persoon.

Foto's Tipe Vertoon


Hierdie afdeling stel jou in staat om die tipes media wat in die lys gelys word te beskryf.

Om die media tipe vertoon te spesifiseer:

- In die **Bekyk** veld, kan jy die **Foto's** merkkassie klik om foto's te vertoon, die **Dokumente** merkkassie (Word, PDF ensovoorts) om dokumente te vertoon en die **Video/Audio** merkkassie om video en audio lêers te vertoon.




Foto's Vertoon Formaat




Om die foto vertoon formaat te spesifiseer:

- Kies die **Tabel** radio knoppie in die **Formaat** area om die foto's as 'n tabel te vertoon.



Die **Tabel** opsie vertoon dan 'n foto-miniatuur en die titel van die item, sy albums, sy tipe, datum en plek. Jy kan die lys rangskik volgens enige van hierdie kolomme deur die kolom se opskrif bo-aan die lys te klik.


Kies die **Foto-miniature** knoppie om slegs foto-miniature te vertoon, soos hieronder gewys:



In hierdie venster, kan jy meer foto's sien, maar minder inligting oor elke foto.


Om die grootte van die foto-miniature te verander:

- Jy kan die grootte van die foto-miniature verander deur die glyer aan die regter bokant van die venster te gebruik. Deur dit te skuif na XXL (Ekstra Ekstra Groot) aan die regterkant maak dit die foto-miniature groter, en deur dit na die S (Klein) aan die linkerkant te skuif maak dit die foto-miniature kleiner.




Om geïdentifiseerde gesigte te merk:

- Jy kan die **Wys gemerkte gesigte** merkkassie klik om geïdentifiseerde gesigte in elke foto te merk, soos hieronder gewys. Elke persoon het een Persoonlike Foto wat hom/haar in Family Tree Builder verteenwoordig, soos in die Stamboom Venster. By verstek, word die gesig in foto wat hierdie Persoonlike Foto bevat met ‘n blou reghoek gemerk. Ander voorkomste van daardie persoon se gesig word met ‘n rooi reghoek gemerk. Blou reghoeke word gebruik vir mense se persoonlike foto’s (daardie wat op die persoon se kaart in die Stamboom Venster verskyn) en rooi reghoeke word gebruik vir ander foto’s waar mense gemerk is.



Om nog inligting te vertoon:

1 Jy kan oor ‘n foto huiwer om ‘n groter fotobeeld te vertoon en meer geskrewe inligting, soos hieronder gewys:



2 Jy kan ook die Foto Venster dubbel-klik en die inligting oor die foto wysig.

Rangskik Foto’s

Jy kan ‘n kolomopskrif klik om die foto’s volgens daardie kolom te rangskik.


Snelvind Opsies

Die **Snelvind** area bokant die Mense Lys stel jou in staat om vinnig toegang tot ‘n foto te kry volgens ‘n persoon se naam. Jy kan verwys na Snelvind vir ‘n beskrywing van hierdie funksie, wat dieselfde is as in die Stamboom Venster.

Die Mense Lys stel jou ook in staat om hierdie lys te rangskik volgens voornaam, van, geboortedatum, sterfdatum, verwantskap ensovoorts. Klik ‘n persoon in die lys om al sy foto’s te vertoon.


Fotohantering Opsies

Die volgende knoppies stel jou in staat om foto's by te voeg, te wysig, te bekyk of te verwyder:



- **Nuwe:** Maak 'n wysneus oop wat jou wys hoe om nuwe foto's of enige ander media by Family Tree Builder te voeg.
- **Wysig:** Maak die wysig foto venster oop, waar jy verskeie karakteristieke van die foto kan beskryf.
- **Bekyk:** Maak die Beeldkyker oop, wat verskeie vertoonopsies verskaf.
- **Verwyder:** Verwyder die gekose foto('s) vanaf jou projek.

Jy kan ook 'n foto regs-klik om die volgende kieslys te vertoon:



Hierdie kieslys verskaf die volgende addisionele opsies:


- **Assosiasies**: Vertoon die mense in hierdie foto. Jy kan 'n persoon uit hierdie lys kies om hulle in die middel van die Stamboom Venster te vertoon (sien Assosiasies Oortjie vir 'n beskrywing van hoe om assosiasies te beskryf). Jy kan dan die **Terug** knoppie in die nutsbalk klik om terug te gaan na die Foto's Lys.

Voeg nuwe Foto's by


Family Tree Builder stel jou in staat om foto's, dokumente en video en audio lêers by jou stamboom te voeg.

Family Tree Builder verskaf 'n eenvoudige proses om al jou digitale foto's op een slag in te voer. Hierdie foto's is dan vir jou beskikbaar om met lede van jou stamboom te assosieer.

Om een of nog foto's by te voeg:


1 Klik die 

knoppie, soos hieronder gewys, en kies die soort media wat jy wil byvoeg (Foto's, Dokumente, Video's of Audio):





Indien jy kies om foto's by te voeg, word die volgende venster vertoon ('n effens verskillende weergawe van hierdie venster word vertoon indien jy ander mediatipes kies):



2 Klik die 

knoppie om ’n Kies Fotolêers venster te vertoon:



3 Kies ’n lêer en klik 

. Jy het ook die keuse om verskeie foto’s te kies deur die **Ctrl** en **Shift** sleutels op die sleutelbord te gebruik. Nadat jy al die foto’s wat jy wil byvoeg gekies het, klik **Volgende**.

4 Indien jy albums in jou projek opgestel het, sal die volgende venster jou in staat stel om die album te kies vir die foto's wat jy wil byvoeg (sien Foto Albums):



5 Kies die album waarin jy die foto wil voeg en klik **Volgende**. Die volgende venster word vertoon:




6 Die foto is nou by jou projek gevoeg. Klik **Klaar** om die foto se besonderhede by te werk en ’n titel, datum en plek by te voeg en om mense in die foto te identifiseer. Nadat jy die foto bygevoeg het, kan jy altyd meer inligting oor die foto byvoeg deur die foto in die Foto Lys te kies en dan die **Wysig** knoppie te klik, of deur dit te dubbel-klik.

Wysig ’n Foto

Wysiging van ‘n foto in Family Tree Builder stel jou in staat om voordeel te trek uit baie wonderlike fotofunksies.

Die Wysig Foto venster, hieronder gewys, word vertoon:

- Outomaties nadat jy ‘n enkele foto bygevoeg het.
- Wanneer jy ‘n foto in die Foto’s Venster of Stamboom Venster dubbel-klik.
- Wanneer jy ‘n foto kies en die **Wysig** knoppie klik.



Die Wysig Foto venster verskaf ‘n aantal oortjies wat jou in staat stel om die foto te hanteer en met inligting te assosieer.

Hierdie venster bevat die volgende areas:

- **Mense Lys:** Lys al die mense wat jy reeds in Family Tree Builder beskryf het en stel jou in staat om maklik ‘n persoon wat in hierdie foto verskyn te kies.
- **Foto Inligting:** Verskaf ‘n aantal oortjies waarin jy inligting oor die foto kan spesifiseer.
- **Foto Zoem Gereedskap:** Die volgende gereedskap word verskaf vir die opstel van die vertoning van die foto, soos volg:
  - **Zoem In**  **:** Vergroot die beeld van hierdie foto.
  - **Zoem Uit**  **:** Verklein die beeld van hierdie foto.
  - **Pas Binne-in Venster**  **:** Verander die grootte van die foto sodat dit heeltemal binne-in die huidige venster pas. Indien jy die venster vergroot, sal die grootte van die foto ooreenkomstig aanpas.
- **Status Balk:** Wys die lêertipe van die foto, sy grootte in pixels en die persentasie van sy grootte waarteen dit vertoon word.




Foto Inligting

Bo-aan die Wysig Foto venster, word oortjies verskaf vir die invoer van inligting oor die foto.


Inligting Oortjie

Die **Inligting** oortjie stel jou in staat om die titel of naam vir die foto in te vul, wat langs dit sal verskyn oral waar dit in Family Tree Builder verskyn. Jy kan ook die plek waar en datum wanneer dit geneem is invul (vir besonderhede oor die invul van datums, sien Invul van Datums).



Assosiasies Oortjie

Die **Assosiasies** oortjie stel jou in staat om mense in die foto te identifiseer of om hierdie foto met ‘n spesifieke feit omtrent ‘n persoon of foto te assosieer.




Die lys in die middel wys die mense, families of feite wat reeds met die foto geassosieer is. Die ikoon aan die linkerkant van elke beskrywing dui aan waarmee dit geassosieer is, soos volg:

-  : Dui ‘n persoon aan.
-  : Dui ‘n feit aan.
-  : Dui die virtuele begraafplaas aan.
-  : Dui ‘n familie aan.
-  : Dui ‘n bron aan.

Om ‘n persoon met ‘n foto te assosieer, doen een van die volgende:

- Regs-klik die relevante persoon(e) in die Mense Lys en klik **Assosieer met Foto**, soos hieronder gewys:



- Kies die relevante persoon(e) in die Mense Lys en klik die **Assosieer** knoppie.
- Klik die pyl aan die regterkant van die **Assosieer** knoppie en klik **Persoon**.
- Sleep die persoon uit die Mense Lys en laat dit los bo-op die foto. Indien ‘n gesig geïdentifiseer is, kan jy dit laat los binne-in die relevante groen reghoek.
- Klik die **Assosieer** knoppie en kies dan die persoon uit die Assosieer Persoon met Foto venster.


LET WEL	As ‘n persoon met ‘n gemerkte gesig geassosieer is, merk ‘n rooi reghoek daardie persoon se gesig.

Assosieer ander Inligting met ’n Foto

Behalwe mense in ‘n foto, kan jy ook ander inligting omtrent die stamboom met ‘n foto assosieer deur die af pyl aan die regterkant van die **Assosieer** knoppie te klik, soos hieronder gewys:




- **Persoon:** Die keuse van hierdie opsie maak ‘n lys van mense oop wat jy met hierdie foto kan assosieer.
- **Feit van Persoon:** Hierdie opsie vertoon ‘n lys van mense, wat jy kan kies. Nadat jy ‘n persoon gekies het, word die venster hieronder vertoon. In hierdie venster, kan jy ‘n feit omtrent daardie persoon kies om met hierdie media te assosieer. Jy kan ook ‘n nuwe feit vir daardie persoon beskryf, indien nodig.




Byvoorbeeld, jy kan ‘n immigrasie feit omtrent ‘n persoon met ‘n foto van die skip wat gebruik is vir die vaart assosieer, of ‘n opleiding feit met die foto van die skool ensovoorts.


- **Familie:** Die keuse van hierdie opsie vertoon die volgende venster, waar jy ‘n familie kan kies om met hierdie foto te assosieer.



- **Feit van Familie:** Die keuse van hierdie opsie vertoon eers ‘n lys van families vir jou keuse. Nadat jy ‘n familie gekies het, word die venster hieronder vertoon. In hierdie venster, kan jy ‘n feit van daardie familie kies om met hierdie foto te assosieer. Jy kan ook ‘n nuwe feit vir daardie familie beskryf, indien nodig.



John Fitzgerald Kennedy en Jacqueline Lee Bouvier: Selekteer Feit om met Foto te Assosieer
John Fitzgerald Kennedy en Jacqueline Lee Bouvier: Selekteer Feit om met Foto te Assosieer
Tipe Datum Plek Beskrywing
1 Huwelik 12 Sep 1953 Newport, Rhode Island
Nuwe Feit
OK
Kanselleer

- **Bron:** Kies hierdie opsie om ‘n lys van bronne vir jou keuse te vertoon.



Gesigsherkenning - Merk ’n Gesig

Family Tree Builder stel jou in staat om spesifieke gesigte in ‘n foto te merk en om hierdie merke met ‘n spesifieke persoon te assosieer. Dit is baie nuttig in groepfoto’s, soos die een hieronder gewys. Nadat ‘n persoon se gesig gemerk is, word daardie persoon se naam outomaties vertoon as jy oor die foto huiwer.



Family Tree Builder verskaf ook ‘n wonderlike funksie wat outomaties gesigte in ‘n foto identifiseer. Gesigte wat outomaties geïdentifiseer is, word met ‘n groen reghoek gemerk. Hierdie opsie word by verstek aangeskakel, of dit kan aan/af geskakel word in die **Opsies** oortjie.

Jy kan die  knoppie aan die regter onderkant van die Wysig Foto venster klik om ‘n verklaring te vertoon wat jou herinner dat:

- 

Outomaties geïdentifiseerde foto’s word beklemtoon deur ‘n groen reghoek, soos hierbo beskryf.

- 

Foto’s wat jy self gemerk het word beklemtoon met ‘n rooi reghoek.

- 

Die gesig in ‘n foto wat jy as die Persoonlike Foto gemerk het, word deur ‘n blou reghoek beklemtoon.

LET WEL	**Persoonlike Foto’s:** Family Tree Builder stel jou in staat om ‘n enkele foto vir elke persoon aan te wys om hulle te verteenwoordig waar moontlik, soos in ‘n verslag, in ‘n duimnaelskets wat vertoon word wanneer jy oor ‘n foto huiwer, in ‘n lys of wanneer hulle in die Stamboom Venster vertoon word. Tipies, sal die foto hul gesigfoto wees.

Om ‘n gesig te merk:

1 Kies die naam van die persoon in die **Assosiasies** lys. As die persoon nie in die lys bestaan nie, voeg hom of haar dan by.

2 Klik die 

knoppie. Die merker verander in ‘n kruis.

3 Klik en sleep om ‘n kassie om die persoon se gesig te trek.


4 Jy kan dan die grootte verander of die kassie rondskuif indien nodig.

LET WEL	Die klein wit kassies op die Merk Gesig reghoeke word *handvatsels* genoem, en hulle dui aan watter kassie gekies is. Jy kan hulle klik en sleep om die grootte te verander.

5 Merk die **Persoonlike Foto** merkkassie om te spesifiseer watter spesifieke foto die Persoonlike Foto is, wat daardie persoon op verskeie plekke, soos die Stamboom Venster in Family Tree Builder sal verteenwoordig. Die raam word dan in blou vertoon. Die afmetings van ‘n Persoonlike Foto word altyd in die hoogte/breedte verhouding van 3x4 vertoon en dus sal die vorm van die reghoek in hierdie verhouding gedwing word.


Foto's Notas Oortjie

Die **Notas** oortjie, hieronder gewys, stel jou in staat om notas wat die foto beskryf by te voeg:



Agterkant Oortjie

Ou foto's het dikwels belangrike inskrywings en toewydings op hul agterkant. Hier is 'n voorbeeld van inligting wat vertoon word as jy oor 'n foto wat 'n agterkant het huiwer:




Family Tree Builder stel jou in staat om 'n skandering van die agterkant van 'n foto by te voeg, in plaas daarvan om dit as 'n aparte foto te hanteer.

Om die agterkant te beskryf:

1 In die **Agterkant** oortjie, klik die **Kies** knoppie. 'n Lêer kiesvenster word dan vertoon.


2 Kies die lêer van die agterkant en klik **Kies**.



As die agterkant eers beskryf is, kan jy **Bekyk** klik om dit te bekyk, of klik die **Verwyder** knoppie om hierdie foto se agterkant te verwyder.

Opsies Oortjie

Die **Opsies** oortjie verskaf die volgende opsies:



- **Hierdie afbeelding is ‘n geskandeerde dokument**: Merk hierdie opsie wanneer die media lêer in ‘n formaat is wat vir ‘n foto gebruik kan word, soos JPEG, selfs al is dit ‘n geskandeerde dokument.
- **Skakel outomatiese gesigherkenning af vir alle foto’s:** Merk hierdie opsie om outomatiese gesigherkenning vir alle foto’s af te skakel. Outomatiese gesigherkenning merk gesigte wat in foto’s gevind word in groen.
- **Skakel outomatiese gesigherkenning af vir hierdie foto**: Merk hierdie opsie om outomaties gesigsherkenning vir slegs hierdie foto af te skakel, wat gesigte wat in ‘n foto gevind word in groen merk.


Foto-albums

Die Albums Lys in die Foto's Venster lys alle foto-albums wat jy in jou projek beskryf het.




Wanneer jy foto's in Family Tree Builder hanteer, kan jy kies om hulle in een of meer foto-albums te plaas. Jy kan 'n foto in 'n album voeg wanneer jy aanvanklik 'n foto byvoeg (sien Voeg Nuwe Foto's by), of op enige tyd in die toekoms.


Die Foto's Lys bevat 'n kolom wat die album(s) aandui waarin 'n gegewe foto behoort.



Wanneer jy jou stamboom met ‘n familie webtuiste sinchroniseer, word die album struktuur wat jy in Family Tree Builder geskep het gereflekteer in die album struktuur van die foto’s in die familie webtuiste, soos in die voorbeeld hieronder gewys:




Om die foto's in 'n spesifieke album te bekyk, klik eenvoudig die album se naam in die Albums Lys.



Om 'n album by te voeg:

- In die **Albums** oortjie, klik die **Nuwe** knoppie, en spesifiseer dan die naam vir die album. Jy kan nou foto's in hierdie album voeg.



Om ‘n album te verwyder:

- In die **Albums** oortjie klik die album wat jy wil verwyder, en klik dan die **Verwyder** knoppie. Let daarop dat hierdie aksie nie enige foto’s uit jou projek verwyder nie, maar slegs die album. Enige foto’s wat in hierdie album is sal in jou stamboom bly.

Om ‘n foto in ‘n album te voeg:


- Klik ‘n foto in die Foto’s Lys en sleep dit dan tot in die album in die Albums Lys. ‘n Foto mag in meer as een album voorkom. Jy kan ook ‘n foto in ‘n album voeg wanneer jy aanvanklik die foto by jou projek voeg soos beskryf is in Voeg nuwe foto’s by.

Beeldkyker Venster

Die Beeldkyker is ‘n gereedskap om die volle weergawe van ‘n foto te vertoon. Maak dit oop deur een van die volgende aksies:

- Klik die **Bekyk** knoppie in die Foto’s Venster.
- Regs-klik die foto en klik **Bekyk**.

Dit vertoon ‘n groot beeld van die foto, insluitend die naam, asook die plek en die datum wanneer dit geneem is. Dit verskaf ook ‘n lys aan die regterkant van die mense wat in die foto gemerk is, soos hieronder gewys:



Hierdie gereedskap stel jou in staat om te blaai deur die beelde gelys in die Foto's Venster en verskaf verskeie vertoonopsies, soos volg:

-  : Gaan na die eerste beeld gelys in die Foto's Venster.
-  : Gaan na die vorige beeld gelys in die Foto's Venster.
-  : Gaan na die volgende beeld gelys in die Foto's Venster.
-  : Gaan na die laaste beeld gelys in die Foto's Venster.
-  : Zoem uit. Die relatiewe grootte van die beeld wat in die venster vertoon word, word vertoon aan die regter onderkant van die venster (bv. 30%).
-  : Zoem in. Die relatiewe grootte van die beeld wat in die venster vertoon word, word vertoon aan die regter onderkant van die venster (bv. 150%).
-  : Vertoon die beeld se werklike grootte, wat beteken 100%.
-  : Druk hierdie beeld.
-  : Stel hierdie beeld as agtergrond vir jou rekenaarskerm (ook genoem muurpapier).
-  : Wys of verberg die vertoon van die **Beeld Inligting** paneel, wat die beeld se naam, plek en datum wanneer dit geneem is vertoon, en verskaf 'n lys van mense wat daarin gemerk is aan die regterkant. Jy kan die pyl aan die regterkant van die gereedskap klik om te spesifiseer dat die beeldinligting aan die bokant, onderkant, regs of links van die beeld, en of dit in 'n aparte venster vertoon moet word.
-  : Maak die Omtrent MyHeritage Beeldkyker venster oop.

Die kieslys opsies verskaf in die Beeldkyker, verrig dieselfde funksies as bogenoemde met 'n paar eenvoudige en duidelike byvoegings.

Foto's Kieslys Nutsbalk

Wanneer Family Tree Builder die Foto's Venster vertoon, is sommige addisionele kieslysopsies beskikbaar in die hoof kieslys:

- **Foto's Kieslys**
- **Albums Kieslys**

Foto's Kieslys

Die volgende beskryf elkeen van die opsies in die **Foto's** kieslys:




- **Wysig:** Maak die Wysig Foto's venster oop, waar jy verskillende kenmerke van die media kan beskryf. (Sien Wysig 'n Foto)
- **Bekyk:** Maak die Beeldkyker oop, wat verskeie vertoonopsies verskaf. (Sien Beeldkyker Venster)
- **Verwyder:** Verwyder die gekose foto('s) uit jou projek.
- **Nuut:** Maak 'n wysneus oop wat jou help om 'n nuwe foto of enige ander media by jou projek te voeg. (Sien Voeg Nuwe Foto's By)
- **Herstel Foto's vanaf familieblad:** Gebruik hierdie opsie indien jy nie al die fotolêers in jou projek het nie. Dit kan gebeur indien die fotolêers vanaf jou rekenaar verwyder is of as jy jou projek vanaf 'n rugsteun herstel het. Indien jy jou projek met 'n familie webtuiste gesinchroniseer het, kan jy die foto's herstel deur hulle vanaf die familie webtuiste te kopieer.

- **Skep Foto-miniature:** Skep duimnaelsketse vir foto's. Gebruik hierdie opsie indien jy sien dat sommige foto's in die Foto Lys 'n plekhouer kamera vir 'n foto vertoon.
- **Produseer Verslag**: Produseer 'n foto-album.

Albums Kieslys

Die volgende beskryf elkeen van die opsies in die **Albums** kieslys:



- **Wys albums:** Vertoon of verberg die Album Lys aan die linkerkant van die hoof venster.
- **Nuwe album:** Skep 'n nuwe album en verskaf 'n naam daarvoor.
- **Wis album uit:** Verwyder die gekose album uit die Albums Lys.
- **Herbenoem album:** Verskaf 'n nuwe naam vir die gekose album in die Album Lys.
- **Voer foto's in:** Skandeer jou rekenaar vir foto's en kies watter van hulle om by jou projek te voeg.

Hoofstuk 6

Smart Matches



MyHeritage
Copyright © 2006-2013 MyHeritage Ltd.

Smart Matches

Omtrent Hierdie Hoofstuk:

Hierdie hoofstuk beskryf hoe om uit te vind of mense in jou stamboom ooreenstem met mense in ander stambome op MyHeritage.com. Dit bevat die volgende afdelings:

- **Oorsig** beskryf hoe om mense in jou stamboom te pas by mense in ander stambome.
- **Ooreenkomste in die Stamboom Venster** beskryf hoe ‘n persoon wat moontlik met iemand anders ooreenkom in die Stamboom Venster verskyn.
- **Smart Matches Venster** beskryf die funksies wat deur die Smart Matches venster verskaf word.

Oorsig

Family Tree Builder stel jou in staat om mense wat jy in jou stamboom beskryf het te pas by mense in ander stambome wat mense oral in die wêreld op MyHeritage.com geskep het. Ander mense mag dieselfde mense in hul stamboom hê as jy in joune. Dit verskaf aan jou die geleentheid om jou stamboom aansienlik uit te brei deur outomaties skakels tussen jou familie en ander deur Family Tree Builder te vind. **Onthou, indien iemand anders dieselfde persoon in sy stamboom het as jy in joune, dan mag hulle familie van jou ook wees!**

Wanneer jy die Smart Matches funksie gebruik, word elke persoon in jou stamboom vergelyk met al die mense in ander stambome op MyHeritage.com. Jy kan dan die lys van mense wat Family Tree Builder as moontlike ooreenkomste voorstel, hersien. Agterna, kan jy die ooreenkomste bevestig of verwerp deur die persoon se inligting en foto's te hersien. Deur 'n ooreenkomste te bevestig word 'n skakel geskep met daardie persoon in die stamboom. Jy kan ook items (inligting, foto's, notas) uit hul stamboom in jou eie saamsmelt.

Wanneer jy 'n nuwe stamboom skep, of wanneer jy mense by jou stamboom voeg, word dit altyd aanbeveel dat jy jou stamboom op HyHeritage.com sinchroniseer ten einde Smart Matches te ontvang. Die Smart Matches funksie in Family Tree Builder maak die sinchronisering van jou stamboom meer interessant . Dit maak die deur oop vir Family Tree Builder om ander mense in staat te stel om te kyk of mense in **jou** stamboom ooreenstem met hulle mense. **Dit beteken dat jy nuwe of voorheen onbekende familielede mag hê wat binnekort met jou kontak gaan maak!**

LET WEL	Ten einde Smart Matches te ontvang, moet jou rekenaar aan die Internet gekoppel wees.

In die Stamboom Venster, dui die Smart Matches toepassing aan dat 'n moontlike ooreenkoms vir 'n persoon gevind is. Dit word gedoen deur 'n ikoon in daardie persoon se kaart te vertoon, soos op hierdie bladsy beskryf word. Die Smart Matches toepassing verskaf ook 'n venster wat jou hele stamboom hersien, alle mense in jou stamboom vergelyk met daardie op MyHeritage.com en dan vir jou die Smart Matches wys.

Family Tree Builder gebruik die voorname, vanne, geboorte- en sterfdatums en verwantskappe met ander mense in die stamboom om moontlike ooreenkomste vir mense in jou stamboom te vind. Hierdie moontlike ooreenkomste word aangebied met ‘n persentasie telling, wat aandui hoe naby hulle ooreenkom. Jy kan hulle bevestig of verwerp dat dit dieselfde persoon is.

Matches in Stamboom Venster

Die Smart Matches opsie dui in die Stamboom Venster aan of ‘n moontlike ooreenkoms gevind is deur die ikoon op daardie persoon se kaart te vertoon, soos hieronder gewys:



Elke keer dat jy ‘n persoon byvoeg, of sy besonderhede bywerk, toets Family Tree Builder weer of enige ooreenstemmende mense in ander stambome gevind kan word. Terwyl dit toets, verskyn die ikoon in grys. Indien een of meer ooreenkomste gevind word, verkleur hierdie ikoon na groen en flikker vir ‘n paar sekondes. Indien geen ooreenkomste gevind word nie, verdwyn hierdie ikoon vanaf die persoon se kaart in die Stamboom Venster.

LET WEL

Ten einde Smart Matches te ontvang, moet jou rekenaar aan die Internet gekoppel wees.

Indien die ikoon groen is, kan jy daaroor huiwer om die volgende te vertoon:



Hierdie opspringvenster dui aan hoeveel mense is moontlike ooreenkomste in ander stambome. In die venster hierbo, is hierdie getal 2430.

Deur die ikoon op daardie persoon se kaart in die Stamboom Venster te klik maak die **Ooreenkomste** oortjie in die Smart Matches venster oop.

Smart Matches Venster

Die Smart Matches venster word vertoon deur een van die volgende te doen:

- Deur die  knoppie in die nutsbalk te klik maak die **Oorsig** oortjie in die Smart Matches venster oop.
- Deur die  ikoon in die persoon se kaart in die Stamboom Venster te klik maak die **Ooreenkomste** oortjie in die Smart Matches venster oop.

Die Smart Matches venster bevat drie oortjies, soos volg:

- Die **Oorsig Oortjie** vertoon ‘n lys van mense in jou stamboom wat ooreenkomste het of ‘n lys van ander stambome waarin daardie ooreenkomste gevind kan word.
- Die **Ooreenkomste Oortjie** vertoon al die ooreenkomste vir ‘n spesifieke persoon in jou stamboom.
- Die **Vergelyk Oortjie** vergelyk ‘n persoon in jou stamboom grafies met ‘n moontlike ooreenstemmende persoon in iemand ander se stamboom. Dit stel jou in staat om inligting uit die vergeleke stamboom met jou eie stamboom saam te smelt.

Smart Matches en Sinchronisering

Die Smart Matches funksie vind ooreenkomste met mense in stambome wat op die Internet gesinchroniseer is. Daarom, word dit aanbeveel dat jy jou stamboom met ‘n familie webtuiste sinchroniseer. Indien jy nog nie so gedoen het nie, word die volgende venster vertoon wanneer jy die Smart Matches venster oopmaak:




Klik **Ja** om ’n familie webtuiste op te stel indien jy nog nie gedoen het nie, en sinchroniseer dan hierdie stamboom met jou familie webtuiste.

Oorsig Oortjie

Deur die knoppie in die nutsbalk te klik maak die **Oorsig** oortjie in die Smart Mathes venster oop

Die **Oorsig** oortjie vertoon ‘n lys van mense in jou stamboom wat ooreenstem met mense in ander stambome, soos hieronder gewys:



Family Tree Builder vergelyk al die mense in jou stamboom met al die ander mense in alle ander stambome op MtHeritage.com ten einde daardie mense te identifiseer wat mag ooreenstem met mense in jou stamboom. Dit vertoon dan elke persoon in jou stamboom wat ‘n ooreenkoms het met ‘n ry van die Smart Matches Tabel.

Die volgende kolomme beskryf elke persoon in die venster. Jy kan hierdie lys rangskik deur die kolomopskrif te klik:

- **Foto:** Vertoon die persoonlike foto van hierdie persoon.
- **Ooreenkomste:** Spesifiseer hoeveel ooreenkomste vir hierdie persoon in ander stambome gevind is.

LET WEL	Indien geen ooreenkomste vir 'n persoon in jou stamboom gevind is nie, verskyn daardie persoon nie soos in hierdie venster nie.

- **Naam:** Spesifiseer die naam van hierdie persoon in jou stamboom. Klik die naam om al die persoon se ooreenkomste te vertoon.
- **Geboortedatum, Geboorteplek, Sterfdatum:** Spesifiseer hierdie besonderhede vir die persoon in jou stamboom.

Wys Smart Matches Area

Die boonste afdeling van hierdie oortjie stel jou in staat om te kies of die ooreenkomste **Volgens Mense** of **Volgens Stambome** vertoon moet word:


- Die vertoon van hierdie venster **Volgens Mense** wys watter mense in jou stamboom ooreenkomste het en hoeveel ooreenkomste, soos hierbo beskryf.
- Die vertoon van hierdie venster **Volgens Stambome** wys die stambome waarin jy ooreenkomste het en hoeveel ooreenkomste elkeen het. Dit kan jou help om ander stambome te identifiseer wat baie mense bevat wat pas by jou stamboom, dus verbeter die moontlikheid om nuwe familielede te vind!

Die boonste afdeling van hierdie oortjie vertoon ook algemene inligting oor die Smart Matches wat in die venster vertoon word, soos hoeveel mense in ander stambome op ander webtuiste gevind is wat pas by mense in jou stamboom.

LET WEL	Die **Dateer Nou Op** knoppie kan geklik word om die data wat vertoon word te verfris of by te werk.

Bekyk Smart Matches volgens stambome

Om ‘n lys van stambome te bekyk waarin mense by jou stamboom pas, klik die **Volgens Stambome** opsie in die Wys Smart Match Ooreenkomste area:



Die volgende kolomme beskryf elke ooreenstemmende stamboom in hierdie venster. Jy kan dit rangskik deur die kolomopskrif te klik:

- **Ooreenkomste:** Spesifiseer hoeveel ooreenkomste in die stamboom gevind is.
- **Naam van Stamboom:** Spesifiseer die naam van die familie webtuiste en die naam van die stamboom op hierdie webtuiste. Klik die naam om al die ooreenkomste met hierdie stamboom te bekyk.
- **Webtuiste adres:** Spesifiseer die adres van die familie webtuiste. Klik die adres om hierdie familie webtuiste in jou webleser te bekyk.
- **Webtuiste eienaar:** Spesifiseer die naam van die bestuurder van hierdie webtuiste. Klik die naam om nog inligting oor hierdie lid in jou webleser te bekyk.

Regs-klik Kieslys – Oorsig Oortjie

Jy kan ‘n ry in die **Smart Matches** tabel regs-klik om die volgende kieslys te vertoon:



Die volgende beskryf die opsies in hierdie kieslys:

- **Wys Smart Match ooreenkomste vir [Persoon se Naam]**: Vertoon hierdie persoon in die Ooreenkomste oortjie soos hieronder beskryf. Jy kan ook ‘n persoon se naam klik of ‘n ry dubbel-klik om die Ooreenkomste oortjie te bekyk.
- **Vertoon in stamboom:** Vertoon die persoon in die Stamboom Venster.
- **Wysig Detail:** Open die Wysig Detail venster vir die gekose persoon, waarin jy inligting vir daardie persoon kan bywerk.
- **Verwantskap met Hoof Persoon**: Vertoon ‘n venster wat die verwantskap tussen die gekose persoon en die Hoof Persoon beskryf.
- **Verwantskap met:** Vertoon ‘n venster waarin jy ‘n ander persoon kan kies om die verwantskap tussen hierdie persoon en die gekose persoon te sien.

Ooreenkomste Oortjie

Die **Smart Matches** ikoon wat op ‘n persoon se kaart in die Stamboom Venster verskyn dui aan dat ‘n moontlike ooreenkoms vir daardie persoon gevind is:




Deur die ikoon te klik maak die **Ooreenkomste** oortjie in die Smart Matches venster oop.

LET WEL

Jy kan ook die **Ooreenkomste** oortjie vertoon deur die knoppie in die nutsbalk te klik. Dit maak die Oorsig oortjie in die Smart Matches venster oop. Jy kan dan die persoon se naam klik om sy ooreenkomste in die **Ooreenkomste** oortjie te bekyk.

Die **Ooreenkomste** oortjie in die Smart Matches venster lys die mense in ander stambome wat pas by ‘n spesifieke persoon in jou stamboom, soos hieronder gewys:



Algemene Smart Matches Inligting

Die boonste linker deel van hierdie oortjie vertoon algemene Smart Matches inligting, soos hoeveel mense in ander stambome pas by die gekose persoon. Die venster hierbo dui aan dat daar 73 moontlike ooreenkomste is.

Die **Dateer Nou Op** knoppie verfris die vertoonde data uit die MyHeritage.com databasis.

LET WEL

Sommige ooreenkomste mag nie in hierdie venster vertoon word nie, want hul name (of ander inligting) is effens verskillend. Jy kan die strengheid van ooreenkomste in die Opsies venster pasmaak.

Die Tabel van Moontlike Ooreenkomste

Hierdie venster bied een ry vir elke persoon in die **Smart Matches** tabel. Die boonste ry is uitgelig in beige en verteenwoordig die persoon in jou stamboom vir wie jy soek na ooreenkomste. Elke daaropvolgende ry verteenwoordig ‘n ooreenkoms met ‘n persoon in ‘n ander stamboom. Hierdie ooreenkomste verskyn in die volgorde van hul *Kwaliteit*, wat beteken hoe akkuraat Family Tree Builder die ooreenkoms beoordeel om te wees. Hoe hoër die telling, hoe groter is die sekerheid dat die ooreenkoms akkuraat is. Die kwaliteit is hoër as meer data van die twee persone ooreenstem.

Jy kan huiwer oor die data in enige kolom om nog inligting oor hierdie persoon te vertoon. Byvoorbeeld, die volgende word vertoon wanneer jy huiwer oor die **Kwaliteit** kolom van ‘n persoon in hierdie venster:



Die velde in hierdie venster is volgens kleur gekodeer, soos volg:

- **Groen:** Hierdie velde is identies of soortgelyk vir hierdie twee mense.
- **Rooi:** Hierdie velde is verskillend vir hierdie twee mense.
- **Swart:** Hierdie velde bestaan nie vir enige van die twee mense nie.

Die volgende beskryf die kolomme van hierdie venster. Jy kan die lys rangskik deur die kolomopskrif te klik.

- **Foto:** Wys ‘n foto van hierdie persoon in die ander stamboom.
- **Status:** Spesifiseer of jy hierdie ooreenkoms bevestig of verwerp het. Hierdie kolom kan een van die volgende waardes hê:
  - **Leeg:** Dit is die begin status vir ’n persoon wat ‘n moontlike ooreenkoms is.
  - **Bevestig:** Hierdie status dui aan dat jy bevestig het dat dit dieselfde persoon is.

    LET WEL

    Jy kan die data van hierdie ander persoon bekyk en dan by jou boom voeg om ’n skakel te skep in die vorm van ‘n verwysing.
  - **Verwerp:** Hierdie status dui aan dat jy nie dink hierdie is dieselfde persoon nie. Verwerpte mense verskyn aan die onderkant van die lys.
- **Kwaliteit:** Wys ‘n persentasie telling wat aandui hoe naby Family Tree Builder daardie persoon as ‘n ooreenkoms beoordeel. Hoe meer besonderhede en familielede hierdie persoon met iemand in jou stamboom deel, hoe hoër is die telling. Mense met ‘n hoër telling het meer groen velde wat in die opspringvenster wys wat vertoon word wanneer jy oor hierdie veld huiwer. Mense met ‘n laer telling het meer rooi of swart velde wat wys. Byvoorbeeld, mense met dieselfde naam en geboortedatum kry ‘n hoër telling as mense met dieselfde naam, maar ‘n verskillende geboortedatum. Ook, iemand met dieselfde voornaam en dieselfde ouers kan ‘n hoër telling kry.
- **Verwante persone**: Spesifiseer die aantal direkte familielede wat die persoon in die ander boom het. Dit is taamlik interessant, aangesien dit ‘n stamboom wat vol inligting is, mag aandui. Jy mag baie geïnteresseerd wees om na daardie stamboom te kyk ten einde jou stamboom uit te brei deur hierdie familielede by jou stamboom te voeg.
- **Naam:** Spesifiseer die naam van die persoon in die ooreenstemmende boom. Klik die naam om die **Vergelyk** oortjie oop te maak en vergelyk die families van die persoon in jou stamboom met die gekose persoon in die ander stamboom.
- **Geboortedatum, Geboorteplek, Datum van Afsterwe:** Spesifiseer hierdie inligting van die persoon in die ander stamboom.

- **Naam van Stamboom:** Verskaf ‘n skakel met die stamboom van die ooreenstemmende persoon op die ander familie webtuiste. Hierdie boom word vertoon in ‘n aparte webleservenster en die ooreenstemmende persoon is in fokus in hierdie stamboom.
- **Webtuiste eienaar:** Verskaf ‘n skakel met die persoonlike inligting van die eienaar van die ooreenstemmende webtuiste.

Regs-klik Kieslys - Ooreenkomste Oortjie

Jy kan ‘n ry in die Smart Matches Tabel regs-klik om die volgende kieslys te vertoon:




Die volgende beskryf die opsies in hierdie kieslys:

- **Vergelyk hierdie ooreenkoms:** Vertoon hierdie persoon in die **Vergelyk** oortjie, met ‘n grafiese voorstelling van die boom in vergelyking met die persoon in die ander boom. Dit reageer op dieselfde manier as wanneer jy ‘n persoon se naam wat as ‘n skakel vertoon word klik.
- **Verander Status van hierdie ooreenkoms:** Stel jou in staat om hierdie persoon as dieselfde persoon te bevestig of te verwerp. Die woord Bevestig of Verwerp verskyn dan in die heel eerste kolom in die tabel van hierdie persoon se ry in die Ooreenkomste oortjie.
- **Besoek stamboom:** Vertoon die hele stamboom van die ooreenstemmende persoon in ‘n aparte webleservenster. Dit reageer op dieselfde manier as wanneer jy ‘n boom se naam wat as ‘n skakel vertoon word klik.
- **Kontak:** Maak ‘n venster oop waarin jy ‘n e-pos boodskap aan die eienaar van die webtuiste kan skryf.
- **Besoek die profiel van die stamboomeienaar (webtuiste-eienaar se naam):** Verskaf ‘n skakel na die persoonlike inligting van die ooreenstemmende webtuiste. Dit reageer op dieselfde manier as wanneer jy ‘n eienaar se naam wat as ‘n skakel vertoon word klik.

Verander Status van Ooreenkoms

Die Verander Status van hierdie Smart Match venster stel jou in staat om te bevestig of te verwerp dat die ooreenstemmende persoon dieselfde as die een in jou stamboom is.




Hierdie venster kan op een van die volgende metodes vertoon word:

- Regs-klik enige ry (behalwe die eerste een) in die tabel wat in die **Ooreenkomste** oortjie vertoon word, en kies die **Verander Status van hierdie Ooreenkoms** opsie in die kieslys wat vertoon word.
- Kies enige ry (behalwe die eerste een) in die tabel wat in die **Ooreenkomste** oortjie vertoon word en klik die **Verander Status ...** knoppie.

Jy kan een van die volgende opsies in die venster kies en **OK** klik:

- **Onbepaald:** Hierdie is die beginstatus vir ‘n persoon wat ‘n moontlike ooreenkoms is. Dit dui aan dat jy nog nie hierdie ooreenkoms bevestig of verwerp het nie. Gebruik hierdie opsie wanneer jy van opinie verander, nadat jy die ooreenkoms in die verlede bevestig of verwerp het.
- **Verwerp:** Hierdie status dui aan dat jy nie dink hierdie is dieselfde persoon nie. Verwerpte mense verskyn onderaan die lys in die **Ooreenkomste** oortjie.

- **Bevestig:** Hierdie status dui aan dat jy bevestig het dat hierdie dieselfde persoon is. As jy hierdie opsie kies, word ‘n addisionele veld vertoon, wat jou in staat stel om ‘n skakel na hierdie persoon in jou stamboom by te voeg by die ooreenstemmende persoon in die vorm van ‘n verwysing:




Die venster hierbo wys ‘n voorbeeld van ‘n verwysing wat by ‘n bevestigde Smart Match gevoeg is. Die onderkant van die venster verskaf ‘n skakel na die ooreenstemmende persoon in die ander stamboom.

Toegang tot Addisionele Ooreenkomste


Sekere ooreenkomste mag nie in die **Ooreenkomste** oortjie vertoon word nie omdat hul name (of ander inligting) te veel verskil van die persoon in jou stamboom.

As daar enige addisionele ooreenkomste is, verskyn ‘n spesiale aanduiding bo-aan die lys van ooreenkomste. In die voorbeeld hieronder, het die persoon 73 ooreenkomste, maar die lys vertoon net 70 ooreenkomste. Daar is drie addisionele ooreenkomste wat verberg word omdat hulle beduidend verskil van die persoon in jou stamboom:



Twee skakels word verskaf bo-aan die lys van ooreenkomste in die **Ooreenkomste** oortjie wat jou in staat stel om toegang te verkry tot nog ooreenkomste, soos volg:


- **Wys die addisionele Smart Matches:** Hierdie skakel voeg die mense by wat nie in die lys vertoon word nie as gevolg van die streng definisies in die Opsies venster. Hierdie mense word in grys vertoon.
- **Verander Smart Matching Opsies:** Hierdie skakel vertoon die Opsies venster, waar jy kan aanpas hoe streng die Smart Matching funksie moet wees om soortgelyke inligting te vergelyk, soos hieronder gewys:



Hierdie venster bevat die volgende parameters:

- **Auto Match:** Spesifiseer of die outomatiese ooreenkoms funksie wat op die persoon se kaart verskyn en wat ‘n groen ikoon vertoon geaktiveer is. Kies **Nee** om die funksie wat outomaties ooreenkomste soek wanneer jy ‘n persoon byvoeg of sy besonderhede wysig te deaktiveer.
- **Kruisverwys soortgelyke voorname**: Bepaal of mense met soortgelyke voorname gepas moet word, byvoorbeeld Robert en Bob.

- **Kruisverwys Soortgelyke Vanne:** Spesifiseer hoe streng om vanne gedurende Smart Matching te vergelyk. Kies een van die opsies uit die aftreklys hieronder gewys:



Vergelyk Oortjie

Die **Vergelyk** oortjie vertoon 'n visuele vergelyking van die persoon in jou stamboom met 'n ooreenstemmende persoon in iemand anders se stamboom, soos hieronder gewys:



Persoon in jou stamboom


Persoon in ander stamboom

Status Area

Jy kan die **Vergelyk** oortjie in die Smart Matches venster vertoon deur een van die volgende te doen:

- Dubbel-klik enige ry (behalwe die eerste) in die tabel wat onder die **Ooreenkomste** oortjie vertoon word.
- Klik die naam van die persoon in enige ry (behalwe die eerste) in die tabel onder die **Ooreenkomste** oortjie.
- Regs-klik enige ry (behalwe die eerste) in die tabel onder die **Ooreenkomste** oortjie, en kies **Vergelyk hierdie ooreenkoms** uit die kieslys wat vertoon word.
- Kies enige ry (behalwe die eerste) in die tabel onder die **Ooreenkomste** oortjie en klik die **Vergelyk** knoppie wat regs bo in die venster verskyn.

Vergelyk Stambome



Verander Stamboom skakel

Die boonste deel van hierdie venster wys die persoon in jou stamboom as die fokus van sy of haar familie.

Die onderste deel van hierdie venster wys die ooreenstemmende persoon in die ander stamboom as die fokus van sy of haar familie.


In die middel regs is ‘n **Verander stamboom** knoppie wat ‘n kieslys oopmaak waar jy enige stamboom kan bekyk waarin daar ‘n ooreenkoms met hierdie persoon in jou stamboom is.

Elke persoon se kaart is volgens kleure gekodeer soos volg:

- **Donker Blou:** Dui aan die gekose persoon in elke stamboom. As jy ‘n persoon in een stamboom kies, word sy of haar ooreenstemmende persoon in die ander stamboom outomaties gekies.
- **Groen:** Dui aan ‘n familielid van die persoon in jou stamboom aan vir wie daar ook ‘n ooreenkoms in die ander stamboom gevind is.
- **Wit:** Dui ‘n familielid aan vir wie daar geen ooreenkoms gevind is nie.

Die naam van die ooreenstemmende webtuiste en stamboom, sowel as die webtuiste-eienaar, word bo-aan die onderste stamboom vertoon. Klik dit om ‘n aparte webleservenster oop te maak wat die volle stamboom of webtuiste-eienaar se besonderhede vertoon.


Status Area



Die onderste deel van hierdie venster dui die status van hierdie ooreenkoms aan, wat wys of hierdie ooreenkoms bevestig, verwerp of onbepaald is.

Die onderste deel van hierdie venster vertoon ook die **Verander Status**... knoppie, wat jou toelaat om hierdie ooreenkoms te bevestig of te verwerp. (Sien Verander Status van die Ooreenkoms)

Die **Kwaliteit van Ooreenkomste** veld wys ‘n telling wat aandui hoe goed hierdie persoon ooreenstem. Hoe meer besonderhede en familielede hierdie persoon deel met ‘n persoon in jou stamboom, hoe hoër is die stelling. Mense met ‘n hoër telling het meer groen velde wat in die venster vertoon word as jy die **Verduidelik** skakel klik. Mense met ‘n laer telling vertoon meer rooi of swart velde in die venster. Jy kan **Verduidelik** kies om die volgende venster te vertoon:




Faktor	In jou stamboom	In ander stamboo...	Resultaat
Voornaam			Geen in jou stamboom
Van			Geen in jou stamboom
Geboortedatum	29 Mei 1917	29 Mei 1917	Presiese ooreenkoms - jaar, maand en dag
Datum van afster...	22 Nov 1963	22 Nov 1963	Presiese ooreenkoms - jaar, maand en dag
Vader voornaam			Geen in jou stamboom
Vader van			Geen in jou stamboom
Moeder voornaam			Geen in jou stamboom
Moeder van			Geen in jou stamboom
Eggenotes	1	1	2 kom nie ooreen nie
Kinders	4	8	12 kom nie ooreen nie
Broers en susters	8	17	25 kom nie ooreen nie

Hierdie venster wys die verskillende tipes inligting wat vir hierdie persoon in jou stamboom en die ooreenstemmende stamboom beskryf is, en dui aan of hulle in die **Resultaat** veld ooreenstem. Hierdie velde is volgens kleur gekodeer, soos volg:

- **Groen:** Hierdie velde is identies of soortgelyk vir die twee mense.
- **Rooi:** Hierdie velde is verskillende vir hierdie twee mense.
- **Swart:** Hierdie velde bestaan nie vir ten minste een van hierdie twee mense nie.

Persoonlike Inligtingskaarte

Persoonlike inligtingskaarte laat jou toe om belangrike inligting van die ooreenstemmende mense vinnig en maklik te vergelyk. Hulle lyk soos die:



Wanneer jy ‘n persoon in die My stamboomkaart of in die Ander Stamboomkaart kies, word die gekose mense in die Persoonlike Inligtingskaart ook verander. Die boonste kaart wys die besonderhede van die persoon in jou stamboom en die onderste kaart wys die besonderhede van die ooreenstemmende persoon in die ander stamboom.

Hierdie inligting is volgens kleur gekodeer soos volg:

- **Rooi:** Die inligting is verskillend vir die twee mense.
- **Blou:** Die inligting bestaan vir die ooreenstemmende persoon, maar nie vir die persoon in jou stamboom nie.
- **Swart:** Die inligting is dieselfde vir die twee mense.

Zoem in onder die Vergelyk Oortjie

Hierdie glyer beheer die vertoongrootte van die stambome in die venster. Gly dit na regs om die stamboom te vergroot en na links om dit te verklein.



Om die familie webtuiste-eienaar te kontak:

- Onder die **Vergelyk** oortjie, klik die **Kontak** knoppie om ‘n MyHeritage boodskap te stuur aan die bestuurder van die ooreenstemmende webtuiste.

WENK	
	Die **Vergelyk** oortjie stel jou in staat om jou stamboom met enige ooreenstemmende stamboom te vergelyk. Hoewel, enige lewende persoon in die ooreenstemmende stamboom vir wie jy nie ’n ooreenstemmende familielid het nie word as privaat beskou. Jy kan die Familie Webtuiste-bestuurder van die ooreenstemmende webtuiste kontak om toestemming te kry om toegang tot die inligting te kry.

Smart Match Saamsmelt Program

Nadat jy jou stamboom met bome op ander webtuistes vergelyk het, kan jy die Smart Match Saamsmelt Program gebruik om detail, notas en foto’s van die ooreenstemmende persoon en sy/haar familielede uit die ooreenstemmende boom by joune te voeg.

LET WEL	
	Die inligting van ‘n oorlede persoon is nooit privaat nie.


Saamsmelt Inligting

Jy kan alle inligting van die ooreenstemmende persoon en sy of haar familielede met jou stamboom saamsmelt. Dit kan outomaties gedoen word deur alle intelligente saamsmelt inligting te aanvaar, of stap-vir-stap, self gedoen word, deur elke saamsmelt data apart te bevestig.

LET WEL	
	Hierdie funksie is slegs beskikbaar vir Premium lede. Sien Samesmelting van Smart Matches vir meer besonderhede.

Om ooreenstemmende stamboom-inligting met jou boom saam te smelt:

1 Klik die **Smelt Saam** knoppie onder die **Vergelyk** oortjie, wat die Smart Match Saamsmelt Program venster vertoon:



Hierdie venster vertoon ‘n lys van al die mense in jou stamboom en in die ooreenstemmende boom. Vir alle ooreenstemmende mense, word beide die naam van die persoon in jou stamboom en in die ooreenstemmende boom vertoon, sowel as hul verwantskap aan die hoof persoon en ‘n aanduiding of nuwe inligting in die ooreenstemmende stamboom beskikbaar is. Lewende familielede van die ooreenstemmende persoon wat nie familielede in jou boom het nie, word as privaat beskou en slegs hul van sal gewys word.

Nuwe familielede en mense wat nuwe inligting het word by verstek gekies. Jy kan hierdie keuse aanvaar of mense in die lys merk of ontmerk om te bepaal watter mense se inligting jy wil saamsmelt.

2 Jy kan een van die volgende doen:


- Doen ‘n outomatiese saamsmelt, waar alle items outomaties en intelligent saamgesmelt word.
- Doen ‘n stap-vir-stap saamsmelt, waar jy elke saamsmelt kan bevestig.

Om ‘n outomatiese saamsmelt te doen:

LET WEL

Hierdie funksie is slegs vir Premium lede beskikbaar. Sien Samesmelting van Smart Matches vir meer besonderhede.

1 In die Smart Match Saamsmelt Program venster, klik **Outomatiese Samesmelting**. Die saamsmelt word outomaties gedoen. Dit mag ‘n paar sekondes neem, soos die inligting na jou stamboom gekopieer word. Aan die einde van die proses, vertoon Family Tree Builder die volgende opsomming:



Die inligting van die ooreenstemmende stamboom smelt saam met jou stamboom en die status van elke persoon in die Smart Match Saamsmelt Program venster verander na **Saamgesmelt** in word in groen gemerk.

2 Klik **OK** om die venster toe te maak.

Om ‘n stap-vir-stap saamsmelt te doen:

LET WEL

Hierdie funksie is slegs vir Premium lede beskikbaar. Sien Samesmelting van Smart Matches vir meer besonderhede.

- Klik Stap-vir-stap saamsmelt.

  Die volgende inligting kan vir elke persoon wat in die Smart Match Saamsmelt Program venster gekies is saamgesmelt word:

  - Naam
  - Geboorte besonderhede
  - Sterfte besonderhede
  - Huwelik
  - Feit
  - Notas
  - Foto’s


  LET WEL

  Die spesifieke saamsmelt stappe hang af van die inligting wat in beide bome beskikbaar is.

Vir elke persoon wat uit die lys gekies is, wys die Smart Match Saamsmelt Program ‘n reeks stappe in ‘n wysneus formaat. Elke stap in die wysneus word hieronder beskryf.

Oorsig Stap:

Indien jy die hoof persoon wat vergelyk is saamsmelt, word die volgende venster in die **Oorsig** stap vertoon:



'n Opsomming van die besonderhede van die persoon in jou stamboom verskyn langs die besonderhede van die ooreenstemmende stamboom.


Kies een van die volgende opsies:

- **Stap-vir-stap intelligente saamsmelt van detail:** Smelt die besonderhede saam in 'n stap-vir-stap wysneus wat jou help deur al die besondere saamsmelt prosedure.
- **Outomaties intelligente saamsmelt van alle detail:** Aanvaar al die verstek waardes van die saamsmelt wysneus vir die saamsmelt van die inligting van hierdie persoon.
- **Vervang alle detail:** Vervang alle besonderhede van die persoon in jou stamboom met die inligting van hierdie persoon in die ooreenstemmende stamboom

Klik **Mis hierdie persoon** as jy nie die inligting van hierdie persoon wil hê nie en gaan na die volgende persoon in die lys.


Klik **Volgende** om die volgende stap wat ooreenstemmende inligting wys te vertoon.

Indien jy inligting van ‘n familielid van die persoon wat vergelyk word saamsmelt, word die volgende venster vertoon:



Hier kan jy, addisioneel tot die opsies wat hierbo bespreek is, kies om hierdie familielid saam te smelt met ‘n familielid wat jy reeds vir die persoon het, of jy kan hierdie persoon byvoeg as ‘n nuwe familielid in jou stamboom. Indien hierdie ooreenstemmende familielid reeds ooreenstem met ‘n soortgelyke familielid in jou stamboom, dan sal Family Tree Builder voorstel dat jy die twee mense saamsmelt. Andersins, word jy gevra om ‘n nuwe familielid in jou stamboom te skep.

As jy kies om 'n nuwe familielid by jou stamboom te voeg, word die Voeg Persoon By venster aangebied, wat inligting van hierdie familielid insluit soos dit gekopieer is vanaf die ooreenstemmende stamboom:




Jy kan **OK** klik om besonderhede te bevestig of by te voeg/verander, en klik **OK** wanneer jy klaar is.

LET WEL

Klik **Meer detail** om die persoon se kaart te vertoon.

Naam Detail

Die **Naam Detail** stap word vertoon wanneer daar nuwe of teenstrydige inligting oor die naam van hierdie persoon in die ooreenstemmende boom is.




Die boonste deel van die venster vertoon twee panele met naam besonderhede. Jy kan kies om jou name te behou, jou besonderhede te vervang met die besonderhede van die ander boom of die twee intelligent saamsmelt.

Die onderste area vertoon die resultate van jou keuse.

Wanneer jy klaar is, klik **Volgende** om die volgende stap te vertoon.

Geboorte Detail

Die **Geboorte Detail** stap word vertoon wanneer daar nuwe of teenstrydige inligting oor die geboorte van die persoon in die ooreenstemmende stamboom is.




Die boonste deel van die venster vertoon twee panele met geboorte besonderhede. Jy kan kies om jou geboorte besonderhede te behou, jou besonderhede te vervang met die besonderhede van die ander stamboom (in watter geval jy kan kies om jou data as ‘n alternatiewe geboortefeit by te voeg) of die twee intelligent saamsmelt.

Die onderste area vertoon die resultate van jou keuse.

Wanneer jy klaar is, klik **Volgende** om die volgende stap te vertoon.

Afsterwe Inligting

Die **Afsterwe Inligting** stap word vertoon wanneer daar nuwe of teenstrydige inligting oor die afsterwe van hierdie persoon in die ooreenstemmende stamboom is.




Die boonste deel van hierdie venster vertoon twee panele met afsterwe inligting. Jy kan kies om jou afsterwe inligting te hou, jou besonderhede vervang met die besonderhede van die ander stamboom (in watter geval jy kan kies om jou data as ‘n alternatiewe sterftefeit by te voeg) of die twee intelligent saamsmelt.

Die onderste area vertoon die sterfte resultate van jou keuse.

Wanneer jy klaar is, klik **Volgende** om die volgende stap te vertoon.

Huweliksdetail

Die **Huweliksdetail** stap word vertoon wanneer jy die huweliksmaat van die ooreenstemmende persoon saamsmelt.




Die boonste deel van die venster vertoon twee panele met huweliksdetail. Jy kan kies om jou huweliksdetail te hou, jou detail vervang met die besonderhede van die ander stamboom (in watter geval jy kan kies om jou data as 'n alternatiewe huweliksfeit by te voeg) of die twee intelligent saamsmelt.

Die onderste area vertoon die resultate van jou keuse.

Wanneer jy klaar is, klik **Volgende** om die volgend stap te vertoon.

Feit Detail

Die **Feit Detail** stap word vertoon vir elke nuwe feit oor hierdie persoon in die ooreenstemmende stamboom.




Die boonste deel van die venster vertoon twee panele met feit detail. Jy kan kies om hierdie feit te neem of nie.

Die onderste area vertoon die resultate van jou keuse.

Wanneer jy klaar is, klik **Volgende** om die volgende stap te vertoon.

Notas Detail

Die **Notas Detail** stap word vertoon wanneer daar notas oor hierdie persoon in die ooreenstemmende stamboom is.



Die boonste deel van die venster vertoon twee panele met nota detail. Jy kan kies om elkeen van die nuwe notas uit die ooreenstemmende stamboom te neem.

Die onderste area vertoon die resultate van jou keuse.

Wanneer jy klaar is, klik **Volgende** om die volgende stap te vertoon.

Foto's Detail

Die **Foto's Detail** stap word vertoon wanneer die persoon 'n persoonlike foto in die ooreenstemmende stamboom het:




Die boonste deel van die venster vertoon die persoon se persoonlike foto in jou stamboom (of 'n silhoeët indien nie) en die persoonlike foto in die ander stamboom.

Jy kan kies om die foto uit die ander stamboom te neem, besluit of jy dit wil gebruik as die persoon se persoonlike foto en besluit om die foto te neem waaruit hierdie persoonlike foto gesny is.

Smart Match Status


Hierdie stap laat jou toe om ‘n ooreenkoms op grond van die saamsmelting te bevestig.



Dit word aanbeveel dat jy die ooreenkoms bevestig, aangesien jou saamgesmelte inligting ‘n ooreenkoms vorm. (Sien Verander Status van die Ooreenkoms)

Bevestig Saamsmelt

Die laaste stap van die wysneus wys ‘n opsomming van die samesmelting.



Klik **Klaar** om die samesmelting te doen en die inligting na jou stamboom te kopieer.

‘n Opsomming van die beplande samesmelting word vertoon. Kontroleer die inligting en klik **Klaar** om die samesmelting vir hierdie persoon te doen en gaan voort om die samesmelting vir die volgende persoon in die lys te doen.

Hoofstuk 7

Kaarte



MyHeritage
Copyright © 2006-2013 MyHeritage Ltd.

Kaarte

Omtrent Hierdie Hoofstuk:

Hierdie hoofstuk beskryf hoe om inligting oor plekke in jou projek te bestuur sowel as hoe om hierdie inligting op ‘n interaktiewe kaart te sien. Dit bevat die volgende afdelings:

- **Oorsig** stel bekend die konsep van plekke in Family Tree Builder en hoe plek-verwante inligting in jou projek gebruik kan word sowel as hoe dit gesien kan word op die interaktiewe kaart..
- **Bestuur Plekke** beskryf hoe om inligting oor plekke in jou projek te beskryf en te bekyk.
- **Gebruik Kaarte** beskryf die werking van die funksies verskaf deur Family Tree Builder Kaarte.

Oorsig

Kaarte stel jou in staat om jou familiegeskiedenis op ‘n interaktiewe wêreldkaart te sien. Deur die Kaartfunksie te gebruik, kan jy jou familie se oorsprong ontdek, kennis oor jou familie inwin en die volgende in Family Tree Builder doen:

- Plekname volgens slim voorstelle regmaak en jou data verbeter.
- Jou hele familie op ‘n kaart aandui, enige gedeelte daarvan of slegs ‘n enkele plek.
- Geboorteplekke, woonplekke, ander spesifieke feite of alle feite op die Kaart aandui.
- Sien alle mense, gebeure en foto’s wat met enige spesifieke land of plek verband hou.
- Sien alle belangrike plekke in ‘n persoon se lewe.
- Vind enige plek op die kaart.

Die Kaartfunksie werk in samewerking met die plek-verwante inligting wat in jou projek omskryf word.

Bestuur Plekke

Die Family Tree Builder gebruik plekke in verskillende kontekste:


- Feite oor mense of families sluit in plekke soos geboorteplekke, huwelike en sterftes.
- Foto's sluit in plekke waar die foto geneem is.
- Kontakinligting kan adresse insluit, wat ook as plekke beskou word.

Family Tree Builder laat jou toe om verskillende plekke maklik te bestuur. Jy kan seker maak, byvoorbeeld, dat die spelling van 'n plek dwarsdeur jou projek ooreenstem selfs al is inligting vanaf verskillende bronne verkry.

Jy kan 'n lys van al die plekke wat in jou projek voorkom bekyk sowel as die aantal kere dat na elkeen verwys word en waar. Jy kan ook die ligging van plekke op 'n kaart sien deur Google Kaarte te gebruik.


Om plekinligting te vertoon:

- Vanaf die **Bekyk** kieslys, kies **Plekke** om die Indeks van plekke venster te vertoon:



Jy kan hierdie tabel alfabeties volgens plekname rangskik deur op die **Plek** kolomopskrif te klik (klik weer om te wissel tussen stygende en dalende volgorde). Jy kan die tabel ook rangskik deur die **Verwysings** kolomopskrif te klik, wat dit rangskik volgens die aantal kere dat na die plekke in jou projek verwys word.


Gebruik die **Vind** kassie om te soek na 'n spesifieke teksstring wat in die pleknaam wat jy wil sien voorkom. Die plekke wat met hierdie teksstring ooreenstem word in die lys vertoon soos jy dit tik. Klik die rooi ☒ om die inhoud van die **Vind** kassie te verwyder.



Om ‘n plek op die kaart te vertoon:


1 Kies ‘n plek uit die lys en klik **Wys op kaart**. ‘n Kieslys met twee opsies verskyn: een om slegs hierdie plek te vertoon en een om alle plekke te vertoon.

2 Kies die opsie om slegs hierdie plek te vertoon. Family Tree Builder maak ‘n kaart oop deur Google Kaarte te gebruik en vertoon hierdie plek daarop:




Om te wys waar ‘n plek gebruik is:

- Om te sien waar ‘n plek in die projek gebruik is, kies die plek uit die lys en klik **Waar gebruik** om die Plek gebruik venster te vertoon:



Hierdie venster vertoon die naam van die plek en die verwysings na hierdie plek in jou projek. In hierdie venster kan jy:

- Klik **Wysig in alle verwysings** om die naam van plek in alle verwysings na die plek in jou projek te wysig. Gebruik hierdie opsie as jy die wyse waarop 'n plek gespel is wil verander. In die **Verander na** kassie, tik die nuwe naam in of kies een van die bestaande plekname wat tans in die projek gebruik word.




Wanneer jy klaar is, klik **Klaar** om die venster toe te maak.

- Klik **Wys op kaart** om die plek op 'n kaart te vertoon deur Google Kaarte te gebruik soos hierbo beskryf is.
- Klik die **Maak rekord oop** skakel vir 'n verwysing in die Gebruik lys om die persoon, familie of foto venster te vertoon waar die plek gebruik is.

Verenig Plekname

Die Indeks van Plekke venster mag verskillende spellings van dieselfde plek vertoon, soos in die voorbeeld hieronder:



Gebruik die **Plekke** gereedskap om maklik verskillende spellings te kombineer. Kies net die voorkeur spelling en wysig al die ander.


Om pleknaam spellings te kombineer:

1 Vanaf die **Bekyk** kieslys, kies **Plekke** om die Indeks van Plekke venster te vertoon (sien beeld hierbo).

2 Vind die verskillende spellings van die plek en kies die spelling wat jy vir die naam wil hê (in die voorbeeld, het ons gekies Londen, Engeland bo Londen, Londen Engeland en Londen, VK).


3 Kies die spelling wat jy wil hê en klik **Waar gebruik**.

Die Plek gebruik venster verskyn:




4 Klik Wysig in alle verwysings.

Die Wysig plek venster verskyn:




5 Maak die **Verander na** aftreklys oop en kies jou voorkeur spelling:



6 Klik **OK** om die venster toe te maak.

7 In die Plek gebruik venster, klik **Klaar**.


8 Gaan voort om alle teenstrydige spellings te verander totdat net jou voorkeur spelling oorbly.



Alternatiewe Plek Spelling Voorstelle


Family Tree Builder stel jou in staat om name van plekke in verskeie vensters te wysig, wanneer jy plekke vir feite en foto's invul. Wanneer jy 'n pleknaam in 'n plek veld invul, soek Family Tree Builder hierdie plek op die kaart en bepaal of 'n alternatiewe spelling vir hierdie plek bestaan.

'n Spesiale ikoon word vertoon in plek-verwante velde wat die resultaat van hierdie soektog soos vertoon aandui, byvoorbeeld, wanneer jy 'n onderwys-verwante plek invul in die Wysig Detail, soos gewys in die venster hieronder:



Die verskillende moontlike ikone is:

- Die gloeilamp ikoon dui aan dat alternatiewe spelling voorstelle vir hierdie plek gevind is. Klik die ikoon om die voorgestelde alternatiewe spellings te sien, wat die volgende venster oopmaak:



Jy kan een van die voorstelle as naam vir die plek kies. Om dit te doen, kies die korrekte inskrywing en klik die **OK** knoppie, of eenvoudig dubbel-klik die inskrywing in die lys.

Alternatiewelik, as jy tevrede is met die spelling wat jy vir hierdie plek ingevul het, klik die **Hou as** skakel onderaan die bladsy

Nadat jy die pleknaam op hierdie manier bevestig het, verander sy ikoon na ‘n groen regmerk in die Wysig Detail venster (sien hieronder).

- Die groen regmerk ikoon dui aan dat geen alternatiewe spelling vir hierdie plek gevind is nie. Die kan gebeur indien jy die beste spelling ingevul het, as jy die pleknaam bevestig het deur die naam uit die lys te kies of as jy verkies om hierdie spelling te hou soos hierbo beskryf is.

- Die blou vraagteken ikoon dui aan dat Family Tree Builder nog nie enige voorstelle vir hierdie pleknaam opgespoor het nie. Hierdie ikoon dui ‘n tydelike staat aan en word vertoon totdat die pleknaam in hierdie veld gesoek word. Jy kan die ikoon klik om ‘n soektog te begin.
- Hierdie ikoon dui aan dat hierdie plek nie deur Family Tree Builder gevind is nie.

Gebruik van Kaarte


Family Tree Builder se **Kaarte** funksie stel jou in staat om jou hele stamboom, enige gedeelte daarvan of slegs een individu op ‘n interaktiewe wêreldkaart te karteer. Die Kaarte funksie gebruik standaard Google kaarte, waarin jy beelde kan beweeg, in/uit zoem ensovoorts vir maklike maneuvreerbaarheid.

LET WEL

Hierdie is ‘n premium funksie wat beperk is deur jou tipe lidmaatskap.

Premium gebruikers kan alle plekke op die kaart sien.
Nie-premium gebruikers kan slegs ‘n gedeelte van die plekke in hul projek op die kaart sien. Jy kan opgradeer na ‘n premium lidmaatskap wanneer versoek word, of klik die **Nee dankie, gaan voort met die gratis weergawe** skakel om met die standaard lidmaatskap voort te gaan.

Om toegang tot die *Kaarte* venster te kry, klik die  ikoon in die nutsbalk of kies **Kaarte** in die **Bekyk** kieslys.




Wanneer jy toegang tot die Kaarte venster kry, sal Family Tree Builder al die plekke in jou projek soek en op ‘n wêreldkaart laai.

Die Kaarte Bekyk vertoon ‘n interaktiewe wêreldkaart, met spelde wat plekke in jou projek aandui. Om ‘n warboel op die kaart te vermy en om die spoed te verhoog wanneer die Kaarte Venster oorspronklik laai, vertoon Family Tree Builder slegs een speld per land. Vir lande met baie state of provinsies, soos die VSA en Kanada, word een speld per staat/provinsie vertoon. Wanneer jy op die kaart inzoem, sal die kaart alle spelde vir die gekose zoemarea vertoon.

Filtreerarea

Die Filtreerarea bevat ‘n reeks merkkassies wat jou in staat stel om die tipes van plekke wat op die kaart vertoon word te beperk.



Merk eenvoudig ‘n merkkassie om daardie tipe plekinligting op die kaart in te sluit. Byvoorbeeld, merk die **Geboorte** merkkassie om geboorteplekke te sien en die **Huwelik** merkkassie om huweliksplekke te sien. Die **Ander** merkkassie vertoon plekke wat nie binne een van die gedefinieerde kategorieë val nie (Geboorte, Afsterwe en Begrafnis, Huwelik, Woonplek en Foto’s), soos onderwys.


Let op dat baie plekke verskeie tipes mag hê, indien dieselfde plek vir beide ‘n geboorteplek en ‘n huweliksplek in jou projek gebruik word.

Voer ’n Gevorderde Soektog uit


Die **Gevorderde soektog** opsie stel jou in staat om die inligting wat op die kaart vertoon word verder te beperk. Klik die **Gevorderde soektog** skakel om toegang tot addisionele opsies te verkry. Jy kan filtreer om inligting vir ‘n spesifieke persoon en/of tydperk en/of taal te vertoon.



Byvoorbeeld, kies ‘n spesifieke persoon uit die boonste aftrek kieslys om al die plekke wat met daardie persoon verband hou op die kaart te vertoon.




Nadat jy jou keuse uit die aftrek kieslys gemaak het, vertoon die kaart alle plekke waar na daardie persoon verwys word, saam met daardie persoon se foto’s en besonderhede in die regterkantse venster.



Klik die **Wys alles** skakel om die Filtreerarea skoon te maak.


Jy kan kies om inligting van slegs die gekose persoon te vertoon, of van voorouers, afstammelinge en ook nabye familie. In hierdie konteks, verwys nabye familie na die persoon se gade, broers en susters, ouers en kinders.



Jy kan ook filtreer volgens tydperk.




Jy kan ook volgens taal filtreer.



Wanneer jy filtrering kriteria in verskeie aftrek kieslyste gelyktydig spesifiseer, is ‘n **En** voorwaarde van toepassing, wat beteken dat aan alle gespesifiseerde voorwaardes voldoen moet word.

Navigator

Die Navigatorarea bevat ‘n maklik-om-te-gebruik navigasiewiel en glyer om die kaart te navigeer.




Klik een van die pyle op die wiel om in daardie rigting op die kaart te beweeg. Klik die hand ikoon in die middel van die wiel om na die vorige posisie op die kaart terug te keer (voordat een van die pyle op die wiel gebruik is).

Die glyer stel jou in staat om op die kaart in en uit te zoem. Sleep die glyer tot na die plus end om in te zoem en na die minus end om uit te zoem.

Alternatiewelik, kan jy die kaart dubbel-klik om in te zoem en regs-dubbel-klik om uit te zoem.

Vertoonopsie Knoppies

Die Vertoonopsie Knoppies area bevat drie knoppies wat die manier waarop die kaart vertoon word beheer, soos volg:




Kaart Opsie

Klik die **Kaart** knoppie om die standaard kaartweergawe te vertoon. Hierdie weergawe bied ‘n standaard straatkaart weergawe van die wêreld of gekose area.



Jy kan in zoem om lande en staatsgrense, sowel as paaie en plekname te vertoon.



Satelliet Opsie

Klik die **Satelliet** knoppie om ‘n satellietbeeld topografiese kaartweergawe te vertoon.




Hibried Opsie

Klik die **Hibried** knoppie om ‘n satellietbeeld topografiese weergawe van die kaart te vertoon, wat ook land- en staatsgrense , sowel as paaie en plekname wys.



Lys van Plekke Venster


Die Lys van Plekke venster bied ‘n lys van alle plekke wat op die kaart vertoon word. Jy kan die lys van plekke alfabeties sorteer, volgens land of volgens die aantal verwysings volgens datum. In die **Volgens Land** sortering, hieronder gewys, is inligting ook gekategoriseer volgens staat/provinsie vir die VSA en Kanada. Die standaard sortering is volgens land.



Die **Volgens Verwysings** sortering rangskik die plekke lys op grond van die aantal verwysings wat hierdie plek in jou projek het. Hierdie opsie rangskik die lys in dalende volgorde, sodat hoe meer plekke gebruik word, hoe hoër sal dit in die lys wees.

Die **Volgens Datum** sortering rangskik die plekke lys volgens datum, vanaf die oudste datum tot die mees onlangse.

Die Lys van Plekke venster vertoon daardie spelde wat op die kaart vertoon word in blou, en daardie spelde wat nog nie op die kaart vertoon word nie in grys, soos hieronder vertoon:




Nie op kaart vertoon

Wanneer jy 'n grys speld in hierdie venster klik, wys dit vir jou die ligging van daardie speld op die kaart en die speld verkleur dan blou.

Jy kan ook 'n land, staat of provinsie in die lys klik om daarheen in te zoem om al die spelde in daardie land, staat of provinsie te wys.

Die **Druk** knoppie onderaan die Lys van Plekke venster stel jou in staat om die huidige weergawe van die kaart te druk.

Plekke wat nie op die kaart gevind kon word nie word onderaan die lys vertoon.




As jy die skakel vir ‘n plek wat nie op die kaart opgespoor kon word nie klik, maak ‘n uitroep oop waarin jy die data van daardie plek kan wysig.




Vertoon Uitroepe

Klik eenvoudig ‘n plek in die Lys van Plekke venster om in te zoem na daardie plek op die kaart. Hierdie aksie vertoon ook ‘n uitroep van die relevante speld op die kaart. Die uitroep bevat aksies en besonderhede oor die gekose plek.



Uitroep Aksies:

- Klik die ikoon om in te zoem na die onderskeie plek op die kaart.
- Klik die skakel om die pleknaam te verander na die alternatiewe voorgestelde naam. Hierdie aksie verskyn indien 'n alternatiewe naam vir hierdie plek gevind is.
- Klik die skakel om die pleknaam met sy huidige naam te behou. Hierdie aksie verskyn indien 'n alternatiewe naam vir hierdie plek gevind is, maar jy wil dit nie gebruik nie.
- Klik die skakel om uit 'n lys van voorgestelde alternatiewe plekname te kies. Hierdie aksie verskyn indien die naam wat jy vir hierdie plek ingevul het dubbelsinnig is en op verskeie plekke op die kaart gevind kan word. Byvoorbeeld, indien jy *Londen* as 'n plek ingevul het, kan jy die volgende voorstelle kry:




Wanneer jy hierdie opsie gebruik, word voorgestelde alternatiewe plekke beide op die kaart (as grys spelde) en in die venster aan die regterkant gewys. Kies die alternatief of klik **Kanselleer** om jou spelling van die plek te behou.

'n Ander opsie is om die koördinate van die plek op die kaart self in te vul en dan **OK** te klik. Hierdie opsie is nuttig wanneer Family Tree Builder nie die presiese ligging van jou plek op die kaart kan opspoor nie.

Alternatiewelik kan jy eenvoudig die speld op die kaart sleep om sy ligging te verander.

- Klik die skakel om die pleknaam te wysig. Jy kan die pleknaam direk in die uitroep verander, soos hieronder gewys:



- Klik die skakel om die plek vanaf die kaart te verwyder. Dit mag nodig wees om die plek vanaf die kaart te verwyder indien die pleknaam nie ooreenkom met ‘n werklik fisiese plek op die kaart nie. Byvoorbeeld, jy mag dit wil doen met plekname soos *Hospitaal*, *Tuis*, *By die see* ensovoorts, wat nie werklike plekke op die kaart aandui nie.

Hoofstuk 8

Navorsing Gereedskap



MyHeritage
Copyright © 2006-2013 MyHeritage Ltd.

Navorsing Gereedskap

Omtrent Hierdie Hoofstuk:

Hierdie hoofstuk beskryf die soeke na en byvoeging van genealogiese inligting by die mense in jou stamboom op grond van inligting wat gevind is deur MyHeritage se kragtige SuperSearch soekprogram te gebruik. Family Tree Builder bied jou volledige toegang tot die kragtige navorsing gereedskap wat deur MyHeritage.com verskaf word. Hierdie gereedskap stel jou in staat om families en/of spesifieke persone na te vors in miljarde rekords, soos geboorte, huwelik, sterfte, begrafnis, sensus, militêre en immigrasie rekords, koerantartikels en baie meer. Dit bevat die volgende afdelings:

- **SuperSearch** beskryf hoe om navorsingsinligting te vind in MyHeritage se SuperSearch soekprogram wat ooreenstem met mense in jou eie stamboom.
- **Record Matches** beskryf hoe om die inligting te gebruik wat outomaties versamel is deur **SuperSearch** om rekord ooreenkomste te identifiseer, wat historiese rekords is wat heel waarskynlik met jou stamboom ooreenstem.

SuperSearch

Oorsig

Family Tree Builder se Navorsingsfunksie stel jou in staat om te soek na, en genealogiese inligting by mense in jou stamboom te voeg. Hierdie funksie gebruik MyHeritage se **SuperSearch** genealogie soekprogram wat soek vir historiese rekords, soos geboorte, huwelik en sterfte rekords, sowel as sensusdata, militêre en immigrasie rekords, koerantartikels, grafrekords en vele meer.


Jy kan 'n soektog begin deur inligting op 'n vorm op die SuperSearch webtuiste in te vul. Family Tree Builder verskaf ook 'n ingeboude vermoë om te soek na enige spesifieke persoon in jou stamboom.

LET WEL	Die Family Tree Builder **Record Matches** funksie gebruik die inligting wat deur SuperSearch versamel is om rekord ooreenkomste te identifiseer.


SuperSearch verskaf 'n relatief wye reeks resultate, in teenstelling met die Record Matches funksie wat slegs die hoogste-kwaliteit resultate vir individue in die boom verskaf.

Navorsing Kieslys en Nutsbalk


Die **Navorsing** kieslys en **Navorsing op MyHeritage.com**  nutsbalk knoppie verskaf toegang tot die volgende navorsingverwante opsies:




- **Gaan na MyHeritage SuperSearch:** Maak jou webleser na die SuperSearch venster oop.



- **Vors [persoon se volle naam] na op SuperSearch, Vors [persoon se van] na op SuperSearch** en **Vors [huweliksmaat se van] na op SuperSearch**: Maak jou webleser oop en vertoon die Record Matches resultate lys vir die gekose individu of van.



- **Sien Record Matches vir [persoon se naam]:** Maak jou webleser oop en vertoon al die Record Matches vir die gekose persoon.



- **Verfris Record Matches:** Verfris die rekord ooreenkomste resultatelys.

Toegang tot navorsing-verwante funksies kan op die volgende maniere verkry word:

- Klik die **Navorsing op MyHeritage.com**  knoppie op die nutsbalk.
- Kies een van die opsies uit die **Navorsing** kieslys.
- Regs-klik ’n persoon in die Mense Lys en kies **Vors [persoon se naam] na op SuperSearch**.
- Regs-klik ’n persoon se kaart in die Stamboom Venster en kies Navorsing en dan **Vors [persoon se naam] na op SuperSearch**.

Record Matches

Die Family Tree Builder **Record Matches** funksie gebruik die inligting wat versamel is deur **SuperSearch** om rekord ooreenkomste te identifiseer, wat historiese rekords is van iemand in jou stamboom, byvoorbeeld, 'n relevante rekord oor jou familie se geskiedenis, soos 'n geboorterekord van een van jou voorouers, 'n grafsteenfoto van 'n familielid in jou familie of 'n koerantartikel wat beskryf hoe jou oupagrootjie jou oumagrootjie ontmoet het en verlief geraak het.

By verstek, soek Family Tree Builder outomaties vir Record Matches wanneer ook al jy inligting van mense in jou stamboom verander wat 'n invloed het op ooreenkomste, soos name, geboortedatums ensovoorts.

WENK

Om outomatiese Rekord Vergelyking af te skakel, kies **Opsies** in die **Gereedskep** kieslys. Kies dan die **Algemeen** paneel en verander die **Outomatiese Rekord Vergelyking** parameter na **Nee**.

Family Tree Builder verskaf aan jou die aantal Record Matches vir elke persoon. Die besigtiging en bestuur (bevestiging en verwerping) van die ooreenkomste word aanlyn op die MyHeritage.com webtuiste gedoen.

NOTA


Record Matches vir jou hele stamboom kan slegs gesien word as jy jou boom sinchroniseer en wag vir die rekord ooreenkomste om op die bediener bereken te word.

Toegang tot sekere rekords wat deur die Record Matches funksie geïdentifiseer word is gratis, maar die meeste vereis 'n aparte data-inskrywing (sien Data-Inskrywings).


Hersiening van 'n Persoon se Record Matches

Wanneer rekords in 'n MyHeritage SuperSearch ooreenstem met 'n persoon in jou stamboom, word 'n ikoon of knoppie op daardie persoon se kaart in die Stamboom Venster vertoon. Jy kan dan elke rekord ooreenkoms wat gevind is bevestig of.

Om Record Matches vir ’n persoon te sien:

1 Klik die groen **X rekords** 

knoppie op ’n persoon se kaart, waar X die aantal rekord ooreenkomste vir daardie persoon aandui wat óf bevestig óf hangend is, maar nie verwerp nie. Die volgende venster word vertoon wat ’n lys van Record Matches vir hierdie persoon wys:



- Let daarop dat die resultate vertoon word in ’n eksterne webleser.

NOTA

As Record Matches vir ’n persoon gevind is, word die Rekords knoppie vertoon wanneer jy daardie persoon se kaart oopmaak, selfs in die stamboom wat nie gesinchroniseer is nie (sien Sinchroniseer Jou Stamboom). Maar, as die spesifieke persoon wie se rekord jy sien nie gesinchroniseer is nie, kan jy net hul Record Matches sien, maar kan jy dit nie bevestig of verwerp nie.


2 Op hierdie stadium kan jy die lys hersien en die groen regmerk klik om 'n ooreenkoms te bevestig, of die rooi X om dit te verwerp.

- Alternatiewelik kan jy verder gaan om selfs meer besonderhede te sien vir 'n spesifieke Record Match deur op sy **Beoordeel ooreenkoms** knoppie te klik. Hersien die ooreenkoms en klik die **Bevestig** knoppie om die ooreenkoms te aanvaar of die **Verwerp** knoppie om dit te verwyder.

Hersien Record Matches vir die Hele Stamboom

Om Record Matches vir die hele stamboom te hersien:


1 In die **Webtuiste** kieslys, kies **Rekord Ooreenkomste**. 'n Opsomming van alle Record Matches vir jou stamboom word vertoon:



- Hierdie venster vertoon bo-aan die totale aantal Record Matches vir die hele stamboom.


- Die venster bevat twee oortjies: **Volgens versamelings** en **Volgens mense**. Die **Volgens versamelings** oortjie bied die lys van resultate volgens rekord versamelings, soos volgens Koerant Argiewe, Sosiale Welsyn Sterfte Indeks ensovoorts, soos hierbo gewys.

- Die **Volgens mense** oortjie vertoon Record Matches volgens mense vir elke persoon in die stamboom, soos hieronder gewys:




- Die totale aantal Record Matches vir elke versameling of persoon word vertoon, sowel as die aantal hangende ooreenkomste vir daardie inskrywing.

- Byvoorbeeld, in die venster hieronder, het Rose Kennedy vyf rekord ooreenkomste wat almal hangende is. 'n Hangende rekord ooreenkoms beteken dat daardie ooreenkoms nog nie bevestig of verwerp is nie.



2 Klik die **Bekyk X ooreenkomste** knoppie vir die versameling of persoon wie se ooreenkomste jy wil sien. Besonderhede van elke Record Match word vertoon:



3 Op hierdie stadium kan jy die lys van Record Matches resultate hersien en die groen regmerk klik om ’n ooreenkoms te bevestig of die rooi X om dit te verwerp.

- Alternatiewelik kan jy verder gaan om selfs meer besonderhede te sien vir 'n spesifieke Record Match deur op sy **Beoordeel ooreenkoms** knoppie te klik. Die volgende venster word vertoon:



- Hersien die Record Match en klik die **Bevestig** knoppie om die ooreenkoms te aanvaar of die **Verwerp** knoppie om dit te verwyder.

WENK


Na bevestiging of verwerping van Record Matches, kan jy die Record Match tellings in Family Tree Builder onmiddellik verfris deur **Verfris Rekord Ooreenkomste** in die **Navorsing** kieslys te kies.

Data-inskrywings

Sekere van die rekords wat deur die SuperSearch en Record Matches funksies geïdentifiseer word is gratis, maar die meeste vereis 'n aparte data-inskrywing. 'n Datainskrywingsplan kan vanaf MyHeritage gekoop word, en dit verskaf onbeperkte toegang tot miljarde historiese rekords en onbeperkte Record Matches. Byvoorbeeld, die volgende is sommige van die bronne wat gebruik word om historiese inhoud van belang op te spoor:

- Geboorte, huwelik en sterfte rekords
- Sensus, militêre, immigrasie en wetlike rekords
- Koerante, jaarboeke, telefoonboeke en gidse
- Stambome, foto's, dokumente en kaarte

Let daarop dat alle ooreenkomste in die lys van Record Matches resultate verskyn. Maar, vir daardie rekords wat 'n data-inskrywing vereis, word slegs die basies inligting vir hulle aangebied en jy kan slegs verder ingaan om meer detail te sien as jy die vereiste data-inskrywing het. Record Matches wat gratis is het die woord **Gratis** in groen as deel van hul beskrywing. Daardie wat 'n data-inskrywing benodig het dit nie.



Wanneer jy 'n gratis Record Match klik, word jy al sy inligting gewys. As jy 'n Record Match klik wat nie gratis is nie, word 'n venster vertoon waarin jy 'n data-inskrywing kan.

NOTA

'n Data-inskrywing is nie dieselfde as 'n Premium of PremiumPlus lidmaatskap nie (sien Premium Lidmaatskap).

Hoofstuk 9

Diagramme



MyHeritage
Copyright © 2006-2013 MyHeritage Ltd.

Diagramme

Omtrent Hierdie Hoofstuk:

Hierdie hoofstuk beskryf die tipes diagramme wat Family Tree Builder verskaf en hoe om hulle te skep en aan te pas. Dit bevat die volgende afdelings:

- **Vertoon ‘n Diagram** beskryf hoe om ‘n diagram te vertoon.
- **Konfigureer jou Diagram Voorkoms** beskryf opsies om die voorkoms van jou diagram te beskryf.
- **Druk jou Diagram** beskryf opsies om ‘n diagram op ‘n standaard tafeldrukker of as ‘n plakkaat te druk.

Family Tree Builder verskaf die volgende tipes diagramme:

- **Voorouer Diagram,** wat die gekose persoon, sy of haar ouers, grootouers ensovoorts wys.
- **Afstammeling Diagram,** wat die gekose persoon, kinders, kleinkinders ensovoorts wys. Dit sluit ook die huweliksmaat(s) van die persoon en afstammelinge in.
- **Waaier Diagram,** wat die gekose persoon en daardie persoon se afstammelinge en voorouers in ‘n waaiervormige diagram wys.
- **Nabye Familie Diagram,** wat die gekose persoon en nabye familie van daardie persoon wys.
- **Uurglas Diagram,** wat die gekose persoon en beide afstammeling en voorouers wys.
- **Strikdas Diagram,** wat die gekose persoon en sy of haar huweliksmaats, van beide hul voorouers en hul kinders wys.
- **Alles-in-Een Diagram,** wat die hele stamboom wys.

Vertoon ‘n Diagram


Jy kan maklik ‘n diagram vertoon soos hieronder beskryf.

Om ‘n diagram te vertoon:

1 Doen een van die volgende om die **Diagramme** kieslys te vertoon

- Klik die **Diagramme**  knoppie.
- Kies die **Diagramme** opsie uit die nutsbalk.
- Kies ‘n persoon in die Stamboom Venster, regs-klik sy kaart en kies die **Diagramme** sub-kieslys.


Die **Diagramme** kieslys word vertoon, soos hieronder gewys:



2 Jy kan nou die diagram kies wat jy wil vertoon (en of jy ‘n horisontale of vertikale diagram wil skep).

Alternatiewelik, kan jy die **Diagram Wysneus** opsie kies om meer inligting oor hierdie diagram tipes te vertoon. Hierdie wysneus word in die volgende stap beskryf.

3 In die Diagram Wysneus, kies die betrokke radio knoppie vir die tipe diagram wat jy wil vertoon en klik **Volgende:**




4 Kies die radio knoppie om die diagram styl te kies.




5 Klik **Skep Diagram** om die diagram wat jy gekies het te skep. Die diagram sentreer rondom die persoon wat tans in die Stamboom Venster gekies is.

Voorbeelde van die verskillende tipes en style van diagramme word hieronder gewys:


Strikdas Diagram




Vertikale Voorouer Diagram




Horisontale Afstammelinge Diagram



Voorouers Waaier Diagram



6 Om die hoof persoon van die diagram te verander, dubbel-klik hierdie persoon in die Mense Lys aan die linkerkant.



7 Jy kan ‘n persoon se kassie in die diagram regs-klik om die volgende kieslys oop te maak:



Die opsies in hierdie kieslys is:

- **Vertoon diagram vir hierdie persoon:** Maak die gekose persoon die hoof persoon van die diagram.
- **Wysig Persoon Detail:** Wysig die besonderhede van hierdie persoon.
- **Vertoon Persoon in Stamboom:** Wys die Stamboom Venster vir hierdie persoon.
- **Bestuur Persoon se Foto’s:** Wys ‘n lys van al die foto’s van hierdie persoon in die Foto’s Venster.
- **Diagram Opsies:** Verander die diagram se opsies, soos hieronder beskryf.

8 Jy kan enige kassie in die diagram klik en sleep na ‘n nuwe posisie, soos vereis. Die lyn wat dit met sy familielid verbind word dienooreenkomstig aangepas. Hou die Ctrl sleutel in terwyl jy die kassie sleep indien jy slegs die kassie wil beweeg. Anders beweeg al die afhanklike kassies saam.

9 Gebruik die Diagram nutsbalk indien nodig. Die volgende beskryf die ander opsies wat op die nutsbalk bo-aan die diagram venster beskikbaar is:

- **Opsies:** Stel jou in staat om die voorkoms en inhoud van die diagram aan te pas. Sien Pas Diagram Voorkoms aan vir meer besonderhede.
- **Style:** Verskaf ‘n verskeidenheid aantreklike style waaruit jy kan kies en stel jou in staat om die tipe feite wat in die kassies sal verskyn te spesifiseer. Elke styl kan dan verder aangepas word deur die **Opsies** knoppie te klik.
- **Druk:** Stel jou in staat om die diagram wat vertoon word te druk op ‘n standaard drukker of as ‘n plakkaat. Sien Druk ‘n Diagram vir meer besonderhede.
- **Stoor:** Maak ‘n wysneus oop wat jou in staat stel om hierdie diagram as ‘n PDF of JPEG lêer op jou rekenaar te stoor.
- **Tuis**  **Ikoon:** Beweeg die hoof persoon van die diagram na die middel van die diagram.

- **Zoem:** Jy kan die zoem glyer gebruik om die beeld van die diagram op die skerm groter of kleiner te maak.

LET WEL

PDF is ‘n standaard formaat verskaf deur Adobe Acrobat. Sy leser kan gratis vanaf verskeie webwerwe op die Internet afgelaai word. Indien jy nie ‘n Acrobat leser het nie, laai dit eenvoudig af en installeer dit. Jy kan dan PDF lêers verskaf deur Family Tree Builder of enige ander PDF lêer bekyk en druk.

Konfigureer Diagram Voorkoms

Family Tree Builder verskaf ‘n wye verskeidenheid van opsies vir die definiëring van jou diagram se voorkoms, soos volg:


- **Diagram Opsies**
- **Waaier Diagram Opsies**
- **Diagram Style**

Diagram Opsies

Om diagram opsies aan te pas:

1 Vertoon die diagram van jou keuse (sien Vertoon ‘n Diagram hierbo). Die diagram sal in die hoof venster vertoon word.

2 Kies **Diagram Opsies** om die volgende venster te vertoon:



LET WEL

Vir waaier diagramme verskil die opsie. Sien Waaier Diagram Opsies.

3 Vul in of verander die inligting in die verskillende oortjies van hierdie venster, soos hieronder beskryf, en klik **OK** om die diagram te vertoon. Die nuwe voorkoms bly totdat jy dit weer verander.


LET WEL	Jy kan ook **Pas toe** klik om die veranderinge te stoor en die venster oop los vir nog veranderinge.

Die volgende oortjies word verskaf om jou in staat te stel om die voorkoms van jou familie diagram te beskryf:

- **Algemene Oortjie**
- **Ontwerp Oortjie**
- **Feite Oortjie**
- **Agtergrond Oortjie**
- **Lyne Oortjie**
- **Lettertipes Oortjie**
- **Tale Oortjie**

Algemene Oortjie

Die **Algemene** oortjie laat jou toe om die algemene voorkoms van die diagram aan te pas, soos volg:



Die volgende beskryf die velde in hierdie venster:

- **Titel:**
  - **Titel:** Spesifiseer ‘n titel vir die diagram. ‘n Titel word outomaties aan ‘n diagram deur Family Tree Builder gegee, op grond van die tipe diagram en die hoof persoon of paartjie van die diagram. Jy kan hierdie titel verander as jy wil.
  - **Versiering:** Spesifiseer die versiering styl vir die titel van die diagram. Om dit te doen, maak die aftreklys oop om die voorbeelde van die verskillende versiering style wat beskikbaar is te sien. Kies die eerste opsies in die lys vir geen versiering.


- **Generasies:**
  - Wys alle generasies of ‘n spesifieke getal generasies wat in die diagram moet voorkom. Hoe meer generasies jy spesifiseer, hoe meer mense sal in die diagram voorkom en hoe groter sal die diagram wees.
  - **Vertoon kinders in ‘n lang ketting:** Hierdie opsie is slegs beskikbaar vir die Strikdas diagram. ‘n Strikdas diagram vertoon die kinders van ‘n paar in die diagram. Merk hierdie opsie om die kinders in ‘n vertikale ketting, een onder die ander te vertoon. Moet nie hierdie opsie merk nie, om die kinders horisontaal langs mekaar te vertoon.
  - **Nabyheid van familielede:** Hierdie opsie is slegs beskikbaar vir Nabye Familie diagramme en laat jou toe om te spesifiseer watter familielede van die hoof persoon by die diagram ingesluit moet word.
  - **Sluit Huweliksmaat(s) se voorouers in:** Hierdie opsie is slegs vir Uurglas diagramme beskikbaar en laat jou toe om te spesifiseer of jy die huwelikmaat se voorouers ook wil insluit.

- **Persoonlike Foto’s:**
  - **Wys persoonlike foto’s:** Spesifiseer hoe Persoonlike Foto’s in die diagram vertoon word. Indien jy die **Stylvol** ontwerp (sien die **Ontwerp** oortjie) kies, dan is hierdie opsie nie beskikbaar nie aangesien hierdie ontwerp altyd persoonlike foto’s wys. Die beskikbare opsies is:
    - **Slegs as Bestaan:** Persoonlike foto’s word in die diagram vertoon slegs van mense wat ‘n persoonlike foto het. Anders, word niks vertoon.
    - **Altyd (vertoon ‘n plekhouer indien ontbreek):** Persoonlike foto’s word in die diagram vertoon vir mense wat ‘n persoonlike foto het en ‘n silhoeët plekhouer word vertoon vir mense sonder ‘n persoonlike foto.
    - **Nooit:** Persoonlike foto’s word nooit in die diagram vertoon nie.
  - **Persoonlike foto’s grootte:** Spesifiseer die grootte van die persoonlike foto’s in die diagram. **Baie groot** is 90 x 120 pixels, **Groot** is 60 x 80 pixels en **Klein** is 30 x 40 pixels.

- **Rangskikking:**
  - **Oriëntasie:** Spesifiseer of die diagram horisontaal of vertikaal vertoon word.
  - **Rangskik blokke naby mekaar om bladsye te bespaar:** Posisioneer diagramblokke naby mekaar, om die spasie te verminder wat dit op die papier inneem. Wanneer hierdie opsie gekies word, is die diagram kleiner, en mag dit moeiliker wees om te lees.
  - **Rangskik diagram om drukker bladsye te pas:** Merk hierdie opsie as jy beplan om die diagram op jou tuis drukker te druk. Wanneer hierdie opsie gekies word, rangskik Family Tree Builder die diagram sodat dit netjies op veelvuldige bladsye papier inpas. Andersins, neem die diagram nie die grootte van die papier in jou drukker in berekening nie.
  - **Kies papier grootte:** Hierdie knoppie is slegs beskikbaar as jy die **Rangskik diagram om drukker bladsye te pas** opsie hierbo gekies het. Deur hierdie opsie te kies, maak die standaard Druk Instelling venster oop om die grootte en oriëntasie van jou drukker se papier te verander.
  - **Verhoed dat blokke oor bladsy grense strek:** Hierdie opsie is slegs beskikbaar wanneer jy die **Rangskik diagram om drukker bladsye te pas** opsie hierbo gekies het. Merk hierdie opsie om te voorkom dat ‘n blok in die diagram oor meer as een drukker bladsy strek. Wanneer jy hierdie opsies kies, raak die diagram normaalweg baie groter.


Ontwerp Oortjie

Die **Ontwerp** oortjie stel jou in staat om die algemene ontwerp van elke blok in die diagram te beskryf.




Die volgende beskryf die velde in hierdie oortjie:

- **Ontwerp:**
  - **Stylvol:** In die Stylvol ontwerp, sluit elke persoon se blok ‘n foto met ‘n raam rondom dit in en teks omtrent die persoon verskyn onder die foto.




- **Tradisioneel:** In die Tradisioneel ontwerp, verskyn elke persoon se blok as ‘n reghoek met die foto en die teks binne-in die blok.



- **Fotoraam:** Kies die tipe raam om rondom elke foto in die diagram te wys. Kies die laaste opsie in die aftreklys indien jy nie enige raam rondom die foto’s wil hê nie.
- **Blok Rand:** Kies die tipe rand vir elke blok in die diagram. Jy kan ‘n eenvoudige lyn rand met jou keuse van wydte en kleur kies, of jy kan kies uit een van die beskikbare grafiese rande. Jy kan ook kies of ‘n skaduwee rondom elke blok vertoon moet word.
- **Blok Agtergrond Kleur:** Die binnekant van elke blok kan ‘n agtergrond kleur hê. Jy kan kies om ‘n verskillende kleur op grond van die geslag van die persoon in die blok te kies.

Feite Oortjie

Die **Feite** oortjie stel jou in staat om die feite wat in elke blok in die diagram verskyn te beskryf en aan te pas, soos volg:



1
Kies 'n kategorie van feite

2
Kies feite

3
*Klik **Voeg By** om hierdie feite in te sluit*

4
Die ingeslote feite word hier gelys

Elke diagram blok verteenwoordig 'n persoon. 'n Voorbeeld van 'n blok in 'n diagram word hieronder vertoon:




Om die feite wat ingesluit moet word te kies:

1. Die linkerkant van hierdie venster lys die verskillende feite wat beskikbaar is om in die diagram profiel vertoon kan word. Die feite wat in hierdie lys gewys word, word bepaal deur 'n keuse uit die kategorie veld wat bo dit verskyn. Kies 'n kategorie van feite uit hierdie aftrekveld. Dit is die feite waaruit jy kan kies watter jy wil insluit.
2. Klik op die feite wat by 'n diagram blok ingesluit moet word. 'n Regmerk verskyn aan die linkerkant van die velde wat reeds gekies is. Jy kan die **Ctrl** en **Shift** sleutels op die sleutelbord gebruik om meer as een feit op 'n slag te kies.
3. Klik **Voeg by** om hierdie feite op die lys aan die regterkant in te sluit. Hierdie lys spesifiseer die feite wat by die profiel ingesluit moet word. Jy kan ook 'n feit dubbel-klik om dit by te voeg. Klik **Verwyder** om dit uit hierdie lys te verwyder.
4. Spesifiseer die volgorde waarin die feite in die profiel verskyn. Kies 'n feit aan die regterkant en beweeg dit met die lys op deur **Skuif Op** te klik, of beweeg dit af deur **Skuif Af** te klik.
5. Jy kan spesifiseer of die name van feite in diagram blokke **Volledige Etikette** of **Kort Etikette** moet hê. Wanneer **Volledige Etikette** gekies is, kan 'n feit naam byvoorbeeld ***Geboorte:*** wees, terwyl met **Kort Etikette**, kan die naam ***g.*** wees.
6. Kies die **Beskrywing**, **Datum**, **Plek** en/of **Oorsaak van dood** merkkassies om aan te dui watter inligting om vir elk van die gekose feite te wys.
7. Klik **Pas toe** of **OK** om die veranderinge te stoor.


Agtergrond Oortjie

Die **Agtergrond** oortjie stel jou in staat om die agtergrond van die diagram en die raam rondom dit aan te pas:



Die volgende beskryf die velde beskikbaar in hierdie oortjie:


- **Agtergrond kleur:** Jy kan 'n agtergrond kleur vir jou diagram kies. As jy hierdie diagram op jou drukker by jou huis druk, wil jy dalk hierdie kleur as wit stel.
- **Agtergrondprent:** Jy kan 'n agtergrondprent vir die diagram kies. Klik die **Kies afbeelding** knoppie om die volgende kieslys oop te maak:



  - **Uit projek foto's:** Kies 'n foto wat jy by jou projek gevoeg het as agtergrondprent vir jou diagram.
  - **Uit geteëlde agtergronde:** Kies 'n beeld uit 'n lys van geteëlde agtergronde verskaf deur Family Tree Builder.
  - **Uit vol agtergronde:** Kies 'n beeld uit 'n lys van agtergrondbeelde verskaf deur Family Tree Builder.
  - **Uit lêer:** Kies jou eie beeldlêer as agtergrondprent vir jou diagram.
- **Afbeelding pas:** As jy 'n agtergrondprent gekies het, spesifiseer hoe hierdie beeld pas deur een van die volgende opsies uit die aftreklys te kies:
  - **Pas op bladsy (geen distorsie):** Vergroot of krimp die beeld om op die bladsy te pas, maar moet dit nie rek en dit potensieel verwring nie.
  - **Pas op bladsy (rek):** Vergroot of krimp die beelde en rek die beeld om die presiese grootte van die diagram te pas.
  - **Teël die beeld om diagram te vul:** Teël die beeld oor die diagram. Hierdie opsie word outomaties gekies wanneer jy een van die geteëlde agtergronde hierbo kies.
- **Deurskynendheid:** As jy 'n agtergrondprent gekies het, kan jy die vlak van deurskynendheid van hierdie beeld beheer. Hoe groter die persentasie wat jy kies, hoe dowwer verskyn die beeld.
- **Raam rondom diagram:** Jy kan 'n raam kies om rondom die diagram te vertoon deur die **Raam rondom diagram** opsie te merk en een van die rame verskaf deur Family Tree Builder te kies.

Lyne Oortjie

Die **Lyne** oortjie stel jou in staat om die lyne wat blokke op die diagram verbind aan te pas.




Die volgende velde is beskikbaar in hierdie oortjie:

- **Lyn tipe:** Kies die lyn tipe as of **Reguit** of **Diagonaal**. Reguit lyne is altyd vertikaal en het horisontale verbinders met regte hoeke.
- **Lyn wydte:** Kies die wydte en kleur van lyne tussen ouers en kinders.
- **Lyne tussen huweliksmaats**: Kies die wydte en kleur van lyne tussen twee huweliksmaats.
- **Vertoon getermineerde huweliksmaats verhoudings met 'n stippellyn:** Kies om stippellyne te vertoon tussen geskeide of vervreemde huweliksmaats.
- **Lyne tussen kinders en ouers:** Kies om stippellyne vanaf ouers na hul aangenome of pleegkinders te vertoon.

Lettertipe Oortjie

Die **Lettertipe** oortjie stel jou in staat om die lettertipe vir die teks van die verskillende elemente op jou diagram te kies.



Kies die diagram element aan die linkerkant en spesifiseer dan die lettertipe en grootte van hierdie element. Jy kan ook spesifiseer of die teks vet en/of kursief moet wees asook die kleur van die teks. Jy kan ‘n voorskou van jou keuses in die Voorskou area kry.

Die teks elemente van die diagram is:

- **Titel:** Die titel bo-aan die diagram. Kies ’n groot lettertipe vir hierdie element. Jy kan ook die Outomaties merkkassie merk vir Family Tree Builder om outomaties die grootte te bepaal op grond van die grootte van die diagram.
- **Name:** Die name van mense in die diagram.


- **Feite onderskrifte:** Die name van feite in die diagram, soos **Geboorte**.

LET WEL	Let wel dat die Stylvol ontwerp nie feite onderskrifte wys nie, dus verskyn hierdie opsie nie in die ontwerp nie.

- **Feit teks:** Inligting omtrent ‘n feit in die diagram, soos die datum, plek en beskrywing van hierdie feit.
- **Voetskrif:** Die voetskrif teks onderaan die diagram.

Tale Oortjie

Die **Tale** oortjie stel jou in staat om die eerste en tweede taal te beskryf. Meer besonderhede oor die eerste en tweede taal word verskaf in Eerste en Tweede Datataal.




Waaier Diagram Opsies

Om waaier diagram opsies aan te pas:

1 Vertoon die waaier diagram van jou keuse (sien Vertoon 'n Diagram). Die diagram word in die hoof venster vertoon.

2 Kies **Diagram Opsies** om die volgende venster te vertoon:



3 Vul in of verander die inligting in die verskillende oortjies van hierdie venster, soos hieronder beskryf, en klik **OK** om die diagram te vertoon. Hierdie nuwe voorkoms bly totdat jy dit verander.


LET WEL	Jy kan ook **Pas toe** klik om die veranderinge te stoor en steeds die venster ooplaat vir meer veranderinge.

Die volgende oortjies word verskaf om jou te help om die voorkoms van jou familie diagram te beskryf:

- Algemene Oortjie
- Blokke Oortjie
- Lettertipe Oortjie
- Agtergrond Oortjie
- Tale Oortjie

Algemene Oortjie

Die **Algemene** oortjie stel jou in staat om die algemene voorkoms van die diagram aan te pas, soos volg:




Die volgende beskryf die velde in hierdie venster:

- **Titel:** Spesifiseer ‘n titel vir die diagram. ‘n Titel word outomaties aan ‘n diagram deur Family Tree Builder gegee, op grond van die tipe diagram en die hoof persoon of paartjie van die diagram. Jy kan hierdie titel verander as jy wil.
- **Generasies:** Wys alle generasies of spesifiseer die aantal generasies wat in die diagram sal verskyn. Hoe meer generasies jy spesifiseer, hoe meer mense sal in die diagram verskyn en hoe groter sal die diagram wees.
- **Sluit leë blokke in vir voorouers nie teenwoordig in stamboom nie:** Hierdie opsie is slegs beskikbaar in Voorouer diagramme. Merk hierdie opsie om leë blokke vir alle voorouers in te sluit, selfs daardie wat nie in die stamboom beskryf is nie.
- **Dui gedupliseerde mense aan wat meer as een keer in diagram voorkom:** Gebruik hierdie opsie om mense wat meer as een keer in die stamboom voorkom met nommers te merk, begin by [1], [2] ensovoorts. Hierdie funksie is nuttig indien daar huwelike binne die familie is, byvoorbeeld ‘n huwelik tussen ‘n neef en ‘n niggie.
- **Steek voorouers / nageslag van gedupliseerde mense weg:** Hierdie opsie is nuttig as jy mense het wat meer as een keer in die diagram voorkom, byvoorbeeld, getroude neefs en niggies. Gebruik hierdie opsie indien jy nie voorouers (in ‘n Voorouer Waaier diagram) of ‘n afstammeling (in ‘n Afstammeling Waaier diagram) van hierdie gedupliseerde mense ook wil dupliseer nie.
- **Rangskik diagram om drukker bladsye te pas:** Merk hierdie opsie as jy beplan om die diagram op jou tuis drukker te druk. Wanneer hierdie opsie gekies is, rangskik Family Tree Builder die diagram sodat dit netjies op veelvuldige bladsye papier pas. Anders, neem die diagram nie die grootte van die papier in jou drukker in aanmerking nie.
- **Kies papier grootte:** Hierdie knoppie is net beskikbaar wanneer jy **Rangskik diagram om drukker bladsye te pas** opsie hierbo kies. Deur hierdie opsie te kies maak die standaard Druk Instelling venster oop om die grootte en oriëntasie van jou drukker se papier te verander.

Blokke Oortjie

Die **Blokke** oortjie stel jou in staat om die ontwerp van elke blok in die Waaier diagram te beskryf.




Die volgende beskryf die velde in hierdie oortjie:

- **Blok Agtergrond Kleur:** Die binnekant van elke blok kan ‘n agtergrond kleur hê. Jy kan kies om ‘n verskillende kleur op grond van die geslag van die persoon in die blok te gebruik.
- **Blok Raam:** Kies die wydte en kleur vir elke blok in die diagram.

Lettertipe Oortjie

Die **Lettertipe** oortjie stel jou in staat om die lettertipe van die teks van die verskillende elemente in jou diagram te kies.

Kies die diagram element aan die linkerkant en spesifiseer dan die lettertipe en die grootte van hierdie element. Jy kan ook spesifiseer of die teks vet en/of kursief sal wees en die kleur van die teks. Jy kan 'n voorskou van jou keuse in die Voorskou area kry.




Die teks elemente van die diagram is:

- **Titel:** Die titel bo-aan die diagram. Kies 'n groot lettertipe vir hierdie element. Jy kan ook die **Outomaties** merkkassie merk vir Family Tree Builder om outomaties die grootte op grond van die grootte van die diagram te bepaal.
- **Name:** Die name van mense in die diagram.
- **Voetskrif:** Die voetskrifteks onderaan die diagram.


Agtergrond Oortjie

Die **Agtergrond** oortjie stel jou in staat om die agtergrond van die diagram en die raam rondom dit aan te pas:



Die volgende beskryf die velde beskikbaar in hierdie oortjie:

- **Agtergrond Kleur:** Jy kan die agtergrond kleur vir die diagram kies. Indien jy hierdie diagram op jou tuis drukker druk, mag jy verkies om hierdie kleur as wit te stel.
- **Agtergrondprent:** Jy kan 'n agtergrondprent vir die diagram kies. Klik die **Kies Afbeelding** knoppie om die volgende kieslys oop te maak:



  - **Uit projek foto's:** Kies 'n foto wat jy by jou projek gevoeg het as die agtergrondprent vir jou.
  - **Uit geteëlde agtergronde:** Kies 'n beeld uit 'n lys van geteëlde agtergronde verskaf deur Family Tree Builder.
  - **Uit vol agtergronde:** Kies 'n beeld uit 'n lys van agtergrond beelde verskaf deur Family Tree Builder.
  - **Uit lêer:** Kies jou eie beeld lêer as agtergrondprent vir jou diagram.
- **Afbeelding pas:** As jy 'n agtergrondprent gekies het, spesifiseer hoe hierdie beeld pas deur een van die volgende opsies uit die aftreklys te kies:
  - **Pas op bladsy (geen distorsie):** Vergroot of krimp die beeld om op die bladsy te pas, maar moet dit nie rek en dit potensieel verwring nie.
  - **Pas op bladsy (rek):** Vergroot of krimp die beelde en rek die beeld om die presiese grootte van die diagram te pas.
  - **Teël die beeld om diagram te vul**: Teël die beeld oor die diagram. Hierdie opsie word outomaties gekies wanneer jy een van die geteëlde agtergronde hierbo kies.
- **Deurskynendheid:** As jy 'n agtergrondprent gekies het, kan jy die vlak van deurskynendheid van hierdie beeld beheer. Hoe groter die persentasie wat jy kies, hoe dowwer verskyn die beeld.
- **Raam rondom diagram:** Jy kan 'n raam kies om rondom die diagram te vertoon deur die **Raam rondom diagram** opsie te merk en een van die rame verskaf deur Family Tree Builder te kies.

Tale Oortjie

Die **Tale** oortjie stel jou in staat om die eerste en tweede taal te beskryf. Meer besonderhede oor die eerste en tweede taal word verskaf in Eerste en Tweede Datataal.




Diagram Style


Hierdie opsie stel jou in staat om die algemene voorkoms van ‘n diagram en die feite wat daarop ingesluit sal word aan te pas. Die Voorskou area van hierdie venster stel jou in staat om te sien hoe jou keuse sal lyk voordat jy dit toepas. ‘n Verskeidenheid van aantreklike style word verskaf.

Om Diagram Style aan te pas:

1 Vertoon die diagram van jou keuse (sien Vertoon ‘n Diagram hierbo). Die diagram word in die hoof venster vertoon.


LET WEL	Diagram style is nie beskikbaar vir Waaier diagramme nie.

2 Kies **Diagram Style** om die volgende venster te vertoon:



3 Kies enige van die gelyste style aan die linkerkant.

4 Kies een van die opsies uit die **Kies feite** veld om die tipe en hoeveelheid besonderhede wat ingesluit moet word te bepaal. ‘n Voorbeeld van die tipe inligting wat gewys kan word kan in die Voorskou area gesien word elke keer dat jy ‘n opsie kies:



5 Klik **Pas toe** of **OK** om jou veranderinge te stoor.

Druk ‘n Diagram

Family Tree Builder stel jou in staat om ‘n diagram op een van die volgende maniere te druk:


- Druk ‘n Diagram na ‘n Tuis Drukker
- Druk ‘n diagram as ‘n Plakkaat

Druk ‘n Diagram na ‘n Tuis Drukker

Hierdie drukopsie stel jou in staat om ‘n diagram na ‘n standaard tuis drukker te druk.

Om ‘n diagram na ‘n tuis drukker te druk:

1 Klik die **Druk** knoppie in die Diagram Venster en kies **Druk na ‘n tuis drukker**.



‘n Standaard Druk venster maak oop waarin jy die vereiste druk instellings kan spesifiseer.

2 Spesifiseer jou druk instellings en klik **OK**. Die diagram word in ‘n geteëlde formaat gedruk.

Druk ‘n Diagram as ‘n Plakkaat

Die **Druk plakkaat** opsie stel jou in staat om jou stamboom diagram as ‘n groot, hoë-kwaliteit, vol-kleur plakkaat te druk. Die diagram wat geproduseer word, word geskep deur professionele plotters op groot hoë-kwaliteit papier te gebruik. Plakkate kan in verskillende groottes geskep word en kan vir hul beskerming gelamineer word.

MyHeritage verskaf hierdie drukopsie as ‘n diens aan jou. Spesifiseer eenvoudig die besonderhede vir die plakkaat (grootte, papier, laminering ensovoorts) en vul dan jou versending en betalingsbesonderhede in. Die voltooide diagram sal dan per pos aan jou gestuur word.


Om ‘n diagram as ‘n plakkaat te druk:

1 Klik die **Druk** knoppie in die Diagram Venster en kies **Druk plakkaat** om die volgende venster te vertoon:



Hierdie venster beskryf die algemene proses wat sal gebeur om jou plakkaat te skep. Indien jy nog nie jou land gekies het nie of jy die plakkaat na ‘n ander land gestuur wil hê, kies jou land hier. Deur ‘n land te kies sal bepaal waar MyHeritage hierdie plakkaat sal druk en die koste van die versending daarvan.

2 Klik **Volgende** om die volgende venster te vertoon:




In hierdie venster spesifiseer jy die papiergrootte en papier kwaliteit vir die plakkaat. Die area onderaan die venster wys ‘n voorskou van die diagram, gegrond op jou spesifikasies. Die prys area aan die regterkant wys die koste van die voorbereiding en versending van die plakkaat, op grond van die opsies wat jy in die venster gekies het. Jy kan verander van duime na Metrieke eenhede en die geldeenheid kies wat jy wil gebruik.

3 Spesifiseer die papiergrootte in die onderskeie aftreklys. Family Tree Builder bereken verskillende papiergroottes vir jou diagram en die beskikbare papiergroottes.

4 Spesifiseer die tipe papier om te gebruik in die **Papier gehalte** veld.


5 Merk die **Voeg laminering by** merkkassie as jy die diagram gelamineer wil hê. Dit word aanbeveel om die plakkaat te bewaar. Let daarop dat sommige tipes papier nie gelamineer kan word nie.

6 Spesifiseer die aantal kopieë en klik **Volgende** om die volgende venster te vertoon:



In hierdie venster kan jy jou verskeping besonderhede verskaf.

7 Verskaf jou naam en adres inligting. Jy kan spoedpos kies en spesiale notas vir die drukker byvoeg. Klik **Volgende** om die volgende venster te vertoon:



In hierdie stap word jou diagram na MyHeritage.com gestuur saam met die bestel inligting. Jy word dan verwys na ‘n betaling skerm waarin jy jou betaalbesonderhede kan invul.

Nadat jy jou betaalinligting ingevul het, word ‘n bevestigende e-pos aan jou gestuur. Wanneer die plakkaat gereed is, word dit na jou adres gestuur.

Hoofstuk 10

Verslae



MyHeritage
Copyright © 2006-2013 MyHeritage Ltd.

Verslae

Omtrent Hierdie Hoofstuk:

Family Tree Builder verskaf ‘n verskeidenheid van verslae, soos beskryf in hierdie hoofstuk. Dit bevat die volgende afdelings:


- **Produseer ‘n Verslag** beskryf hoe om die verslag, verskaf deur Family Tree Builder, te produseer.
- **Boekverslag** beskryf ‘n eenvoudige wysneus wat jou help deur die proses om ‘n Boekverslag vir ‘n spesifieke persoon te produseer.
- **Familiegroep Blad** beskryf hoe om ‘n verslag te produseer wat die besonderhede van die gekose persoon en hul onmiddellike familie vertoon.
- **Verwantskappe Verslag** beskryf hoe om ‘n verslag te produseer wat al die verwantskappe van die gekose persoon met al die ander mense in jou projek vertoon.
- **Voorouers Verslag** beskryf hoe om ‘n verslag te produseer wat al die feite en persoonlike besonderhede van die gekose persoon vertoon asook oor elke geslag wat daardie persoon voorafgaan, soos ouers, grootouers ensovoorts.
- **Afstammelinge Verslag** beskryf hoe om ‘n verslag te produseer wat al die feite en persoonlike besonderhede van die gekose persoon vertoon asook oor elke geslag wat na daardie persoon kom, soos kinders, kleinkinders ensovoorts.
- **Tydlyn Verslag** beskryf hoe om ‘n lys te produseer wat al die belangrike gebeurtenisse van die familie van die gekose persoon in chronologiese volgorde vertoon, soos geboortes, huwelike en sterftes.
- **Afstammelinge Opsomming** beskryf hoe om ‘n hiërargiese stamboom te produseer wat al die afstammelinge van die gekose persoon vertoon.
- **Adres Verslag** beskryf hoe om ‘n alfabetiese lys (in die volgorde van elke persoon se naam) te produseer van die adresse van al die mense in die stamboom.
- **Voer Doelgekose Verslag uit** beskryf hoe om ‘n doelgekose Excel verslag van mense in jou projek te produseer.

Produseer ‘n Verslag

Jy kan maklik een van die verslae wat deur Family Tree Builder verskaf word produseer soos hieronder beskryf.

Om ‘n verslag te produseer:

1 Klik die **Verslae** knoppie om die **Verslae** kieslys te vertoon, soos hieronder gewys:



2 Kies een van die verslae wat in die kieslys vertoon word. Hierdie verslag sal dan outomaties geproduseer word, of Family Tree Builder sal jou help met ‘n eenvoudige wysneus waarin jy die opsies kan spesifiseer wat jy in die verslag geproduseer wil hê. Elke verslag is verskillend, soos beskryf in die volgende afdelings:

- Boek Verslag
- Familiegroep Blad
- Verwantskappe Verslag
- Voorouers Verslag
- Afstammelinge Verslag
- Tydlyn Verslag
- Afstammeling Opsomming
- Adresse

3 Behalwe die Boek Verslag, wat ‘n wysneus begin wat uiteindelik die verslag as ‘n lêer stoor, word die verslag in die Verslag Venster vertoon.

By verstek, word die verslag geproduseer vir die persoon wat in die Stamboom Venster gekies is. Om die hoof persoon te verander, dubbel-klik enige persoon in die Mense Lys om die verslag vir daardie persoon te produseer.

4 Gebruik die Verslae nutsbalk, bo-aan die verslag, soos benodig. Hierdie nutsbalk bevat die volgende gereedskap



- **Opsies:** Vertoon ‘n venster waarin jy die lettertipes kan kies vir verskillende aspekte van hierdie verslag. (sien die onderskeie Verslag Opsie afdeling vir elke verslagtipe)
- **Stoor**  **:** Stoor hierdie lêer op ‘n plek wat jy kan spesifiseer. Jy kan verslae in RTF, PDF of HTML formate stoor. Elke opsie word in die venster hieronder beskryf:



Verslae word by verstek gestoor in die projek se **Verslae** omslag. Kies die **Open Verslae Omslag** opsie uit die **Verslae** kieslys om die verslae wat voorheen in hierdie omslag gestoor is te bekyk.

- **Druk**  **:** Druk die vertoonde verslag op ‘n tuis drukker.
- **Zoem:** Jy kan die zoemglyer gebruik om die beeld van die verslag op die skerm te vergroot of te verklein.

Boek Verslag

'n Eenvoudige wysneus help jou deur die proses om 'n Boek Verslag vir 'n spesifieke persoon te produseer, soos hieronder beskryf.

Om 'n Boek Verslag te produseer:


1 Klik die **Verslae** knoppie om die **Verslae** kieslys te vertoon, en kies Boek Verslag om die volgende venster te vertoon:



Hierdie venster stel jou in staat om die hoof persoon vir hierdie verslag te kies.


LET WEL	Family Tree Builder gebruik 'n derde-party gereedskap om hierdie verslag te produseer. As jy meer wil leer oor hierdie derde-party gereedskap, klik die **Leer meer knoppie**.

2 Klik **Volgende** om die volgende venster te vertoon:



In hierdie venster, kies die tipe inligting om by die verslag ingesluit te word. Jy kan soveel elemente kies soos jy wil. Jy kan ook die grootte drukkerpapier wat jy wil gebruik kies.

3 Klik **Volgende** om te begin om die verslag te produseer. ‘n Venster word vertoon wat die vordering van hierdie proses vertoon. Wanneer hierdie proses klaar is, word die volgende venster vertoon, wat die ligging spesifiseer waar die PDF lêer van hierdie verslag gestoor is, soos hieronder gewys:



LET WEL

PDF is ’n standaard formaat verskaf deur Adobe Acrobat. ’n PDF leser kan gratis afgelaai word vanaf verskillende webtuistes op die Internet. As jy nie die Acrobat leser het nie, laai dit eenvoudig af en installeer dit en jy sal in staat wees om PDF lêers verskaf deur Family Tree Builder of enige ander PDF leer te bekyk en te druk.


Familiegroep Blad

'n Familiegroep blad is 'n verslag wat die besonderhede van die gekose persoon en hul onmiddellike familie wys.

Hierdie verslag vertoon 'n rubriek vir die hoof persoon, huweliksmaat en kinders. Dit is 'n goeie verslag om te druk as daar ontbrekende inligting oor 'n familie is. Neem die verslag met jou saam en vul die ontbrekende inligting in en vul dit dan in jou projek in.


Om 'n Familiegroep Blad te produseer:

- Klik die **Verslae**  knoppie om die **Verslae** kieslys te vertoon en kies **Familiegroep Blad**, of kies **Familiegroep Blad** uit die **Verslae** kieslys op die kieslys balk. 'n Voorbeeld van die verslag wat outomaties geproduseer is, word hieronder gewys:



Familiegroep Blad Verslag Opsies

Klik die **Opsies** knoppie op die **Verslag** nutsbalk of uit die **Verslae** kieslys om die Verslae Venster vir hierdie verslag oop te maak.



Die volgende opsies is beskikbaar vir die Familiegroep Blad verslag:


- Formaat Oortjie:
  - **Lyn Kleur:** Die kleur van die lyne in tabelle van die verslag
  - **Sluit alle gebeurtenisse in:** Dui aan of alle gebeure (feite) oor mense in die verslag ingesluit word of slegs die belangrike feite.
  - **Wys feite selfs as leeg:** Dui aan of ‘n leë rubriek vir feite wat ontbreek gelos moet word.
  - **Sluit bladsy nommer in op eerste bladsy:** Dui aan of bladsynommers vir alle bladsye ingesluit word of vir alle bladsye behalwe die eerste een.
  - **Sluit notas in aan einde van verslag:** Dui aan of relevante notas in die verslag ingesluit moet word.

- **Sluit feite slegs in verslagtaal in:** Hierdie opsie is nuttig wanneer jou projek inligting in meer as een taal insluit.
- **Sluit vaderlike familielyn in:** Wys die voorname van manlike voorouers na die naam van ‘n persoon. Byvoorbeeld, as jy ‘n persoon in jou stamboom met die naam Albert Smith het, wie se vader Bert is, en Bert sa vader is Charles. As die opsie aangeskakel is, word **Albert Smith (Bret, Charles)** vertoon.
- **Wys ID nommers van mense**: ‘n Gerieflike opsie wat jou toelaat om mense maklik in die verslag te vind, wanneer jy inligting oor hulle in die projek wil invul.
- **Wys persoonlike foto’s:** Dui aan of en hoe om persoonlike foto’s in die verslag te wys.

- **Lettertipes Oortjie:** Die opsies in hierdie oortjie beheer verskeie lettertipes om in die verslag te gebruik. Kies die verslagelement aan die linkerkant, en vul dan sy lettertipe en grootte, formaat (vet en kursief) en kleur aan die regterkant in.



- **Bronne Oortjie:** Gebruik hierdie oortjie om bronverwysings in die verslag in te sluit en om te spesifiseer waar en in watter formaat dit moet wees.




Verwantskappe Verslag

'n Verwantskap verslag wys al die verwantskappe van die gekose persoon met al die ander mense in die projek. Hierdie verslag wys die naam van die familielid, die verwantskap met die gekose persoon en hoeveel stappe daar tussen die twee persone is. Verwantskap stappe dui aan hoe naby die verwantskap aan die gekose persoon is. Byvoorbeeld, 'n moeder, vader, broer en suster is een stap weg, 'n oupa of kleinkind is twee stappe weg ensovoorts.

Om 'n Verwantskappe Verslag te produseer:

- Klik die **Verslae**  knoppie om die **Verslae** kieslys te vertoon en kies **Verwantskappe**, of kies **Verwantskappe** uit die **Verslae** kieslys op die nutsbalk. 'n Voorbeeld van die verslag wat outomaties geproduseer is word hieronder gewys:



Individu	Verwantskap	Stappe
John Fitzgerald Kennedy	John Fitzgerald Kennedy is die hoof persoon	0
Patrick Bouvier Kennedy	Patrick Bouvier Kennedy is 'n seun van John Fitzgerald Kennedy	1
John Fitzgerald Kennedy, Jr.	John Fitzgerald Kennedy, Jr. is 'n seun van John Fitzgerald Kennedy	1
Arabella Kennedy	Arabella Kennedy is 'n dogter van John Fitzgerald Kennedy	1
Caroline Bouvier Schlossberg [Kennedy]	Caroline Bouvier Schlossberg [Kennedy] is 'n dogter van John Fitzgerald Kennedy	1
Joseph Patrick Kennedy	Joseph Patrick Kennedy is die vader van John Fitzgerald Kennedy	1
Rose Kennedy [Fitzgerald]	Rose Kennedy [Fitzgerald] is die moeder van John Fitzgerald Kennedy	1
Edward Moore (Ted) Kennedy	Edward Moore (Ted) Kennedy is 'n broer van John Fitzgerald Kennedy	1
Robert Francis Kennedy	Robert Francis Kennedy is 'n broer van John Fitzgerald Kennedy	1
Joseph Patrick Kennedy, Jr.	Joseph Patrick Kennedy, Jr. is 'n broer van John Fitzgerald Kennedy	1
Rosemary Kennedy	Rosemary Kennedy is 'n suster van John Fitzgerald Kennedy	1
Kathleen (Kick) Agnes Cavendish [Kennedy]	Kathleen (Kick) Agnes Cavendish [Kennedy] is 'n suster van John Fitzgerald Kennedy	1
Patricia Lawford [Kennedy]	Patricia Lawford [Kennedy] is 'n suster van John Fitzgerald Kennedy	1
Eunice Kennedy Shriver [Kennedy]	Eunice Kennedy Shriver [Kennedy] is 'n suster van John Fitzgerald Kennedy	1
Jean Ann Smith [Kennedy]	Jean Ann Smith [Kennedy] is 'n suster van John Fitzgerald Kennedy	1
Jacqueline Lee Bouvier	Jacqueline Lee Bouvier is die eggenote van John Fitzgerald Kennedy	1
Carolyn Kennedy [Bessette]	Carolyn Kennedy [Bessette] is 'n skoondogter van John Fitzgerald Kennedy (die eggenote	2

Verwantskappe Verslag Opsies

Klik die **Opsies** knoppie op die **Verslae** nutsbalk of uit die **Verslae** kieslys om die Verslae Venster vir hierdie verslag oop te maak.



Die volgende opsies is beskikbaar vir die Familiegroep Blad verslag:


- **Lettertipe Oortjie:** Die opsies in hierdie oortjie beheer verskillende lettertipes om in die verslag te gebruik. Kies die verslag element aan die linkerkant en vul sy lettertipe en grootte, formaat (vet en kursief) en kleur aan die regterkant in.

Voorouers Verslag

'n Voorouer verslag wys die feite en persoonlike besonderhede van 'n gekose persoon en elke geslag wat die persoon voorgegaan het aan, soos ouers, grootouers ensovoorts.

Om 'n Voorouer Verslag te produseer:

- Klik die **Verslae** knoppie om die **Verslae** kieslys te vertoon en kies **Voorouers**, of kies **Voorouers** uit die **Verslae** kieslys op die nutsbalk. 'n Voorbeeld van die verslag wat outomaties geproduseer is word hieronder gewys:




Voorouers Verslag Opsies

Klik die **Opsies** knoppie op die **Verslae** nutsbalk of uit die **Verslae** kieslys om die Verslae Venster vir hierdie verslag oop te maak.

Die volgende opsies is beskikbaar vir die Voorouers verslag:

- **Algemeen Oortjie:**




  - **Sluit vaderlike familielyn in:** Wys die voorname van manlike voorouers na die naam van 'n persoon. Byvoorbeeld, as jy 'n persoon in jou stamboom met die naam Albert Smith het, wie se vader Bert is, en Bert se vader is Charles. As die opsie aangeskakel is, word **Albert Smith (Bret, Charles)** vertoon.
  - **Sluit notas in aan die einde van die verslag:** Dui aan of relevante notas by die verslag ingesluit moet word.
  - **Sluit slegs feite in verslagtaan in:** Hierdie opsie is nuttig wanneer jou verslag inligting in meer as een taal insluit.
  - **Wys ID nommers van mense**: 'n Gerieflike opsie wat jou toelaat om mense maklik in die verslag te vind, wanneer jy inligting oor hulle in die projek wil invul.

- **Geslagte**: Spesifiseer hoeveel geslagte om in die verslag in te sluit.
- **Wys persoonlike foto's**: Dui aan of en hoe om persoonlike foto's in die verslag te wys.

- **Lettertipe Oortjie:** Die opsies in hierdie oortjie beheer verskillende lettertipes om in die verslag te gebruik. Kies die verslagelement aan die linkerkant en vul sy lettertipe en grootte, formaat (vet en kursief) en kleur aan die regterkant in.



- **Bronne Oortjie:** Gebruik hierdie oortjie om bronverwysings in die verslag in te sluit en om te spesifiseer waar en in watter formaat dit moet wees.




Afstammeling Verslag

'n Afstammelinge Verslag wys feite en persoonlike besonderhede van 'n gekose persoon en elke geslag wat op die persoon volg, soos kinders, kleinkinders ensovoorts.

Om 'n Afstammeling Verslag te produseer:

- Klik die **Verslae** knoppie om die **Verslae** kieslys te vertoon en kies **Afstammeling**, of kies **Afstammelinge** uit die **Verslae** kieslys op die nutsbalk. 'n Voorbeeld van die verslag wat outomaties geproduseer is word hieronder gewys:




Afstammeling Verslag Opsies

Klik die **Opsies** knoppie op die **Verslae** nutsbalk of uit die **Verslae** kieslys om die Verslae Venster vir hierdie verslag oop te maak.

Die volgende opsies is beskikbaar vir die Afstammelinge verslag:


- **Inhoud Oortjie:**



  - **Sluit bladsy nommer in op eerste bladsy:** Dui aan of bladsynommers vir alle bladsye of vir alle bladsye behalwe die eerste een ingesluit word.
  - **Sluit notas in aan die einde van die verslag:** Dui aan of relevante notas by die verslag ingesluit word.
  - **Sluit notas vir huweliksmaats in aan einde van verslag:** Dui aan of relevante notas oor huweliksmaats by die verslag ingesluit word.

- **Sluit vaderlike familielyn in:** Wys die voorname van manlike voorouers na die naam van ‘n persoon. Byvoorbeeld, as jy ‘n persoon in jou stamboom met die naam Albert Smith het, wie se vader Bert is, en Bert sa vader is Charles. As die opsie aangeskakel is, word **Albert Smith (Bret, Charles)** vertoon.
- **Slegs enkel geslag:** Wys nakomelinge van dieselfde geslag as gekose individue. Hierdie opsie is nuttig, byvoorbeeld, as jy ‘n Y-chromosoom DNS studie beplan, aangesien dit jou almal laat sien wat daardie Y-chromosoom deel.
- **Sluit slegs feite in verslagtaan in:** Hierdie opsie is nuttig wanneer jou verslag inligting in meer as een taal insluit.
- **Wys ID nommers van mense**: ‘n Gerieflike opsie wat jou toelaat om mense maklik in die verslag te vind, wanneer jy inligting oor hulle in die projek wil invul.
- **Sluit hoofinligting in vir:** Dui aan of ‘n hoof inskrywing vir alle afstammelinge gewys word of slegs vir afstammelinge wat inligting het behalwe geboorte en afsterwe, wat reeds met die inskrywing van hul ouers gewys word.
- **Wys persoonlike foto’s**: Dui aan of en hoe om persoonlike foto’s in die verslag te wys.
- **Sluit feite in:** Stel jou in staat om te besluit watter feite om by die verslag in te sluit.

- **Formaat Oortjie:**



  - **Generasies:** Spesifiseer hoeveel geslagte om in die verslag in te sluit.
  - **Verslag Nommeringstelsel:** Spesifiseer die stelsel om mense in die verslag te nommer. Kies een van die volgende nommeringstelsels:
    - MyHeritage Standaard
    - Register
    - NGS Kwartaalliks
    - Henry
    - D'Aboville

    Kom ons kyk na 'n voorbeeld om die verskille tussen hierdie stelsels te sien. In die volgende voorbeeld vir die Smith familie, is Albert die vader met Bill, Cynthia en Doris die kinders. Bill het 'n kind genoem Emily. Cynthia het nie 'n hoof inskrywing nie, aangesien daar geen addisionele inligting behalwe geboorte en afsterwe inligting vir haar is nie, en jy kies om hoof inskrywings slegs vir afstammelinge met addisionele inligting in te sluit.

- **MyHeritage Standaard:** Elke persoon wat ‘n hoof inskrywing in die verslag het, begin met 1, 2, 3 ensovoorts. Afstammelinge wat nie ‘n hoof inskrywing het nie, word nie genommer nie. Elke kind in die persoon se hoof inskrywing word voorafgegaan deur ‘n Romeinse nommer, soos i, ii, iii ensovoorts.

  Example:

  1. Albert Smith
     - i. 2. Bill Smith
     - ii. Cynthia Smith (Not numbered, as she does not have a main entry.)
     - iii. 3. Doris Smith
  2. Bill Smith
     - i. 4. Emily Smith
  3. Doris Smith

- **Register:** Soortgelyk aan **MyHeritage Standaard** stelsel. Die enigste verskil is dat die romeinse nommer na die persoon se nommer vertoon word.

  Example:

  1. Albert Smith
     - 2. i. Bill Smith
     - ii. Cynthia Smith (Not numbered, as she does not have a main entry.)
     - 3. iii. Doris Smith
  2. Bill Smith
     - 4. i. Emily Smith
  3. Doris Smith

- **NGS Kwartaalliks:** Soortgelyk aan die **MyHeritage Standaard** stelsel. Die verskille is dat mense altyd ‘n verwysingsnommer kry, ongeag of hulle ‘n hoof inskrywing het, en kinders kry ‘n plus teken indien hulle hul eie hoof inskrywing later in die verslag het.

  Example:

  1. Albert Smith
     - \+ i. 2. Bill Smith
     - ii. 3. Cynthia Smith (No plus sign, as she does not have a main entry.)
     - \+ iii. 4. Doris Smith
  2. Bill Smith
     - \+ i. 5. Emily Smith
  4. Doris Smith

- **Henry:** Alle mense kry ‘n verwysingsnommer, ongeag of hulle ‘n hoof inskrywing het. Maar, die nommer vir die kind bestaan uit die nommer van sy/haar ouers en dan die posisie van daardie kind in die gesin. Daarom, as ‘n ouer se nommer 15 is, is sy/haar derde kind se nommer 153. Romeinse letter word na die verwysingsnommer getoon.

  Example:
  1. Albert Smith
     11. i. Bill Smith
     12. ii. Cynthia Smith
     13. iii. Doris Smith
  11. Bill Smith
     111. i. Emily Smith
  13. Doris Smith


- **D’Aboville:** Soortgelyk aan die **Henry** stelsel, maar nommers sluit punte (.) in. Dit is nuttig wanneer ‘n persoon meer as 9 kinders het.

  Example:
  1. Albert Smith
     1.1. i. Bill Smith
     1.2. ii. Cynthia Smith
     1.3. iii. Doris Smith
  1.1. Bill Smith
     1.1.1. i. Emily Smith
  1.3. Doris Smith

- **Lettertipe Oortjie:** Die opsies in hierdie oortjie beheer verskillende lettertipes om in die verslag te gebruik. Kies die verslag element aan die linkerkant en vul sy lettertipe en grootte, formaat (vet en kursief) en kleur aan die regterkant in.



- **Bronne Oortjie:** Gebruik hierdie oortjie om bronverwysings in die verslag in te sluit en om te spesifiseer waar en in watter formaat dit moet wees.




Tydlyn Verslag

'n Tydlyn Verslag is 'n lys wat die belangrike gebeure van die familie van die gekose persoon in Chronologiese volgorde wys, soos geboorte, huwelik en afsterwe.

Om 'n Tydlyn Verslag te produseer:

- Klik die **Verslae** knoppie om die **Verslae** kieslys te vertoon en kies **Tydlyn**, of kies **Tydlyn** uit die **Verslae** kieslys op die nutsbalk. 'n Voorbeeld van die verslag wat outomaties geproduseer is word hieronder gewys:




Tydlyn Verslag Opsies

Klik die **Opsies** knoppie op die **Verslae** nutsbalk of uit die **Verslae** kieslys om die Verslae Venster vir hierdie verslag oop te maak.

Die volgende opsies is beskikbaar vir die Tydlyn verslag:

- **Formaat Oortjie:**




  - **Sluit bladsy nommer in op eerste bladsy:** Dui aan of bladsynommers vir alle bladsye of vir alle bladsye behalwe die eerste een ingesluit word.
  - **Sluit feite slegs in verslagtaal in:** Hierdie opsie is nuttig wanneer jou projek inligting in meer as een taal insluit.
  - **Sluit vaderlike familielyn in:** Wys die voorname van manlike voorouers na die naam van ‘n persoon. Byvoorbeeld, as jy ‘n persoon in jou stamboom met die naam Albert Smith het, wie se vader Bert is, en Bert sa vader is Charles. As die opsie aangeskakel is, word **Albert Smith (Bret, Charles)** vertoon.

- **Wys ID nommers van mense**: 'n Gerieflike opsie wat jou toelaat om mense maklik in die verslag te vind, wanneer jy inligting oor hulle in die projek wil invul.
- **Sluit feite in**: Stel jou in staat om te kies watter feite om by die verslag in te sluit.
- **Wys persoonlike foto's:** Dui aan of en hoe om persoonlike foto's in die verslag te wys.

- **Lettertipe Oortjie: :** Die opsies in hierdie oortjie beheer verskillende lettertipes om in die verslag te gebruik. Kies die verslag element aan die linkerkant en vul sy lettertipe en grootte, formaat (vet en kursief) en kleur aan die regterkant in.



- **Bronne Oortjie:** Gebruik hierdie oortjie om bronverwysings in die verslag in te sluit en om te spesifiseer waar en in watter formaat dit moet wees.




Afstammelinge Opsomming

'n Afstammelinge Opsomming verslag wys 'n hiërargiese stamboom wat die afstammelinge van die gekose persoon insluit.

Om 'n Afstammelinge Verslag te produseer:

- Klik die **Verslae** knoppie om die **Verslae** kieslys te vertoon en kies **Afstammelinge Opsomming**, of kies **Afstammelinge Opsomming** uit die **Verslae** kieslys op die nutsbalk. 'n Voorbeeld van die verslag wat outomaties geproduseer is word hieronder gewys:




Afstammelinge Opsomming Verslag Opsies

Klik die **Opsies** knoppie op die **Verslae** nutsbalk of uit die **Verslae** kieslys om die Verslae Venster vir hierdie verslag oop te maak.

Die volgende opsies is beskikbaar vir die Afstammelinge Opsomming verslag:

- **Formaat Oortjie:**



  - **Sluit bladsy nommer in op eerste bladsy:** Dui aan of bladsynommers vir alle bladsye of vir alle bladsye behalwe die eerste een ingesluit word.
  - **Wys egskeidings:** Dui aan of ‘n spesiale aanduiding vir geskeide huweliksmaats bygevoeg moet word.
  - **Wys vol datums vir geboorte en afsterwe:** Dui aan of die volle datums van geboortes en afsterwe gewys moet word of slegs die jaartal.
  - **Wys ID nommers van mense**: ‘n Gerieflike opsie wat jou toelaat om mense maklik in die verslag te vind, wanneer jy inligting oor hulle in die projek wil invul.

- **Wys persoonlike foto's:** Dui aan of en hoe om persoonlike foto's in die verslag te wys.
- **Generasies:** Spesifiseer hoeveel geslagte om by die verslag in te sluit.
- **Sluit generasie nommer in:** Dui aan of die generasie nommer van mense in die verslag gespesifiseer moet word, begin by 1 vir die hoof persoon, 2 vir kinders ensovoorts.

- **Lettertipe Oortjie:** Die opsies in hierdie oortjie beheer verskillende lettertipes om in die verslag te gebruik. Kies die verslag element aan die linkerkant en vul sy lettertipe en grootte, formaat (vet en kursief) en kleur aan die regterkant in.



Adresse Verslag

Die Adresse verslag is ‘n alfabetiese lys (volgens elke persoon se naam gerangskik) van die adresse van al die mense in die stamboom.

Om ‘n Adresse Verslag te produseer:

- Klik die **Verslae**  knoppie om die **Verslae** kieslys te vertoon en kies **Adresse**, of kies **Adresse** uit die **Verslae** kieslys op die nutsbalk. Die opsies wat beskikbaar is in hierdie venster is dieselfde as in al die ander verslae.

Voer Doelgekose Verslag uit

Die Voer Doelgekose Verslag Uit stel jou in staat om ‘n Excel verslag te skep wat al die mense bevat met die inligting wat jy wil sien.

Om ‘n Doelgekose Verslag te produseer:

1 Klik die **Verslae** knoppie om die **Verslae** kieslys te vertoon, en kies **Voer Doelgekose Verslag Uit** om die volgende venster te vertoon:



Alternatiewelik, kan jy toegang tot hierdie venster verkry deur **Voer uit na Excel ➔ Voer Doelgekose Verslag Uit** in die **Wysig** kieslys te kies.

2 Kies die mense om by die verslag in te sluit deur een van die volgende radio knoppies te kies:

- **Alle Mense:** Sluit alle mense in die verslag in.
- **Gekose mense:** Kies die spesifieke mense (en opsioneel hul voorouers, nakomelinge en huweliksmaats). Klik die aangrensende **Kies** knoppie om hierdie mense te kies.
- **Soek kriteria:** Kies mense wat ooreenstem met jou soek kriteria. Klik die aangrensende **Kies** knoppie om jou soek kriteria te verfyn (sien Soek vir Mense vir meer besonderhede).



3 Kies die velde om vir daardie mense wat jy in stap 2 gespesifiseer het in jou verslag in te sluit. Kies een van die volgende radio knoppies:

- **Standaard velde:** Sluit algemene velde by jou verslag in.
- **Gekose velde:** Stel jou in staat om die lys van velde te kies om vir elke persoon in die verslag in te sluit. Klik die aangrensende **Kies** knoppie om hierdie velde te kies.

4 Klik **OK** en kies die omslag waarin jy die verslag wil stoor. Microsoft Excel maak nou oop en vertoon die verslag.

Hoofstuk 11

Sinchroniseer Jou Stamboom



MyHeritage

Copyright © 2006-2013 MyHeritage Ltd.

Sinchroniseer Jou Stamboom

Omtrent Hierdie Hoofstuk:

Hierdie hoofstuk beskryf hoe om jou stamboom met jou familie webtuiste op MyHeritage.com te sinchroniseer deur Family Tree Builder te gebruik, sodat dit beskikbaar is om deur enigeen wat jy uitnooi op die Internet gesien kan word. Dit bevat die volgende afdelings:

- **Sinchroniseer met Jou Familie Webtuiste** beskryf die konsep van sinchronisering van jou stamboom met jou familie webtuiste.
- **Sinchroniseer Instellings** beskryf hoe om jou stamboom te sinchroniseer.
- **Gebruiker Toestemmings** beskryf hoe om gebruiker toestemmings te stel om te beheer wie jou stamboom vanaf die familie webtuiste kan aflaai en wie dit aanlyn kan wysig.
- **Bestuur Jou Familie Webtuistes** beskryf hoe om toegang tot jou familie webtuistes te kry en dit te bestuur en om die opsies in die **Familie Webtuistes** kieslys te gebruik.
- **Stamboom Sinchronisering** beskryf die Stamboom Sinchroniseerder toepassing wat gebruik word om jou stamboomprojekte te sinchroniseer.

Sinchroniseer met jou Familie Webtuiste

Sinchronisering Oorsig

Die word *sinchronisering* verwys na die proses om jou stamboomprojek op 'n familie webtuiste onder jou rekening op MyHeritage.com te laai, sodat dit beskikbaar is vir aanlyn besigtiging. Sinchronisering op hierdie manier verskaf tweerigting sinchronisering tussen jou stamboomprojek in Family Tree Builder en jou familie webtuiste. Gedurende sinchronisering gebeur twee dinge:

- Enige veranderinge wat op jou familie webtuiste gemaak word, word eers afgelaai op jou Family Tree Builder projek stamboom.
- Dan word enige veranderinge wat gemaak word aan jou stamboomprojek opgelaai op jou stamboom.

Nadat 'n stamboomprojek gesinchroniseer is, kan die skepper van die boom (jy) dit ook aanlyn wysig asook op slimfone en tablet toepassings (sien Wysig 'n Stamboom Aanlyn). Die veranderinge wat aanlyn gemaak is, word terug met Family Tree Builder gesinchroniseer gedurende die volgende sinchroniseer siklus.

Die sinchronisering van 'n projek skep ook 'n rugsteun van die projek op jou familie webtuiste. Dit beskerm jou stamboom en foto's teen toevallige skade of rekenaar probleme.

Sinchronisering van jou projek kopieer die stamboom, insluitend sy foto's, op jou familie webtuiste.

Jou aanlyn familie webtuiste is slegs beskikbaar aan wie jy uitgenooi het, sodoende word verseker dat die inligting privaat bly. Sekere inligting van oorlede mense is ook soekbaar op MyHeritage.com in SuperSearch vir lede wat nie uitgenooi is na jou familie webtuiste nie. As jy toegang vir ongenooide lede heeltemal wil blokkeer, kan jy die privaatheidvlak van jou familie webtuiste verander. Jy kan ook spesifieke inligting in jou stamboom merk as privaat (sekere mense, feite oor mense, notas ensovoorts) sodat dit nooit met jou familie webtuiste gesinchroniseer word nie.

Die sinchronisering self, wat die oordra van data aanlyn insluit, word gedoen deur ’n Family Tree Builder funksie (sien Stamboom Sinchronisering), wat op die agtergrond werk. Dit laat jou toe om aan te hou werk terwyl jou projek gesinchroniseer word.

Jou Familie Webtuiste

Wanneer jy 'n lid van MyHeritage.com word, skep jy jou eie gebruikersrekening. Jy is die bestuurder van jou rekening.

As 'n lid van MyHeritage.com, kan jy meer as een familie webtuiste bestuur, maar vir die meeste lede word aanbeveel dat jy slegs een familie webtuiste bestuur, vir eenvoudigheid.

Wanneer jy 'n projek sinchroniseer, skep jy 'n verbinding tussen jou stamboom in Family Tree Builder, en jou familie webtuiste op die Internet. Jy kan ’n projek met slegs een familie webtuiste sinchroniseer.

Wanneer jy ‘n nuwe projek skep, kan jy kies met watter familie webtuiste daardie projek gesinchroniseer moet word. Jy kan hierdie instelling enige tyd verander deur die Sinchroniseer Instellings venster te gebruik. Jy kan ook kies met watter familie webtuiste om te sinchroniseer as jy nie oorspronklik ‘n webtuiste gekies het nie. (sien Sinchroniseer Instellings).

LET WEL	As jy ‘n projek wil sinchroniseer en jy het nie ‘n familie webtuiste nie, sal een outomaties vir jou geskep word.


Jy kan jou stamboom op enige tydstip met jou familie webtuiste sinchroniseer.

Nadat jou stamboom gesinchroniseer is, kan jy voortgaan om aan jou projek te werk en veranderinge te maak. Jy kan dan jou projek weer sinchroniseer sodat enige nuwe inligting wat jy ingevul het ook op jou familie webtuiste beskikbaar sal wees.

Outomatiese Sinchronisering


Family Tree Builder laat jou toe om jou projekte outomaties te sinchroniseer.

Wanneer jy jou Family Tree Builder vir die eerste maal oopmaak, verskyn die volgende venster:



Klik **OK** om outomatiese sinchronisering te aktiveer. Deur dit te doen, sal jou projekte outomaties een maal per dag gesinchroniseer word.

Jy kan outomatiese sinchronisering enige tyd afskakel. Om dit te doen, kies **Opsies** uit die **Gereedskap** kieslys, en onder die **Sync** oortjie klik **Nee**, soos hieronder gewys:



Sinchroniseer ‘n Projek

Klik die **Sync** knoppie op die nutsbalk op enige tyd om jou projek te sinchroniseer. As outomatiese sinchronisering geaktiveer is, word die projek outomaties een maal per dag gesinchroniseer. ’n Projek wat nog nooit gesinchroniseer is nie sal nie gedurende outomatiese sinchronisering gesinchroniseer word nie.

Jy mag gevra word of jy die huidige veranderinge wil stoor, as jy dit nog nie reeds gedoen het nie.

Die Sinchroniseer Projek met familie webtuiste venster verskyn, wat jou in staat stel om die vordering van die sinchroniseringsproses te volg (vir besonderhede oor hierdie venster, sien Stamboom Sinchroniseerder).

LET WEL

Jy kan enige tyd jou projekte met jou Familie Webtuiste sinchroniseer deur die **Sync** knoppie op die nutsbalk te klik.



LET WEL

Deur **Kanselleer** te klik staak die sinchroniseringsproses.

LET WEL

Jy kan die Sinchronisering projek met familie webtuiste venster wegsteek en aanhou werk deur die **Hou aan werk** knoppie in die venster te klik. Wanneer jy hierdie knoppie klik, gaan sinchronisering op die agtergrond voort, wat jou in staat stel om aan te gaan met jou werk in Family Tree Builder. Dit is baie nuttig wanneer jy groot projekte sinchroniseer.

Wysig ’n Stamboom Aanlyn

Nadat ’n stamboomprojek gesinchroniseer is, kan die skepper van die boom (jy) dit aanlyn ook wysig. Dit is van toepassing op beide stambome geskep in Family Tree Builder wat met ’n familie webtuiste gesinchroniseer is asook daardie stambome wat direk op MyHeritage.com geskep is. Enige veranderinge wat aanlyn gemaak word sal outomaties terug met Family Tree Builder gesinchroniseer word met die volgende sinchroniseer siklus.

LET WEL

Slegs die skepper van die boom kan ’n familie webtuiste wysig. Wysigings kan aanlyn gedoen word, op iOS of met ’n android-gebaseerde mobiele toestel.

Wanneer jy ’n projek in Family Tree Builder oopmaak wat gesinchroniseer is met ’n stamboom wat aanlyn gewysig is, word jy gevra om eers die projek in Family Tree Builder te sinchroniseer met die aanlyn stamboom, ten einde die sinchronisasie tussen die twee te behou.



Sinchroniseer Instellings

Ten einde ‘n projek te publiseer, moet dit aan ‘n familie webtuiste geskakel wees. Hierdie skakel word gestel deur die sinchroniseer instellings van die projek te geruik, wat beskryf met watter familie webtuiste gesinchroniseer moet word. ‘n Projek kan net met een familie webtuiste gesinchroniseer word.

Beskryf die Sinchroniseer Instellings van ‘n Projek


Wanneer ‘n nuwe projek geskep word, bied Family Tree Builder jou die opsie om dit te sinchroniseer, en laat jou toe om die familie webtuiste te kies waarmee gesinchroniseer word.

Indien jy verkies om nie jou projek te sinchroniseer nie, kan jy sinchronisering later aktiveer deur sy sinchroniseer instelling te beskryf.

Jy kan die sinchroniseer instellings vir jou projek op enige tyd verander.

Om sinchroniseer instellings die eerste maal te stel:

1 Kies **Sinchroniseer Instellings** in die **Sync (Sinchroniseer)** kieslys. Die Sinchroniseer Instellings vir [huidige projek se naam] venster word vertoon:



LET WEL


Hierdie venster word ook vertoon as jy die **Sync** knoppie in die hoof kieslys klik, indien die projek geen Sinchroniseer Instellings het nie.

2 Kies ‘n bestaande familie webtuiste of skep ‘n nuwe familie webtuiste. Indien jy reeds meer as een familie webtuiste op MyHeritage.com bestuur, kan jy nou die webtuiste kies waarmee jy wil sinchroniseer. Jy kan ook ‘n nuwe familie webtuiste skep deur ‘n nuwe naam in te vul of deur een van die voorgestelde name te kies, gegrond op die naam van die projek of ‘n algemene familienaam in die projek.

3 Klik **OK** om die sinchroniseer instellings te skep en die venster toe te maak.

Om sinchroniseer instellings te verander:

- Kies **Sinchroniseer Instellings** in die **Sync (Sinchroniseer)** kieslys. As die projek reeds sinchroniseer instellings het, word die Sinchroniseer Instellings venster vertoon:



Die venster vertoon die sinchroniseer instellings van die huidige projek.

Die venster vertoon die sinchroniseer instellings vir die familie webtuiste vir hierdie projek.


Jy kan die volgende aksies in hierdie venster uitvoer:

- **Sinchroniseer Nou:** Publiseer die huidige projek op grond van die gekose instellings.
- **Gevorderde Instellings:** Stel jou in staat om gevorderde wysiging aan die sinchroniseer instellings te doen (sien Gevorderde Sinchroniseer Instellings).

- **Verwyder Sinchronisering:** Verwyder die gekose sinchroniseer instellings. Die projek sal nie langer met die familie webtuiste gesinchroniseer word nie. Jy kan ook die sinchronisering tydelik vanaf die Gevorderde Instellings afskakel.
- **Sinchroniseer met ander webtuiste:** Stel jou in staat om ‘n ander van jou familie webtuistes te kies of om ‘n nuwe webtuiste te skep om hierdie projek mee te sinchroniseer (sien Sinchroniseer met ander Webtuiste).

Gevorderde Sinchroniseer Instellings

Die volgende beskryf die velde in die Gevorderde Sinchroniseer Instellings venster:




- **Skakel sinchronisering met [familie webtuiste naam] af:** Ontkoppel die skakel tussen die Family Tree Builder projek en die aanlyn familie webtuiste. Dit beteken dat enige veranderinge wat in Family Tree Builder gemaak word nie met die familie webtuiste gesinchroniseer word nie, en enige veranderinge gemaak op die familie webtuiste word nie gesinchroniseer met Family Tree Builder nie. Hierdie funksie is nuttig wanneer jy veelvuldige projekte het waarvoor jy outomatiese sinchronisering geaktiveer het. Dit laat jou toe om sinchronisering met ‘n spesifieke projek te ontkoppel, sonder om sinchronisering met al die ander te onderbreek.

- **Mense om op te laai:** Kies die mense in die stamboom wat jy wil sinchroniseer. Hierdie opsie is veral nuttig wanneer jy ‘n groot projek het wat verskeie families beskryf en jy wil verskillende familie webtuistes skep, met elkeen wat ‘n verskillende familie beskryf:
  - **Alle mense in projek:** Spesifiseer dat alle mense in jou projek met jou familie webtuiste gesinchroniseer gaan word.
  - **Spesifieke mense onder gekies:** Spesifiseer dat slegs die mense wat jy gekies het met die stamboom op jou webtuiste gesinchroniseer gaan word. Wanneer jy die **Kies Mense** knoppie klik, word ‘n venster vertoon wat jou in staat stel om enige kombinasie van mense in jou projek te kies.



Klik **Voeg by** om die **Voeg Persoon by Sinchroniseringsversoek** venster te vertoon, wat mense in jou projek lys wat jy kan kies.



Jy kan Snelvind gebruik om ‘n persoon volgens sy voornaam en/of van op te spoor. Jy kan ook die lys filtreer om slegs manlikes, vroulikes en/of onbekendes te vertoon.

LET WEL

Klik ‘n kolomopskrif om die lys volgens hierdie kolom in stygende volgorde te rangskik.

Wanneer jy klaar is, klik **Kies**.

By verstek word ‘n persoon gevoeg by sy/haar afstammelinge en huweliksmaats. Jy kan voorouers by die lys voeg of enigeen verwyder. Jy kan ook die keuse heeltemal verander. Klik **Wysig** in die Kies Mense om te Sinchroniseer venster, om die Wysig Afdeling in die Sinchroniseringsversoek venster te vertoon.


Merk enige opsie om in te sluit en klik **Kies** om die Kies Persoon in Versoek venster te vertoon waar jy 'n verskillende persoon vir die sinchroniseringsversoek kan kies.



Wanneer jy klaar is, klik **OK** om die venster toe te maak.

- **Foto's om op te laai:** Kies foto's in die gekose projek wat met jou familie webtuiste gesinchroniseer moet word, soos volg:
  - **Alle Foto's:** Sinchroniseer alle foto's in jou projek met jou familie webtuiste.
  - **Geen Foto's:** Sinchroniseer geen van die foto's in jou projek met jou familie webtuiste nie.
  - **Foto's geassosieer met gekose mense:** Sinchroniseer alle foto's vir die mense gespesifiseer vir sinchronisering, ongeag van die **Mense om op te laai** instelling.

- **Spesifieke Foto's Onder Gekies:** Sinchroniseer slegs die foto's wat jy kies. Klik die **Kies Foto's** knoppie om te kies watter foto's jy wil sinchroniseer. Wanneer jy die Kies Foto's knoppie klik, word die volgende venster vertoon, wat jou in staat stel om foto's in jou projek te kies:



Die Kies area in die Kies Foto's om op te laai venster bevat die twee opsies, soos volg:

- **Kies Foto's:** Hierdie opsie vertoon foto's vir jou keuse. Jy kan die aftrek kieslys bo-aan hierdie kas gebruik om **Alles**, **Foto's nie gekies vir sinchroniseringsversoek nie** of die **Slegs Hoof Persoon se foto's** te vertoon. Nadat jy die aangevraagde foto's in hierdie lys kas vertoon het, kan jy op hulle klik, en dan die **Kies** knoppie druk om hulle na die gekose foto's kas aan die linkerkant te verskuif. Hierdie lys dui aan watter foto's met jou familie webtuiste gesinchroniseer gaan word.
- **Blaai deur Gekose Foto's:** Kies hierdie opsie om deur die foto's in die Gekose Foto's kas aan die linkerkant te blaai. Jy kan die pyle sleutels op jou sleutelbord gebruik om op en af in die lys te beweeg.

Die Formaat en Bekyk areas stel jou in staat om te spesifiseer hoe foto's verskyn wanneer jy die **Blaai deur Gekose Foto's** opsie kies. Die opsies in hierdie areas is in besonderhede beskryf in Foto's Vertoonopsies.


Klik **OK** nadat jy al die foto's wat jy na jou familie webtuiste wil publiseer gekies het.

Sinchroniseer met Ander Webtuiste

Die standaard webtuiste waarmee ‘n projek gesinchroniseer word, is gekies toe jy ‘n nuwe projek geskep het. Jy kan enige tyd jou projek stel om met addisionele webtuistes gesinchroniseer te word.

Om met ‘n ander webtuiste te sinchroniseer:

1 Klik **Sinchroniseer met Ander Webtuiste** in die Sinchroniseer Instellings venster om die Spesifiseer Sinchroniseer Instellings vir [Familienaam] venster te vertoon.



2 Doen een van die volgende aksies:

- Kies die **Sinchroniseer hierdie projek met ‘n nuwe familie webtuiste** radio knoppie om die naam vir die nuwe familie webtuiste in te vul of kies ‘n naam uit die voorstelle in die aftreklys.
- Kies die **Sinchroniseer hierdie projek met een van jou bestaande familie webtuistes** radio knoppie en kies een van die webtuistes in die paneel.

- Klik die **Gevorderde Instellings** skakel om die Gevorderde Sinchroniseer Instellings venster oop te maak en verander die sinchroniseer instellings.
- Klik die **Voordele van Sinchronisering** skakel om te leer van die voordele van sinchronisering.

  Hierdie venster beskryf al die Family Tree Builder funksies wat werk slegs as 'n stamboomprojek met 'n familie webtuiste gesinchroniseer is, asook die voordele daarvan om 'n familie webtuiste te hê.




3 Wanneer jy klaar is, klik **OK** om die venster toe te maak.

Gebruiker Toestemmings

Nadat jy jou projek met ‘n familie webtuiste gesinchroniseer het, kan jy die gebruiker toestemmings verander, en beheer wie jou stamboom vanaf die familie webtuiste kan aflaai en wie dit aanlyn kan wysig.

Jy kan hierdie instellings enige tyd verander:



1 Kies **Gebruiker Toestemmings** in die **Sync (Sinchroniseer)** kieslys. Die Wysig boom toestemmings venster word vertoon:



2 Kies of jy wil hê dat ander webtuistelede toegelaat moet word om die stamboomlêer af te laai.

3 Spesifiseer wie die boom aanlyn kan wysig: alle webtuistelede, alle webtuistebestuurders of slegs jy.

4 Klik die Stoor knoppie om veranderinge te stoor.

Bestuur jou Familie Webtuistes

As ‘n MyHeritage lid, kan jy een of meer familie webtuistes op MyHeritage.com skep.


Die proses om ‘n familie webtuiste te skep ken slegs ‘n naam en ‘n ruimte vir jou familie webtuiste toe. Die sinchroniseringsproses kan later gebruik word om jou projek op jou familie webtuiste te laai.

‘n Lid van MyHeritage word geïdentifiseer deur ‘n e-posadres wat gedurende die registrasieproses ingevul is.

Die My Webtuistes venster vertoon die besonderhede van die MyHeritage lidnaam wat jy gebruik het om in te teken vir lidmaatskap, nadat jy Family Tree Builder geïnstalleer het. Jy kan as ‘n verskillende lid inteken as jy meer as een e-posadres besit of as jy jou e-posadres verander het op jou profielbladsy op die MyHeritage.com webtuiste.

Om jou familie webtuiste te sien:

- Kies die **My Webtuistes** opsie in die **Sync (Sinchroniseer)** kieslys om jou lys van familie webtuiste te vertoon, soos hieronder gewys:



Wanneer jy 'n familie webtuiste kies, word sy besonderhede onderaan die venster vertoon.

Om as ‘n ander lid aan te teken:

1 In die My Webtuistes venster, klik **Teken aan as ‘n ander lid** om die Teken aan by MyHeritage.com venster oop te maak.

2 Vul die e-posadres en wagwoord in wat jy gebruik het om by MyHeritage.com te registreer.



3 Klik **Teken aan**. Die My Webwerwe venster vertoon nou die webtuistes vir jou nuwe rekening.

LET WEL	As jy nie die wagwoord van jou MyHeritage.com rekening onthou nie, klik **Wagwoord Vergeet? ‘n** E-pos sal na jou e-posrekening gestuur word met instruksies oor hoe om jou wagwoord te herstel.


Om ‘n webtuiste te besoek:

- Jy kan ‘n webtuiste besoek deur die **Besoek Webtuiste** skakel in die My Webwerwe venster te klik.

  Enigeen met ‘n e-posadres kan genooi word om ‘n lid van jou familie webtuiste te word. Elkeen wat jou uitnodiging aanvaar word outomaties ‘n lid van MyHeritage.com.

Om mense te nooi om jou webtuiste te besoek:

- Jy kan mense nooi om jou familie webtuiste te besoek deur **Nooi lede uit** in die My Webtuistes venster te kies. Dit vertoon die volgende venster:



Die boonste paneel sluit ‘n vorm in vir nuwe familielede wat jy wil uitnooi na jou familie webtuiste. Hierdie paneel vertoon alle familie mense in jou stamboom vir wie jy reeds ‘n e-posadres in die Wysig Persoon venster ingevul het, en wie nog nie reeds lid van die familie webtuiste is nie. Om nuwe familielede by te voeg, tik hul voornaam, van en e-posadres in. Wanneer jy die **Stuur Uitnodigings** knoppie klik, word alle mense in die lys uitgenooi na jou familie webtuiste

Die boonste paneel (wat vertoon of verberg kan word) vertoon die huidige lede van jou familie webtuiste. Mens wat jy voorheen uitgenooi het, maar wat nog nooit die webtuiste besoek het nie, het ‘n **Nooi Weer** skakel langs hul e-posadres. Klik hierdie skakel om hierdie mense by die lys bo-aan die venster te voeg. Dit is die lys van mense wat uitgenooi sal word wanneer jy die **Stuur Uitnodigings** knoppie klik.

LET WEL	Jou naam is **donker** gedruk.

Gebruik die Webtuiste Kieslys

Family Tree Builder is moeiteloos geïntegreer met jou aanlyn familie webtuiste. Die **Webtuiste** kieslys stel jou in staat om dele van jou aanlyn familie webtuiste in Family Tree Builder te sien, in plaas van in 'n eksterne webleser.


Ten einde die opsies in die **Webtuiste** kieslys te gebruik, moet jou projek met jou aanlyn familie webtuiste gesinchroniseer wees. Nadat 'n projek met jou familie webtuiste gesinchroniseer is, is die stamboom in die projek beide sigbaar en veranderbaar op jou familie webtuiste. Enige veranderinge gemaak aan die stamboom op die familie webtuiste word outomaties weerspieël in die Family Tree Builder projek, om sodoende tweerigting sinchronisering te verseker en te handhaaf tussen Family Tree Builder en die familie webtuiste.

'n Internet verbinding is nodig om die **Webtuiste** kieslys opsies te gebruik.


LET WEL	Sekere **Webtuiste** kieslys opsies is slegs beskikbaar vir 'n Premium of PremiumPlus lidmaatskap (sien Premium Lidmaatskap).

Die volgende opsies is beskikbaar in die **Webtuiste** kieslys:

- **Familie Statistieke:** Vertoon statistieke vir die hele stamboom.




- **Opkomende Gebeure:** Vertoon alle opkomende familiegebeure in ‘n lys of maandelikse venster. Jy kan ‘n persoonlike familiekalender met ‘n paar klikke bestel, afgelewer by jou huis.



Profielblad: Vertoon die volledige profielblad vanaf die familie webtuiste vir die gekose persoon. Wanneer jy na 'n profiel kyk, dubbel-klik enige persoon in die lys aan die linkerkant om dadelik daardie persoon se profiel te sien.



- **Rekord Ooreenkomste:** Vertoon alle ooreenstemmende historiese rekords vir die stamboom in een sentrale lys (sien Record Matches).



- **Besoek Webtuiste:** Maak die familie webtuiste se tuisblad oop.


Stamboom Sinchroniseerder

Een van die groot voordele van Family Tree Builder is sy vermoë om stamboom projekte met 'n familie webtuiste te sinchroniseer vir rugsteundoeleindes en om andere toe te laat om die stamboom te bekyk. Die sinchroniseringsproses word uitgevoer deur 'n spesiale program genoem die Stamboom Sinchroniseerder.

Stamboom Sinchroniseerder is 'n aparte toepassing wat saam met Family Tree Builder loop. Dit kan bereik word deur **Sinchronisering Vordering** in die **Sinchronisering** kieslys te kies of direk wanneer jy die Stamboom Sinchroniseerder ikoon in jou Windows klik en **Wys Sinchronisering Vordering** kies:



Die Stamboom Sinchroniseerder venster lys al jou gesinchroniseerde projekte met hul sinchronisering besonderhede, waar en wanneer dit gesinchroniseer is en hul status. Jy kan die huidige sinchroniseringsvordering volg in die vordering nutsbalk van die venster. Jy kan ook 'n verslag sien van al die sinchronisering aktiwiteite en skakel met MyHeritage.com.




Die volgende opsies in beskikbaar in hierdie venster:

- Staak of aktiveer outomatiese sinchronisering (sien Outomatiese Sinchronisering).
- Bekyk die vordering van die sinchroniseringsproses.
- Klik **Sinchroniseer Nou** om die sinchronisering van ‘n gekose projek te begin.
- Klik **Staak Sinchronisering** om die sinchroniseringsproses te staak.
- Klik Besoek Webtuiste om jou webleser na jou familie webtuiste waar jou projek gesinchroniseer word, oop te maak.
- Klik **Bekyk Verslag** om ‘n verslag te sien van alle sinchroniseringsaktiwiteite.

Wanneer jy die venster toemaak, hou die toepassing aan met die sinchronisering totdat die proses voltooi is.

Jy kan die ikoon op die Windows nutsbalk vind en **Maak Toe** kies om die Stamboom Sinchroniseerder toepassing toe te maak.




Wanneer jy Family Tree Builder verlaat, gaan Stamboom Sinchroniseerder voort met sinchronisering as dit in die middel van ‘n sinchroniseringsproses is. Dit maak outomaties toe wanneer die sinchroniseringsproses voltooi is.

Jy kan die ikoon op die Windows nutsbalk regs-klik en Aktiveer of Staak Outomatiese Sinchronisering kies (sien Outomaties Sinchronisering).

Hoofstuk 12

Tale en Vertaling



MyHeritage
Copyright © 2006-2013 MyHeritage Ltd.

Tale en Vertaling

Omtrent Hierdie Hoofstuk:

Hierdie hoofstuk beskryf die verskillende tale en vertaalfunksies verskaf deur Family Tree Builder. Dit bevat die volgende afdelings:

- **Ondersteuning van verskeie Tale** beskryf die tale wat Family Tree Builder ondersteun.
- **Unicode** stel jou in staat om data in enige ondersteunde taal in te vul, ongeag van die plaaslike taal op jou rekenaar.
- **Die Virtuele Sleutelbord** stel jou in staat om data in enige van baie ondersteunde tale in te vul, self al ondersteun of verskaf jou rekenaar en sy sleutelbord nie die letters van daardie taal nie.
- **Verander die Vertoontaal** beskryf hoe om die vertoontaal te verander.
- **Hoof en Tweede Datataal** beskryf opsies om die datataal te verander.
- **Verander die Taal** beskryf hoe om die taal waarin die data ingevul is te verander.
- **Vertaling in Family Tree Builder** beskryf die verskillende vertalingsopsies in Family Tree Builder.

Ondersteun Verskeie Tale

Family Tree Builder ondersteun 40 tale: Afrikaans, Albanees, Arabies, Bosnies, Bulgaars, Katalaans, Chinees (Vereenvoudig en Tradisioneel), Kroaties, Tsjeggies, Deens, Nederlands, Engels (die VSA en die Verenigde Koninkryk), Esties, Fins, Frans, Duits, Grieks, Hebreeus, Hongaars, Indonesies, Italiaans, Japanese, Koreaans, Letties, Litaus, Noors, Persies, Pools, Portugees (Portugal), Roemeens, Russies, Serwies, Slowaaks, Sloweens, Spaans, SweedsTurks, Oekraïens en Jiddisj.

'n Lys van ondersteunde tale word hieronder gewys:




Family Tree Builder ondersteun hierdie tale vir die volgende:

- **Vertoontaal**
- **Datataal**

Vertoontaal

Die Vertoontaal verwys na die teks wat verskyn in alle kieslyste, nutsbalke en vensters in Family Tree Builder. Jy kan enige van die tale vir die vertoon kies en enige tyd wissel tussen tale sonder om data te verloor of die program toe te maak. ‘n Voorbeeld van dieselfde venster in Afrikaans en Engels word hieronder gewys.



Afrikaans **Engels**

Datataal

Die Datataal verwys na die taal waarin die werklike data in jou projek ingevul is en vertoon word. Family Tree Builder laat jou toe om ‘n stamboom in meer as een Datataal te skep. Spesifieke feite soos name van mense en plekke moet in elke taal afsonderlik ingevul word, terwyl die verwantskap tussen individue en verskeie datums slegs een maal ingevul moet word. Dit is omdat verwantskappe en datums nie van ‘n taal afhang nie.

Om data in meer as een taal in te vul is veral nuttig wanneer hierdie tale nie dieselfde alfabet gebruik nie en daarom verskil die data (name, plekke ensovoorts) tussen die twee tale. Byvoorbeeld, indien jy baie Russiese familielede en voorouers het, kan dit nuttig wees om die name ook in Russies in te vul.

WENK

Die Vertoontaal en die Datataal is onafhanklik en kan gekombineer word op byna enige manier wat jy wil. Byvoorbeeld, jy kan ’n stamboom wat aan jou gestuur is deur ’n familielid wat alle Russiese data bevat (bedoelende mense se name en plekke) bekyk, terwyl die Family Tree Builder vertoon (bedoelende kieslys en veldname) in Engels vertoon word.

LET WEL

Die enigste beperking is dat die vertoontaal en die datataal beide in dieselfde rigting (regs-na-links of links-na-regs) moet wees.

WENK

Jy kan enige van die ondersteunde tale gebruik self sonder dat dit op jou rekenaar geïnstalleer is, insluitend die mees obskure tale soos Grieks. Jou Windows bedryfstelsel moet ’n funksie genoem “Mirroring” wat by verstek in die meeste onlangse weergawes van Windows, behalwe die ou Windows NT 4.0 en sommige ouer weergawes van Windows 98 beskikbaar is, ondersteun.

WENK

Veeltalige stambome is fantasties vir familiereünies! Jy kan veeltalige diagramme skep en druk wat dieselfde stamboom in meer as een taal vertoon.

Unicode

Family Tree Builder Ondersteun Unicode, wat 'n rekenaar-industrie standaard is vir die volgehoue enkodering, verteenwoordiging en hantering van teks wat in die meeste van die wêreld se skryfwerk stelsels gebruik word. Family Tree Builder se Unicode ondersteuning stel jou in staat om data in enige van die toepassings se ondersteunde tale in te vul, ongeag van die plaaslike taal op jou rekenaar se bedryfstelsel. Sulke data kan gestoor en vertoon word in Family Tree Builder, insluitende spesiale karakters en aksente.


Die Virtuele Sleutelbord

Family Tree Builder verskaf ‘n Virtuele Sleutelbord wat jou toelaat om data in enige ondersteunde taal in te vul selfs al ondersteun en verskaf jou rekenaar en sleutelbord nie die letters van daardie taal nie.

Om Virtuele Sleutelbord te gebruik:

1 Begin die Virtuele Sleutelbord deur die **Sleutelbord**  ikoon bo-aan enige bladsy te klik. Die Virtuele Sleutelbord van die huidige datataal word vertoon as ‘n drywende venster, bo-op die ander vensters.

As ‘n voorbeeld, word die Russiese Virtuele Sleutelbord hieronder gewys:



Die Virtuele Sleutelbord pas self outomaties aan, in ooreenstemming met die huidige datataal instellings.


2 Klik ‘n letter op die Virtuele Sleutelbord om daardie letter in die huidige veld in die venster waarop jy werk in te vul. Die letter of karakter sal in die veld waar jy tik verskyn.

Verander die Vertoontaal

Hierdie afdeling beskryf hoe jy die Vertoontaal van die teks wat in alle kieslyste, nutsbalke en vensters verskyn vinnig kan verander.

Om die Vertoontaal te verander deur die nutsbalk te gebruik:

1 Klik die vlag van die huidige taal wat in die nutsbalk verskyn.



Die volgende venster word vertoon:



2 Kies jou taal in die venster. Family Tree Builder verander die taal van die program volgens jou keuse.


3 Jy kan **Gevorderde Taalopsies** klik om die Tale venster te vertoon (sien Verander die Taal;), waar jy die Hoof en Tweede datataal kan stel.

LET WEL

Indien jy **Engels** as vertoontaal kies, verskyn ’n addisionele opsie wat jou in staat stel om **Engels (VSA)** of **Engels (VK)** as die vertoontaal te kies (sien figuur hierbo).

LET WEL

As jy Chinees kies as die vertoontaal, verskyn ‘n addisionele opsie wat jou in staat stel om **Vereenvoudig** of **Tradisioneel** te kies.




Hoof en Tweede Datataal

Terwyl die Family Tree Builder databasis verskeie tale op enige tydstip ondersteun, kan jy slegs data in een taal (enkel-taal modus) of twee tale (dubbel-taal modus) byvoeg. As jy eers data in ‘n spesifieke taal ingevul het word die data in hierdie taal gestoor.

LET WEL

Wanneer jy ’n projek oopmaak, word die taal waarin die data in die databasis gestoor is gelys in die **Tale gebruik** veld.



Projek Inhoud

Persoon rekords	167
Familie rekords	57
Bron rekords	3
Nota rekords	23
Foto rekords	302
Tale gebruik	Engels, Russies


Wanneer jy ‘n nuwe projek skep, kan jy kies om in ‘n enkel-taal modus of ‘n dubbel-taal modus met twee tale te werk: ‘n Hoof datataal en ‘n Tweede datataal. Die hoof datataal bepaal die verstek taal om data in te vul. Die Tweede datataal is jou alternatiewe data-invul taal en is opsioneel.

LET WEL


Jy kan hierdie instellings enige tyd verander. Dit word egter aanbeveel dat jy Engels as een van jou data-invul tale gebruik, veral as jy jou projek op ’n familie webtuiste publiseer.

Jy kan ook op enige tyd jou vertoontaal sowel as die Hoof en Tweede Datataal verander. Die Hoof Datataal is die taal waarin jy data soos name van mense en plekke, notas ensovoorts wil invul. Indien jy ‘n Tweede Datataal beskryf, dan werk Family Tree Builder in dubbel-taal modus en data invulbladsye is tweetalig.
Indien jy nie ‘n Tweede Datataal beskryf nie, dan werk die program in enkel-taal modus en alle bladsye aanvaar slegs data in die Hoof Taal.

Die volgende wys ‘n voorbeeld van ‘n enkel datataal modus en dubbel datataal modus, waar Afrikaans die hoof datataal is en Engels die Tweede datataal is:



Enkel Datataal Modus



Dubbel Datataal Modus

By verstek werk Family Tree Builder in enkel-data taal modus. Indien jy in dubbel-data taal modus wil werk, kies **Tale** in die Gereedskap kieslys op die nutsbalk en merk **Gebruik Tweede Taal**.

WENK

By verstek is Family Tree Builder gekonfigureer sodat die Hoof Datataal dieselfde is as die Vertoontaal. Dit beteken dat wanneer die Vertoontaal verander, jy ook die program opdrag gee om die Datataal te verander om daarby te pas. Daar word aanbeveel dat jy die **Tale** venster oopmaak en seker maak dat die tale volgens jou keuse gekonfigureer is.

Verander die Taal

Die volgende prosedure beskryf hoe om die vertoontaal te verander en hoe om die Hoof en Tweede Datataal te verander.

Om die taal instellings te verander:

1 Kies Tale op die Gereedskap kieslys. Die Tale venster verskyn:



2 Om die Vertoontaal te verander, klik **Verander Taal** in die Vertoontaal paneel. Die Kies Vertoontaal venster verskyn:



3 Kies die vertoontaal. Let wel dat indien jy Engels kies, stel ‘n addisionele keuse jou in staat om te kies tussen **Engels (VSA)** en **Engels (VK).** As jy Chinees kies, stel ‘n addisionele afdeling jou in staat om tussen **Vereenvoudig** en **Tradisioneel** te kies. Klik **OK** om te bevestig en die venster toe te maak.

4 Indien jy wil hê dat die Hoof Datataal moet verskil van die Vertoontaal, ontmerk **Selfde as Vertoontaal**, en klik **Verander Taal** in die Hoof Datataal paneel om die hoof datataal te kies.

5 Indien jy in dubbel-taal modus wil werk, merk **Gebruik Tweede Taal**, en in die Tweede Taal paneel klik **Verander Taal** om die tweede datataal te kies


6 Klik **OK** om te bevestig en die venster toe te maak.

WENK

As jy die Hoof Datataal van ’n bestaande projek verander, kan die woorde **Onbekend** of **Leeg** in die plek van die data verskyn wat jy reeds ingevul het.

Vertaling in Family Tree Builder

Indien jy in dubbel-data taal modus werk, kan jy data direk in beide tale invul in ‘n maklik-om-te-gebruik dubbel-taal koppelvlak, wat die velde in een taal aan die linkerkant verskaf en die ander taal aan die regterkant, soos in die voorbeeld hieronder gewys word:



Family Tree Builder het ‘n databasis van algemene vertalings van name. Dit verskaf outomatiese naamvertalings van plekke en mense in die verskillende inskrywingsvensters. Family Tree Builder versamel ook inligting soos jy jou projek wysig en versamel al jou eiehandige vertalings in sy databasis sodat dit in die toekoms hierdie selfde woorde outomaties kan vertaal, soos hieronder beskryf word.

Family Tree Builder stel jou in staat om die volgende te vertaal:

- Alle projekdata
- Alle data in die huidige venster
- Die data in ‘n spesifieke veld

Vertaal Alle Projekdata

By verstek vra Family Tree Builder of jy data uit die Hoof Taal na die Tweede Taal wil vertaal.

Om alle projekdata te vertaal:

1 Kies Vertaling Wysneus in die Gereedskap kieslys. Die volgende venster word vertoon:




2 Onder **Vertaal Uit: (brontaal)**, klik **Verander taal** en kies die brontaal. Data sal uit hierdie taal vertaal word.

3 Onder **Vertaal na: (teikentaal)**, klik Verander taal en kies die teikentaal waarna data vertaal sal word.

4 Wanneer jy klaar is, kies die bron en teiken tale (in die voorbeeld hierbo van Engels na Afrikaans), en klik **OK.**

5 Merk die **Verontagsaam bestaande vertalings** indien jy wil hê dat data wat reeds in jou projek in die teikentaal ingevul is oorskryf moet word deur die vertalings van data in die brontaal.

6 Klik **Volgende** om die volgende vertaling te begin. Nadat die vertaling voltooi is, word die volgende venster vertoon:



Hierdie venster wys die aantal voorname, vanne en plekname wat vertaal is van die bron na die teikentaal en die aantal velde wat onvertaald gelaat is in die teikentaal. Jy kan die **Verslag** knoppie klik om die resultate van hierdie vertaling in ‘n lêer te stoor vir jou beoordeling.

7 Klik **Volgende** om ‘n venster te vertoon wat die name en plekke lys wat nie vertaal is nie, wat jou toelaat om dit self te vertaal.

8 Klik enige veld om ‘n vertaling in te tik.


9 Klik **Volgende** om jou eie vertalings op jou projek toe te pas.

Vertaal die Huidige Venster se Data

Family Tree Builder kan alle data in die huidige venster vertaal van die Hoof Taal na die Tweede Taal, of omgekeerd.

Om alle data in die huidige venster te vertaal:

- In die Dubbele koppelvlak venster, klik die pyl knoppie wat wys na die taal waarin dit vertaal moet word. Dit verskyn tussen die twee taalopskrifte, soos hieronder gewys:



Klik hier om die hele venster van Afrikaans na Engels te vertaal.

Klik hier om die hele venster van Engels na Afrikaans te vertaal.

Die pyl knoppies tree in werking wanneer Family Tree Builder herken dat dit weet hoe om die data in hierdie venster te vertaal. Indien Family Tree Builder weet hoe om enige data in hierdie venster te vertaal, is die pyl afgeskakel, wat beteken dat dit grys is en nie geklik kan word nie. Nadat jy onvertaalde velde self vertaal het, onthou Family Tree Builder jou vertalings en kan in die toekoms outomaties vertalings doen.

LET WEL

Die rigting van die pyl knoppie wat jy klik bepaal die rigting van die vertaling.


Vertaal ‘n Spesifieke Dataveld

Family Tree Builder kan probeer om ‘n spesifieke veld in die venster wat tans vertoon word te vertaal.

Om ‘n spesifieke veld te vertaal:

- In die dubbel koppelvlak venster, klik die pyl knoppie wat wys na die taal waarin dit vertaal moet word. Dit verskyn tussen die twee velde, soos hieronder gewys:

LET WEL	Die rigting van die pyl knoppie wat jy klik bepaal die rigting van die vertaling.



Klik hier om die veld vanaf Afrikaans na Engels te vertaal.

Klik hier om die veld vanaf Engels na Afrikaans te vertaal.

Hierdie voorbeeld wys hoe die naam Stephen Edward na Engels vertaal is.

Hoofstuk 13

Gevorderde Gereedskap



MyHeritage
Copyright © 2006-2013 MyHeritage Ltd.

Gevorderde Gereedskap

Omtrent hierdie Hoofstuk:

Hierdie hoofstuk beskryf die gevorderde gereedskap beskikbaar in Family Tree Builder. Dit bevat die volgende afdelings:


- **Instelling van Family Tree Builder** verskaf verskeie konfigurasie opsies.
- **Bestuur Bronne en Bewaarplekke** beskryf die gereedskap om genealogie bronne en bewaarplekke te bestuur.
- **Invoer/Uitvoer van Family Tree Builder Data** beskryf hoe om data vanaf Family Tree Builder na ‘n Excel sigblad in en uit te voer en weer terug.
- **Rugsteun ‘n Projek** beskryf hoe om ‘n rugsteunkopie van ‘n Family Tree Builder projek te skep.
- **Herstel ‘n Projek** beskryf verskeie metodes om ‘n projek in Family Tree Builder te herstel.
- **Gaan na vir Afgestorwe Mense** beskryf die Family Tree Builder program wat kan soek na afgestorwe mense in jou projek, wat nie so in jou projek gemerk is nie.
- **Vind Duplikate in die Stamboom** beskryf hoe om duplikaat mense in jou stamboom te identifiseer.
- **Privaatheid Instellings** beskryf hoe om jou inligting in jou projek privaat te hou sodat die nie met jou familie webtuiste gesinchroniseer word nie.

Konfigurasie van Family Tree Builder

Family Tree Builder verskaf verskeie konfigurasie opsies. Elkeen van hierdie opsies word beskryf in die venster wat hieronder gewys word. Hierdie afdeling verskaf 'n algemene verduideliking van hoe om jou instellings pas te maak.

Om Family Tree Builder in te stel:

1 Klik **Opsies** in die **Gereedskap** kieslys om die volgende venster te vertoon:



A
Kies 'n algemene kategorie van konfigurasie

B
Kyk vir die naam van die opsie wat jy wil verander

C
Klik op 'n ry om 'n beskrywing te sien van hoe hierdie opsie die gedrag van MyHeritage


D
Klik 'n instelling om dit te verander

2 Klik eenvoudig ‘n opsie in die lys aan die linkerkant om ‘n lys van konfigurasie opsies aan die regterkant te vertoon.

3 Elke ry aan die regterkant stel jou in staat om ‘n verskillende opsie te verander. Die linker kolom is die naam van die opsie en die regter kolom is die instelling. Klik ‘n ry om ‘n beskrywing van die instelling onderaan die venster te wys. Dit mag ook ‘n klein ikoon regs van die instelling kolom byvoeg, soos in die voorbeelde hieronder gewys. Sien Konfigurasie Opsies vir meer besonderhede oor elkeen van hierdie opsies in die linker kolom van die venster.

Outomatiese Herstel


Jy kan pasmaak hoe gereeld jou projek outomaties gestoor moet word. Kies **Stoor Outomatiese Herstel** om die ikoon te vertoon. Klik die **op pyl** om minder gereeld te stoor, of klik die **af pyl** om meer gereeld te stoor. Jy kan ook enige getal met jou sleutelbord invul.



Parameter	Waarde
Projek kabinet	C:\Users\PC\Documents\MyHeritage\
Wanneer program begin	Maak vorige projek oop
Vertoon openingskerm	Ja
Wys addisionele verwantskap	Ja
Wys My Webplekke bladsy as program begin	Ja
Aktiveer foto log	Nee
Stoor Outomatiese Herstel inligting elke (in minute)	5
Stoor rugsteun outomaties elke (in dae)	7
Stoor rugsteun outomaties nadat verander is (in mense)	10
Hoë-verrigting boom vertoon	Ja
Outomatiese Rekord Vergelyking	Ja
Wys die ID's van die elemente in jou projek	Ja
Wys dekoratiewe afbeeldings in staaf	Ja
Herstel oorspronklike blaaier soek instellings	

Projekte Kabinet


Wanneer jy **Projekte Kabinet** klik, verskyn die **Leser** knoppie . Klik dit om ‘n venster oop te maak waarin jy ‘n Lêer kan kies. Hierdie lêer is waar al jou projekte op jou rekenaar gestoor word.



Parameter	Waarde
Projek kabinet	C:\Users\PC\Documents\MyHeritage\
Wanneer program begin	Maak vorige projek oop
Vertoon openingskerm	Ja
Wys addisionele verwantskap	Ja
Wys My Webplekke bladsy as program begin	Ja
Aktiveer foto log	Nee
Stoor Outomatiese Herstel inligting elke (in minute)	5
Stoor rugsteun outomaties elke (in dae)	7
Stoor rugsteun outomaties nadat verander is (in mense)	10
Hoë-verrigting boom vertoon	Ja
Outomatiese Rekord Vergelyking	Ja
Wys die ID's van die elemente in jou projek	Ja
Wys dekoratiewe afbeeldings in staaf	Ja
Herstel oorspronklike blaaier soek instellings	

Program Begin


Wanneer jy **Wanneer program begin** klik, verskyn 'n aftrek kieslys waarin jy 'n opsie kan kies. Dit stel jou in staat om te kies wat gebeur wanneer Family Tree Builder begin.




Konfigurasie Opsies

Die volgende takke en hul instellings kan in die Opsies venster verander word:

- **Algemeen:** Verander algemene opsies wat die gedrag van Family Tree Builder beïnvloed.



- **Name:** Verander verskeie opsies vir die vertoon van name in jou projek, sowel as hoe om nuwe name vir mense in jou projek te skep en die formaat te stel.




Name

Konfigurasie opsies vir name van individue

Parameter	Waarde
Vertoon mense se name	Voornaam Van (Koos Snyman)
Geen voornaam (leeg)	
Geen van (leeg)	
Geen volle naam (leeg)	Onbekend
Onvertaalde voornaam	[In die ander taal]
Onvertaalde van	[In die ander taal]
Onvertaalde volle naam	[In die ander taal]
Van vir getroude vroue	Getroude van (nooiensvan)
Neem aan eggenote se getroude van is dieselfde as eggenoot se van	Nee
Vertoon van/ne van vroue in Boekverslag soos ingestel	Ja
Wys getroude vanne vir mans	Nee
Wys naam voorvoegsels	Ja
Wys naam agtervoegsels	Ja
Gebruik Spaanse tradisie om vanne van kinders voor te stel	Nee
Vertoon vader se voornaam in kind se naam	Nee
Hoe om die kind se naam te vertoon	Vader voor Kind Va...
Vertoon eggenoot se voornaam in die eggenote se naam	Nee
Hoe om die eggenote se naam te vertoon	Eggenoot voor eggenote ...
Voltooi name outomaties	Ja

- **Vertoon:** Verander verskeie opsies vir die manier hoe Family Tree Builder lyk, soos die kleur, grafika ensovoorts.



Vertoon

Konfigurasie opsies vir hoe om 'n stamboom te vertoon

Tema	Tema vir die stamboom venster
	Herstel standaard waardes
Agtergrond kleur	
Wys ouderdom van mense	Nee
Wys grafsteen simbole	Ja
Wys Joodse Volksmoord simbole	Ja
Wys dood-in-oorlog simbole	Ja
Hoeke	Rond
